

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE



IN HIERDIE UITGAWE

- Rembrandt — H. van der Westhuizen.
Die Feetjies van Frankryk —
Alphonse Daudet.
Die Toring — Joachim van Vollenhoven.
Driekopselland — N. A. Coetzee.
 - Sy Laaste Bede — W. A. Hickey.
 - Die Skrywer en die Waarheid —
Vincent van der Westhuizen.
Claude de Bussy: Die Komponis as Kritikus
— Hannes Uys.
- Gedigte.
Boekbesprekings.

JAARGANG 6 NOMMER 4

DESEMBER 1956

Ontdek mooi Suid-Afrika

—teen 'n paar pennies per myl!

Die luukse bustoere van die Spoorweë se padvervoerdiens is nie net die aangewese manier om 'n vakansie deur te bring nie maar ook die goedkoopste manier om die mooiste dele van ons land te leer ken.

Lank of kort, daar's 'n toer wat u pas—en 'n gerieflike treindiens om u by die naaste aansluitingspunt te bring. Vra om volledige besonderhede by die naaste Spoorwegreisburo of stasiemeester. Die buro is daar om alle reisreëlings te behartig, hetsy per skip, trein, bus, vliegtuig of safarimotor. Daar is 'n buro in elke hoofsentrum. Bring u kamera saam!



PADVERVOERDIENS * TREINDIENS * REISBURO

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Kwartaalblad van die
AFRIKAANSE SKRYWERSKRING



Redakteur: C. M. VAN DEN HEEVER



Letterkundige Adviseurs:

D. F. MALHERBE

H. A. FAGAN

P. C. SCHOONEES

W. A. DE KLERK

M. S. B. KRITZINGER

B. KOK

Administrasie:

PROFESSOR ABEL COETZEE

Posbus 1176 Johannesburg

Intekengeld: 20/- posvry



JAARGANG 6

NOMMER 4 .

DESEMBER—1956



NEERLANDSE
BANK
VAN
SUID-AFRIKA
BEPERK
GEREGISTREERDE
HANDELSBANK

Inhoud

	<i>Bladsy</i>
REMBRANDT, H. van der Westhuizen	5
NA GROENLAND, D. F. Malherbe	9
DIE FEETJIES VAN FRANKRYK, Alphonse Daudet, uit die Frans vertaal deur T. T. Cloete	15
GEDIGTE: Earl Martin	18
P. W. Buys	19
S. J. du Toit	23
A. J. J. Visser	26
J. Bouwer	27
Uys Krige	29
DIE TORING, Joachim van Vollenhoven	31
DRIEKOPSEILAND, N. A. Coetzee	39
SY LAASTE BEDE, W. A. Hickey	52
DIE SKRYWER EN DIE WAARHEID, samespraak deur Vin- cent van der Westhuizen	60
CLAUDE DE BUSSY: DIE KOMPONIS AS KRITIKUS, Hannes Uys	66
DIE DUITSER DAAR OORKANT, G. A. Borgese, uit die Ita- lians vertaal deur T. I. Steenkamp	73
PROSA EN DIE KUNS, André P. Brink	79
BOEKBESPREKINGS	89
KORRESPONDENSIE	93

Foto's: Rembrandt

Jochem van Bruggen

BELANGRIKE NUWE PUBLIKASIES

GERMANICUS — deur N. P. van Wyk Louw

'n Werk vir die fynproewer, vir die persoon wat die mooiste en die beste in die Afrikaanse letterkunde kan waardeer.

17/- posvry

VERGELEGEN — deur D. J. Opperman

Nog 'n drama deur die skrywer van Periandros van Korinthe. Dit is 'n groot werk en almal wat in die drama belang stel, moet dit lees.

16/6 posvry

NUWE STORIES VAN RIVIERPLAAS —

deur Alba Bouwer

Die skryfster se eerste bundel Rivierplaas-verhale was 'n treffer. Die tweede bundel sal nog meer gewild wees.

13/3 posvry

DIE ONVERDEELDE UUR — deur Anna M. Louw

Daar het in die jongste tyd nog nie 'n mooier novelle in Afrikaans verskyn nie.

11/3 posvry

TEEN DIE HELLING — deur Boerneef

'n Mooi bundel sketse en Namakwalandse rympies deur die skrywer van Boplaas, Sketsboek en ander gewilde werke.

10/3 posvry

KOBUS — deur G. H. Franz

Almal wat Moeder Poulin en Rabodutu gelees het, sal ook graag hierdie werk wil aanskaf.

13/3 posvry

DIE REUS VAN DORINGBERG —

deur H. J. Vermaas

Die beroemde afrikanerbees kom in hierdie pragtige verhaal die eerste keer tot sy reg in die Afrikaanse letterkunde.

11/3 posvry

DIE LANG PAD — deur Slawomir Rawicz

'n Afrikaanse uitgawe van The Long Walk, een van die grootste treffers van die jongste tyd.

15/9 posvry

DIE WÊRELD VAN DIE KLEINSTE —

deur Jac. G. Schoonens

'n Uitmuntende boek oor mikrobië. Dit is populêr-wetenskaplik geskryf en is so boeiend soos 'n roman.

10/9 posvry

Almal nuwe uitgawes van

NASIONALE BOEKHANDEL BEPERK

Posbus 119

Posbus 1058

Posbus 9898

Posbus 95

Parow, K.P.

Bloemfontein

Johannesburg

Port Elizabeth

Rembrandt

H. M. VAN DER WESTHUIZEN

Op 15 Julie vanjaar is die driehonderd-en-vyftigste verjaardag van Rembrandt se geboortedag herdenk. Dit pas elke kultuurgemeenskap — in welke beskeie vorm ook al — om mee te doen aan die huldiging van een van die grootste skeppende geeste wat aan die Westerse lewe blywende vorm gegee het. In 'n jong land soos Suid-Afrika, waar die besit aan eie plaaslike kultuurtradisie uiteraard nog beperk is, voel 'n mens soms 'n drang om 'n keertjie saam te spog, wanneer die geleentheid hom voordoen om te wys op erflike nalatenskap wat bedagsame voorouers as geestesbesit aan hulle nasate laat toekom. Rembrandt behoort in hierdie opsig inderdaad ook aan ons: dit maak die Nederlanders nie armer nie; dit verhoog die eer van ons skildergenie nog meer; en dit laat die Afrikaner geestelik soveel ryker voel. 'n Groot deel van sy werk is verrig nog eerdad die eerste vryburgers, waaruit later die begin van 'n nuwe Dietse volk sou groei, hulle op eie hoewe aan die Kaap gevestig het. Die wye wêreld kan Rembrandt as internasionale skilderfiguur toeëien; die Afrikaner verkies om te staan by die volle wete: Rembrandt is van onself; hy bind ons deur sy gees aan die stigters van ons land, sy tydgenootlike medelandslede en eerste vaders van ons nasie.

Die wêreld ken Rembrandt-die-skilder veel beter as Rembrandt-die-mens. Vir wie hom dieper leer ken, val die skilder en die mens nie van elkaar te skei nie.

Harmen van Ryn, 'n welgestelde meulenaar, met sy vrou Neeltgen Willemsdochter van Zuytbrouck, het in Leiden gewoon waar Rembrandt as jongste van vyf seuns, in 1606 gebore is. Sy vader wou hê dat hy geleerde sou word en reeds op veertienjarige leeftyd word hy as student aan die Universiteit van Leiden ingeskryf. 'n Akademiese loopbaan het egter buite sy smaak en aanleg gelê omdat hy skilder wou word. Gelukkig het sy ouers hulle gou met die gedagte versoen en so beland hy dan as leerling in die kuns by Jacob van Swanenburgh in Leiden. Die vordering was goed en in 1623 werk hy ook nog 'n tydjie op die ateljee van Pieter Lastman in Amsterdam ter afronding van sy studie.

Daarna begin sy eintlike loopbaan as selfstandige kunstenaar en vanaf sy twintigste lewensjaar het ons stukke wat

behoorlik deur hom gesinjeer en gedateer is. Die oudste gesinjeerde werk is moontlik sy *Esel van Bileam*, gedateer 1626; en nog verskeie ander vroeë stukke wat Bybelse onderwerpe behandel, val voor 1630. Die eerste sewe jaar na 1623 vestig hy hom in sy geboortestad en lewer in dié tyd genoegsame bewyse van sy geniale aanleg as beeldende kunstenaar. Sy ryke fantasie, welbeheerde soms waagsame tegniek en meer nog die suiwerheid van sy diep menslike gevoel was reeds duidelik. In die presiese en sorgvuldige skildering van sy vroeë tyd, in die vroegrype voorbeelde van sy rake tekeninge en veral etse was hy volksegte Nederlandse realis en het hy nie alleen sy eie verbeeldingswêreld nie, maar ook die aktuele gemeenskapslewe rondom hom vertolk. Hoe en wanneer hy leer ets het, weet ons nie maar reeds sy vroeë etse getuig ten beste van fyn behendigheid om in wit en swart die keurigste skakerings van skaduwee te bereik, met volle speling van daardie geheim-sinnige beligting, wat hom as kunstenaar so eie was; dink maar aan sy *Moeder*, 1628, en sy *Vader*, 1630.

Deur kunshistorici en kritici, veral van Italiaanse kant, is tereg aangetoon hoe sterk die Italiaanse chiaroscuro — die tegniese metode van lig-donker skildering — die Europese barokkuns van die 16de en 17de eeu in die algemeen beïnvloed het. Ook die Nederlandse kuns getuig ten oorevloede daarvan. Opvallend is die inwerking van Caravaggio op sekere Nederlandse skilders; ons dink byvoorbeeld aan die komposisie van sy *Maaltyd te Emmaus* (1606) wat 'n besliste invloed gehad het op latere stukke van Honthorst, Rubens en Rembrandt. Soveel sterker word die aansluiting wanneer ons die ooreenkoms met Caravaggio se chiaroscuro daarin raaksien. Verskeie barokskilders het die lig-donker skildermetode bewus aangewend om deur beligting belangrike elemente in 'n komposisie te beklemtoon en die minder essensiële in gradueel-geordende skaduwees terug te druk. Niemand egter, het die middel met soveel oorspronklikheid, oortuiging en louter artistieke genot weet te ontwikkel vir sy doel as Rembrandt nie. Wie die voorreg gehad het om die groot kunsmusea van Europa te besoek, weet hoe onmiddellik 'n Rembrandt uitgeken word, waar dit ook al hang, juis vanweë die ligwerking daarin. Die lig kom dikwels nie van ôf 'n natuurlike ôf artifiële bron van buite nie, want die lig leef in die verf self en straal as 't ware uit die getekende voorwerp of beskilderde vlak self. Laat ons maar sê, dit is die lig van Rembrandt se eie siel geprojekteer in sy skildery, tekening of ets.

In 1631 verhuis hy na Amsterdam waar hy gewoon en

gewerk het tot aan sy dood op 4 Oktober 1669. Hierdie ou wêreldstad het hom ryklik geleentheid tot hoë geluk en glorie, maar ook tot diepe smart en vernedering, gebied. Hy was by sy aankoms daar reeds 'n gevierde portretskilder en het gou 'n gelukkige werkkring kon opbou — genoeg om te skilder en daarby 'n hele aantal leerlinge onder sy leiding wat hulle rondom hom geskaar het. Sy *Anatomiese Les van Prof. Tulp* (1632) en ander geslaagde portretwerke het spoedig die weg tot groot sukses gebaan. Toe hy in 1634 in die huwelik getree het met Saskia van Uylenburgh, dogter van die burgemeester van Leeuwarden, uit 'n vermoënde en gesiene Friese familie, het hy 'n besondere tydperk van voorspoed, geluk en aansien ingegaan as kunstenaar, al het sy lewe ook persoonlike sorges geken. Van vier kinders het alleen Titus, die jongste, in lewe gebly; nietemin gee portrette van Saskia en homself uit die dertiger jare 'n duidelike beeld van die goeie welstand waarin hulle destyds verkeer het.

Die Rembrandthuis in Jodenbreestraat — in 1907 deur die stad aangekoop en as gedenkhuis ingerig — was 'n deftige woning toe Rembrandt dit in 1639 betrek het. Hier het hy en Saskia 'n waardevolle versameling kunswerke byeen gebring. Hier ook is in 1641 Titus gebore en kort daarna in 1642 Saskia oorlede, juis toe sy *Nagwag* die staat van voltooiing bereik het.

Die *Nagwag* is 'n skutterstuk wat 'n optog voorstel van die korporaalskap van kaptein Frans Banning Cocq en luitenant Willem van Ruytenburch. Hoewel hierdie meesterstuk die mees algemeen hooggewaardeerde skildery in die wêreld is, was dit destyds juis hierdie werk wat hom as skilder in onguns by die publiek gebring het. Moeilike jare van stryd en miskennis volg. Intussen trou hy met Hendrickje Stoffels, eers sy diensmeisie. Sy word 'n goeie sorg vir Titus en later moeder van die skilder se dogter Cornelia. Met toegewyde liefde staan sy Rembrandt by in die moeilike tye. Nietemin gaan sake agteruit en hy soek in stilte troos vir sy gemoed in die behandeling van veral Nuwe Testamentiese onderwerpe. Hy raak dan nog betrokke in hofsake teen die familie van Saskia, verloor die hulp van sy vermoënde ondersteuners en raak dieper in die skuld. In 1656 word hy insolvent verklaar en verloor dan al sy besittings — juis op 'n tydstip toe hy die ryp vrugte van sy artistieke vorming moes begin pluk, trouens, in daardie selfde jaar is sy welbekende stuk, die *Anatomiese Les van Dr. Deyman*, voltooi.

Dan verhuis hy na die Rozengracht waar Titus met die

hulp van Hendrickje 'n kunswinkeltjie geopen het; en hierdie twee persone word dan die vernaamste onderwerpe van sy portretkuns, die voorwerpe van sy gewyde liefde, die bron van sy inspirasie. In 1657 skilder hy *Die Kunstenaar se Seun, Titus* (nou in 'n Londense versameling); in 1660 volg *Titus van Ryn* (tans in die Louvre) asook *Titus as Franciskaner-monnik* (tans in die Ryksmuseum) almal beroemde meesterstukke. Laasgenoemde stuk was in 1952 geleen vir die Johannesburgse Van Riebeeck-feesuitstalling en sal nog lank deur Suid-Afrika onthou word. Terloops, dit is 'n stuk in kleiner formaat wat ons ten opsigte van kleur, komposisie en stemming sterk herinner aan die pragtige *Lesende Monnik* van groter formaat in 1661 deur hom geskilder en nou in die Ateneum-Kunsgalery, Helsinki, te sien; en beslis een van die beste Rembrandts buite Nederland. Sy mooi *Hendrickje Stoffels*, dateer uit 1660. Hy bereik in die jare 'n baie hoë punt in sy kuns. In dieselfde jaar skilder hy *Die Verloëning van Petrus*; in die volgende jaar het ons *Die Staalmeesters* en in 1665 *Die Joodse Bruidjie*. Intussen kom ook 'n aantal interessante selfportrette en stukke met Bybelse motiewe tot stand. Al hierdie stukke getuig sprekend van die psigologiese indringing in die mens, van meesterlike kennis van die menslike fisiek, van 'n gewaagde styl vol beeldende seggenskrag, ryke kleur en misterieuse ligwerking.

Maar die groot lewensgeluk was teen hom gekeer. In 1663 is Hendrickje hom ook ontval en toe Titus in 1668 dood is, was Rembrandt verslae en gebroke. In armoede gekluister, het hy eenvoudig begin wegwyn voor die striemende slae; en misken deur baie van sy tydgenote was hy teleurgestel in die lewe.

Op 4 Oktober 1669 het die uur van oorgang gekom, tewens die oomblik van sy verlossing.

Hoe het sy figuur in eer en aansien sedertdien nie gegroei nie? Die vrye enkeling wat verkies het om selde sy knie te buig vir mense, om homself as kunstenaar uit te druk op enig-eie wyse; die koppige Noord-Hollander wat altyd presies geweet het wat hy wou, en in sy stryd met die lewe sy kruis meestal diep eensaam getors het — dit was hy; maar gelukkig ook die gelowige mens wat in donker oomblikke tog met liefde en insig sy medemens geestelik deurskou het, en dan langs die strale van 'n Verborgte Lig telkens weer tot nuwe vryheid uitgestyg het. Aan hom, ons voorvaderlike stamgenoot, bring ook Suid-Afrika hulde tot sy nagedagtenis: Rembrandt, die merkwaardigste Profete onder die Profete op sy eie gebied.

D. F. Malherbe

NA GROENLAND

*Na wesland, wesland — spoed is skraal;
die blinkstertyshaai swem om buit;
tam lyfgewrigte moet betaal,
en roeiers se geloof is uit.*

*Land vorentoe! die somersee
is dae lank 'n vloer van glas;
die Noorman-langskip dertig tree
dra Noorman Erik skuldbelas.*

*Eendag het hy met swaar hand oor
'n klein geskil getref 'n man
en dodelik en pleit verloor:
hy word van vaderegrond verban.*

*Die roeiers rus, die lyf vermoei,
die skip het weke oopgekiel;
die lug het op sy eier gebroei,
vuurrooi versonke wêreldsiel.*

*Die weste aandglim, Erik staar;
sy oog is soos die kraai s'n wat
'n doicwe stippie kan gewaar
as hy die kim op haarbreed vat.*

*Rooi Erik staar, hy is gekwel;
die kraaie weet, hy het misdaan;
hy kan hul nie tevrede stel;
hul krek al op sy hakke aan.*

*Die skeeloogrocier op die skip,
wat sy gedagte skaars ontwyk,
met die vermetel onderlip,
die oog wat snags sy siel bekyk...*

*Dis Gunarson se sterfverwyd
wat uit die boegskuim en die blou,
'n ding verdubbel, groot-oop, wyd,
sy ure slaaf maak van berou*

*en fladder van die vrees, 'n seer
wat brand en klop en hy moes dra
van Yslandskus af en al meer
met skimme van die twyfel pla:*

*of menslik-moontlik is die taak
en of daar wel 'n wesland is,
of Gunarson se oog sal maak
die dorsdood sonder heugenis...*

*Maar ou geloof kruip in hom op,
skud wakker sy verdwaalde brein
wat warmte in sy slape klop—
die dag het langsaam doodgekwyn...*

*Hy sal hom wreek op die gereg,
daar moet land in die weste wees;
ou fabels deur sy brein gevleg
flitslig in sy gekwelde gees.*

*Land vorentoe! die kiel die rus
een vadem diep, voet meer of twee;
die skip lê stil soos weslandkus,
veel verder as die vuurwit see.*

*Land vorentoe! die skip lê stil,
die roeiers dobbel pret byeen;
net 'n geharde Noormanwil
kan pad slaan na 'n wesland heen.*

*Land vorentoe! geloof en wens,
en elke haaivis swem om buit;
die langskip ook en elke mens
soek land, allenig in sy skuit.*

*Die nag drapeer sy groenwit band,
die asem van die wind is dood;
van swets en twis hier binnekant
rek monde van die roeiers groot.*

*„Heer, waar's die land? Dis weke al?”
droef angsgedrewe dienaartaal
„Daar waar die groengeel sekel val!”
„Drinkwater word gevaarlik skraal!”*

*„Gees van 'n slaaf, wyk weg van my!
Die kraaie is onstuimig, hoor!
Hul ruik die land, weet meer as jy;
leer wysheid van die djer, domoor!”*

*Die manne het gemurmureer:
„Net roei! Net roei! 'n Dooie see!”
Hy het die riem gegryp, gesweer:
„Land vorentoe!” so 't hy geskree*

*sy wagwoord oor die gladde vloer
dat voor sy stem uit rimpels gaan:
en nooit was hul so saamgesnoer
in suiwer vlerkslag van die spaan.*

*Rooi Erik droom: hy sien 'n baai
met rotse, seeleus, waterbron;
uit banke spruit 'n groen gewaai,
hoog gletser berge in die son.*

*En mense, half gedierte, kruip,
val voor hom of hy 'n god is, neer;
hy sien groen slange uit skeure sluip,
orent kom, buig om hom te eer.*

*As hy ontwaak, van dors gewek,
dan weet hy, fabeldrome speel
met hom; maar glo hy sal ontdek
sy wesland, halwe wêrelddeel.*

*Land vorentoe! geloof en wens,
en elke haavis swem om buit;
die langskip ook, en elke mens
soek land, allenig in sy skuit.*

*En weer 'n dag soos gister was;
hy's vloergelyk, die somersee;
die skip is dubbel swaar belas;
die skuld van Erik sleep hy mee.*

*'n Swart balk op die oseaan,
waarvan die neus g'n skuimpie spuit;
in ghonnelgate brand die spaan,
die treë van die langskip stuit.*

*Hy kommandeer, die roeiers swoeg,
maar Skeeloog gryp sy sielsrus aan:
o Gunarson, dit maak so moeg,
jy het my hart met vrees geslaan.*

*Die maan se horingpunte sink
nou aand vir aand groengeel in see,
maar o! sy rug, die oog se blink,
dis Gunarson se sterwenswee!*

*Die grens van die benoude kring
wou hy op wye see oorskry,
maar op die skip hou 'n bose ding
die kielbalk teë in sy sny...*

*Die wind se vlerke is toegevou,
droom in sy huis van 'n dooie see;
die onraad op die skip weerhou
die wind dat hy sy vlerke gee...*

*Die oog verwyt uit mas en ra,
die oog bly strak in lug en see:
die Skeeloog moet verdrink sodra
die nag uit Odinshalle tree...*

*En weer 'n nag en dors se brand
in kele wat die slaap verjaag.
„Net nog vannag, 'n westerstrand
maak môre stom jul weegeklaag.”*

*Party skud koppe. „Sê tog, waar,
o waar die sekerheid vandaan?”
„Die kraaie het dit pront verklaar,
hul sien die kommerwolk vergaan.”*

*Vertroude man neem hy opsy.
„Die Skeeloog moet see in vannag;
nie verder saam met onheil ry!
Dis daarom dat die windgod wag.”*

*Rooi Erik gaan met gode om:
sy woord is wet, hoe swaar ook al,
en voor die nanagsterre kom,
het daar 'n man oorboord geval.*

*'n Môrebries die dag daarna.
„Die seile uitgespan!” Sy woord
is vuurvonk wat g'n talm verdra
maar brand in wakker dade voort.*

*Land toe! Land toe! sang van sy hart:
die windgod blaas sy wense op
soos seile wat die verte tart
en bo die skuim se spoor galop.*

*Die golwe groei, die langskip sny
'n eeu se droomspoor oop na land
wat agter wit vuur nog vergly
tot horisonne staan in brand.*

*Die son het suiderhoog geklim;
die skip se skaduwee versmelt;
Erik se oog bly op die kim
waar niks sy lang geduld vergeld.*

*Die langskip sny, die seile sing,
maar ag! sy tong is vasgelym;
droom-sien van waterbronne bring
net duisel om van te beswym.*

*Swakheid van dors net — Erik, nee!
want kyk hoe jubel Odinswind!
Gees van die blougroen vonkelsee,
vonk groen-groen in 'n Noormankind!*

*Die kraaie het verwild gekrek;
hul het sy towerspreuk verstaan,
is wesland toe met swart gestrek
van vlerke, oor die oseaan.*

*Hul moet terugkom voor die see
hom verf met aandblou voor die wind,
want Odin het hul ingegee
die wete wat g'n mens ooit vind.*

*Of anders het hul aangeland
met hunker van die Noormansiel,
bedri vir skulp-bestrooide strand:
al op hul windspoor ploeg die kiel.*

*Land vorentoe! geloof en wens,
en elke haaivis swem om buit;
die langskip ook, en elke mens
soek land, allenig in sy skuit.*

*Nou fladder uit die windruk aan
die ou vrees weer, die skeeloogskim:
dis nie 'n ding om af te slaan,
al voor hom op die westerkim...*

*Hy weet te laat, weet al te goed:
op see of land moet hy dit dra,
die ding swem in sy brein en bloed
en onrus in sy nagdroom na...*

*Sy oog is glas, lip bruin soos leer;
die son droom suid, soek vroeë bed;
verniet Noorman se vloek en sweer:
net wesland, wesland kan hul red.*

*Alleen, met al sy leed gedwing
dat hy homself met vrees ommuur
en sy geheime binnekring
vir hulle sluit van uur tot uur,*

*maak of hy seker kennis dra
van die ongesiene, bly maar mens
wat self in mis van kommer vra,
'n dwaalding van geloof en wens...*

*Allenig hy, die maan gelyk
wat eensaam blind val in die see;
allenig hy met nooit 'n blyk
van twyfel wat sy siel van skree...*

*Allenig tussen ander hy,
dors skuimspat om die wakker kiel;
geen brug wat na 'n ander lei,
eensame rots, dorsland sy siel...*

*Geen tong roer by die dobbelsteen.
Rooi Erik loer gedurig, loom,
maar skielik voor die sneb, alleen,
gewaar hy glanse van sy droom.*

*Hy knip sy oë en vryf, vermoei,
en waarlik: bo die einderlyn
is daar aan gletser . . . gletser . . . groei
top van sy wesland, Walholl-rein!*

*Hy lê al plat by die waterbron,
'n dubbel dors brand in sy keel;
o, nimmer was landhorison
so onverganklik ingebeel!*

*Hy kan nie roep nie, tong versteen;
net sy gedagte stap nog aan:
gee vlerke, Odin, o, daarheen
waar watersilwer dors verslaan!*

*Die manne is loom, hul swets vergaan;
Rooi Erik maak gerug en wys . . .
Die manne van blydschap aangedaan,
half waggel, stamel: „Erik . . . wys!”*

*Die laaste grein van sorg is uit:
hul sien die wesland helder rys,
en voor die dag sy vensters sluit,
is reeds voltooi die Noormanreis.*

*Nou, soos 'n Noordse piek besneeu,
staan Erik stralend op die strand:
'n halfgod maak die fabeleu
se poort oop vir die vaderland,*

*maar weet wat in sy diepte woel:
nie te ontvlug nie wat hy sien,
en dat g'n waters weg kan spoel
sy skuld met roem en al verdien.*

*En kraaie seek hul tuiste weer
op dek waar gulle hand hul voed,
en met 'n kra-a-krek sak hul neer
dat Erik sy swart kinders groet.*

*En Groenland is die land se naam,
omdat jong groen die kus beklee;
Rooi Erik eerste, lui sy faam,
wat deurwaag oor die westersee.*

Die Feetjies Van Frankryk

ALPHONSE DAUDET

(Uit die Frans vertaal deur T. T. Cloete)

„Beskuldigde, staan op,” sê die regter.

Daar kom beweging onder die afsigtelike brandstigters; iets wanstaltigs en bewerigs gaan leun teen die beskuldigdebank, 'n versameling vodde en gate, toiings en toutjies, ou blomme, ou vere, daarbo 'n arme gesig, verwelk, verbruin, geplooi, gekraak, en die boosaardigheid van twee klein swart ogies glinster tussen die plooië soos 'n geitjie in die bars van 'n ou muur.

„Wat is u naam?” vra die regter.

„Mélusine.”

„Het u gesê . . . ?”

Sy herhaal nadruklik: „Mélusine.”

Onder sy groot snor glimlag die regter, maar dan gaan hy voort sonder om 'n oog te knip.

„Hoe oud is u?”

„Ek het al vergeet.”

„U beroep?”

„Ek is 'n feetjie.”

Die toehoorders, die advokaat, die kommissaris van polisie self, almal bars ineens uit van die lag; maar dit bring haar glad nie van stryk nie, en met haar helder en bewende stemmetjie wat hoog in die saal opstyg en daar bly sweef soos 'n stem uit 'n droom, hervat die ou vrouwtjie:

„Ag! die feetjies van Frankryk, wat het van hulle geword? Almal dood, my liewe menere. Ek is die laaste; slegs ek het nog oorgebly . . . Regtig, dit is jammer, want Frankryk was baie mooier toe dit nog feetjies gehad het. Ons was die poësie van die land, die geloof, die reinheid, die jonkheid daarvan. Al die plekke waar ons rondgedwaal het: die digte bosse, die klippe by die fonteine, die torinkies van ou kastele, die poele met hulle newels, die groot moerassige gebiede het van ons teenwoordigheid ek weet nie watter betowering en veredeling ontvang nie. In toweragtig heldere sprokies is met ons kennis gemaak, in ons rokkies sowat oral in die maanlig, hardlopende oor die weilande op die toppies van die gras. Die boere het ons liefgehad en ons vereer.

In die naïewe verbeelding het ons met pêrels bekroonde voorhoofde, ons towerroedes, ons betowerende spinrokke 'n

bietjie vrees by die verering gemeng. Daarom het die bronne waar ons huisgehou het, rein gebly. Die ploëë het omgedraai by die velde waar ons gewoon het; en omdat ons respek ingeboesem het vir alles wat oud is, ons, die alleroudstes van die wêreld, daarom het hulle van die een einde van Frankryk tot die ander die bosse ongeskonde laat groei en die berge uit eie beweging laat neerstort.

„Maar die tye het verander. Die spoorweë het gekom. Daar is tunnels gegrawe, die poele is toegegooi, en soveel bome is afgekop dat ons spoedig nie meer geweet het waar om huis te hou nie. Die boere het al minder aan ons begin glo. Snags, as ons aan sy venster klop, het Robin gaan sê: „Dis die wind,” en weer ingeslaap. Die vroue het hulle wasgoed in ons poele gaan was. Van toe af was dit uit met ons. Omdat ons slegs in die volksgeloof kan leef, het ons, toe ons dít verloor het, alles verloor. Ons towerroedes het kragteloos geword, en waar ons eertyds magtige vorstinne was, het ons nou ou vroue geword, geplooi, boosaardig soos feetjies word as mens hulle vergeet; met dit alles het ons broodwinning verlore gegaan en ons hande het nie meer geweet wat om te doen nie. ’n Tyd lank het hulle ons nog in die bosse teengekom waar ons vragte dooie hout dra of waar ons kos langs die pad soek. Maar die boswagters het ons ru behandel, die boere het ons met klippe gegooi. Toe, soos die armes wat nie meer weet hoe om hulle kos te verdien op die platteland nie, het ons in die groot stede gaan werk.

Sommiges van ons het by die spinfabrieke gaan werk. Ander weer het in die winter appels gaan verkoop, by die brûe, of rosekranse by die kerkdeure. Ons het lemoenkarretjies voor ons gaan stoot, ons het aan die verbygangers ruikers vir ’n oulap gehou, wat niemand egter wou gehad het nie, en die kinders het ons rukkende kenne bespot, en die polisie het ons verjaag, en die busse het ons omgery. Siekte, ontberings, ’n armehuiskappie op die kop . . . Siedaar hoe Frankryk al sy feetjies laat sterf het. Sy is daarvoor deeglik gestraf!

„Ja, ja, lag maar, beste menere. Maar ons het so pas gesien wat daarvan kom as ’n land nie meer feetjies het nie. Ons het gesien hoe al dié uitgevrete en grynsende boere hulle meelkiste vir die Pruisiese vyand oopmaak en vir hulle die weg aanwys. Siedaar! Robin het nie meer geglo aan towery nie; maar nog minder het hy meer geglo aan die vaderland . . . Ai my! as óns nog maar daar was, sou van al dié Duitsers wat Frankryk binnegekóm het nie een meer lewendig daaruit gegaan het nie. Ons dwaalligte sou



Rembrandt

hulle in modderpoele gelei het. In die suiwer poele wat ons name gedra het, sou ons betowerde brousel gemeng het wat hulle gek sou gemaak het; en in ons samekomste, in die maanlig, sou ons met een towerspreuk so goed die weë verwar het, die riviere, die braamstruik, die kreupelbosse, daardie binneste van die bosse waar hulle altyd gaan wegkruip het, dat die klein katogies van De Molke nooit weer sy weg daaruit terug sou gevind het nie. Die boere sou saam met ons opgeruk het. Van die groot blomme van ons poele sou ons balsem gemaak het vir die wonde, die Seun van die Maagd sou ons van wondlinne voorsien het; en op die slagveld sou die sterwende soldaat die fee van sy streek oor sy halfgeslote oë sien buig het om hom 'n hoekie van 'n bos, die draai van 'n pad te wys, iets wat sy geboortestreek by hom in die herinnering sou roep. Só word 'n nasionale oorlog gevoer, 'n heilige oorlog. Maar helaas! In dié land waar geen geloof meer is nie, in dié land wat geen feë meer het nie, is só 'n oorlog nie moontlik nie."

Hier het die spigtige stemmetjie 'n oomblik stilgebly en die regter het die woord geneem:

„Dit alles sê nog nie vir ons wat u met die brandstof gemaak het wat by u gevind is toe die soldate u gevang het nie."

„Ek het Parys aan die brand gestee, my liewe meneer," het die ou vroujie doodbedaard geantwoord. „Ek het Parys aan die brand gestee, want ek haat hom, want hy lag vir alles, want dis hý wat ons doodgemaak het. Dis Parys wat die geleerdes gestuur het om ons wonderbare poele te ondersoek en noukeurig te sê wat dit aan yster en swael bevat. Parys het ons bespot in sy teaters. Ons betoweringe het daar kunsgrepe geword, ons wonders het daar vermaaklikheid geword, en ons het soveel gemene gesigte in ons rooskleurige klere daar sien optree, in ons gevlerkte waens, te midde van kunsmatige maanlig van Bengaalse vuur, dat 'n mens nie meer aan ons kan dink sonder om te lag nie . . . Daar was eens klein kindertjies wat ons by die naam geken het, ons liefgehad het, 'n bietjie vrees vir ons gehad het; maar in plaas van die mooi goue prentjiesboeke, waarin hulle ons geskiedenis geleer het, het Parys nou die wetenskap in die hande van die kinders gaan stel, groot ou boeke waaruit die verveling opstyg soos 'n gryse stof wat in die klein ogies ons betowerde paleise en magiese spieëls uitwis . . .

„O ja! Ek was bly om hom te sien vlam, U Parys . . . Dis ék wat die blikke vol brandstof gemaak het en ek het hulle self na die geskikte plekke gebring: „Gaan, my kinders, verbrand alles, verbrand, verbrand . . . !”

„Dié ou vrou is beslis gek,” het die regter gesê. „Vat haar weg.”

Earl Martin

NOCTURNE

*Snags van my balkonbed,
in twee-twee is jy en ek
sterre bo Bloemfontein;
wit en weg in die bestek*

*bó die besonne ondermaanse.
Verhemel, sonder wet,
dié stukkie ewigheid
Vér bo my bed.*

VERRIGTING

*Saterdagmore.
Twee kleintjies op straat.*

*Vier bande brand
in skarnierskrei (te laat).*

*'n Saketransaksie . . .
wat staan jy en tjank?*

*God se klein opvraging
by Sy bank.*

ONTHOU JY GISTERNAG?

*Onthou jy gisternag die sterre, skat,
wat sommer aan ons venster kom klop het?
Teen jou rug het ek met my vinger geskryf
jou naam, 'n koppelteken en die woordjie „lief.”
Ek was getref deur dié teer verbinding.*

*Ons het toe ingesluimer en geslaap
tot jy in my armkring geroer het
en nader aan my asemhaal,
jou oë ooggemaak het naby
aan diamante, aan die sterre.*

*Wel, skat, daar's niks nou van jy weg is;
die venster het donker alkant.*

P. W. Buys

BELEWENIS

*Toe het dit stil geword; alleen
'n syhalm het nog blink getril
in silwerspel van wind en lig
en toe half-aarselend verstil.*

*En in die windstil oomblik het
— in tere middaglig gevang —
'n herfsdraad bo die najaarsgras
fynglansend in die lug gehang.*

*En voorheen nooit so weerloos, was
in kosbare belewenis
my hart meteen bewus dat U,
o Heer, hier eindloos naby is.*

IN DIE HOSPITAAL

*Ek het 'n vrou besoek; haar kleur was geel
soos perkament, haar oë dof en vaal.
Dis maande sedert sy haar huis verruil
het vir 'n plekkie in die kankersaal.*

*Ek het vir haar geles, gebed en iets
oor dood en ewigheid gesuggereer.
Sy het haar oë smekend opgeslaan:
Ek wil, sê sy, so graag nog lééf, meneer!*

INKEER

*Ek skuif oplaas die swaar gordyne dig
en keer weldadig by my leeslamp in.
Nou kan ek rustig in die skemerlig
vir laas oor die gedane dag besin.*

*Die heeldag lank was my gedagtes al
'n skaaptrop wat verstrooi is oor die kaal,
bleek winterveld. Maar nou dit aand is, sal
hul inkeer na die rusplek in die kraal.*

*En ek hoef net maar in die lampligkring
te wag, soos by die laaste awendrooi
die wagter oor sy kraalhek peins, dan bring
die stilte self my skape na hul kooi.*

*En eindlik as die silwernag begin,
oor my gedagtekerf die aandster blink,
dan keer ekself ook na my bed om in
die slaap se soet vergetelheid te sink.*

WINTERBOME

*Hul was voor hierdie teer gety
nog nooit so nugter en so naak,
en nooit so weerloos teen die pyn
wat elke oomblik in hul waak.*

*Hul het gekenter deur veel leed
— hoe deer die lotsgelykenis! —
tot hierdie teer en stil bestaan
wat enkel pyn en hunkering is.*

*Want al die weelde het willoos
in sluimering gesink — alleen
die silwer windsel van die lig
is om die windstil twyé heen.*

*Soos hul het U my stil laat word;
gee ook aan my, o Heer, die krag
om op die ver herryse
soos hul in stil geduld te wag.*

MY PLAAS SE GRENS

*Die tolbos het Augustusmaand
my plaas se heinings toegewai,
en in die grensdraad het die wind
die bondels waaigras vasgedraai.*

*Daarna het uit my akkerland,
soos in die groot depressiejaar,
die stuifsand teen die doringdraad
in bloedrooi duine opgegaan.*

*En magteloos moes ek aanskou
hoedat die afgemete lyn
wat ek gespan het, in die graf
van wind en waaisand wegverdwyn.*

*Nou het ek in die woesteny
geen baken of beduidenis,
geen sekerheid, want elke grens
is deur die waaisand uitgewis!*

GEDIGTE

*Gedigte is gebede om
die durende behoudenis
van elke mooi belewenis
wat in die hart gelouter is;*

*misterie van die kosbre vonds
van woorde lig en transparant
waarin die hart se donker gloed
soos smeulvuur in juwele brand.*

*Gedigte is verduursaamde —
dit is die diep geheimenis
van hul bestaan — gedigte is
verduursaamde belewenis!*

BY TOTIUS IN DIE KLAS

*'n Ou-ou staaltjie, anekdote uit
die republiek se dae of die tyd
toe hy in Holland was — so het altyd
die les begin, en ons het meesal uit
meelye saamgelag. Daarna ontsluit
hy met die sleutel van sy woord die tyd
se grense en voer ons na die ewigheid
bo die heelal se sterwit ruimtes uit.
En voor die poorte van geen raaisel stuit
hy in sy hoë vlug nie of altyd
herlei sy gees dit na die Godsbesluit.
En eindlik as die meul se skorre fluit
om eenuur blaas vir rus- en etenstyd,
het hy sy oë in gebed gesluit.*

MOTIEF

*Geteken in die swart, gebroke grein
van marmerklip, gedege en massief,
het hy in die verweerde rotsrelief
bespeur die stroewe, onvoltooide lyn
van 'n gesig, verwronge van die pyn.
En hy het oor die donker smartgelaat
wat uit die klip gedurig met hom praat,
sorgvuldig nagedink, en in die fyn-
deuraarde groef het hy vir daardie pyn
oplaas 'n naam gevind. Die fel motief
wat hy sal kap langs die verwronge lyn
wat uit die marmerklip hom teëskyn,
dié sal hy noem: die hoogste offerdaad,
of: vrou wat sterwe in haar barensbyn!*

AMELITA GALLI-CURCI

By haar vertolking van Chanson Solvejg, Grieg.

*Die stilte wat die heeldag aangedring
het op my hart, het soos 'n groot gebou
om my getuimel en uiteengespring
in goue klanke toe jou lied ontvou;
jou stem het in die nag se donker kring
weemoedig opgestyg en bo die blou-
wit branders van orkesmusiek gesing.
By elke wending van die see het jou
gemoduleerde stem getrou gehou,
soms raaklings oor die golwe heengespring.
En toe jy skielik snikkend opgehou
het — wás dit die stilte, of was dit jou
mistieke stem se na-herinnering
wat my oorstelp het en my toegevou?*

VERWAGTING

Aan my vrou.

*Noudat die tyd vervul word, merk ek soms
hoedat jou oë donker word en stil
en hoe jy telkens moeg en sonder wil
jou hande vou; en ek vermoed die koms
van daardie nag vol namelose vrees
waarop jy soveel maande lank al wag,
laat jou reeds noual bid om moed en krag
om uit te hou tot dit verby sal wees.
Maar in jou oë, starend-wyd en stil,
sien ek die blydskap teer en vlugtig blink
soos water in die sonlig; en ek dink
dis dan dat in jou skoot die lewe tril
— die eerste roersele, aarselend nog en sag
wat self geduldig op die groot uur wag.*

S. J. du Toit

AAN QUINTIUS HIRPINIUS

(Horatius)

In 26 of 25 voor Chr. gedig.

*Wat krygsbelus Cantabriërs¹ sin
of Scyte², Quintius, laat dit staan;
— breed golf die Hadria³ tussen-in —
en dink met kommer nimmer aan*

*die lewe wat so weinig vra.
Terug kruip rimpellose jeug
en grasie, grysheid dor verja
speels minnespel en slaap se vreug.*

*Nie altyd toon die lentebloom
een prag, of blink rosrooi die maan;
nie altyd laat, te groot vir hom,
jou blik langs ewighede gaan.*

*Kom laat ons, onder denne hier
of hoë sikamoer gestrek,
dan drink, ons hare, grys, versier
met rose wat hul geurend dek,*

*gesalf met nardus. Euius⁴
verstrooi knaagsorge. Watter seun
gaan gou Falernums vuurwyn blus
Waar ginds die bekie murmelkreun?*

*Wie haal skelm Lydé vir ons gou,
sy met haar luit, die skaamsku kind,
net soos 'n jong Spartaanse vrou
met haarbol netjies saamgebind?*

1. Stam in N. Spanje, in 29 v.Chr. deur Augustus verslaan.

2. Nomadestamme noord van die Donou.

3. Adriatiese See.

4. Bacchus.

AAN POMPEIUS VARUS

(Horatius)

*Jy wat met my benoudheidsuur moes dug
so vaak, toe Brutus veldheer was, o wie
gee jou, nie meer krygsballing nie,
aan huis en land terug,*

*Pompeius, beste van die makers wat
help kort het vaak die trae dag met wyn —
bekrans het my hare blink geskyn,
Van Siriese nardus nat.*

*Met jou het 'k weed ontgeld Philippis stryd¹ —
oneerbaar sonder skild, die blinde vlug,
toe, moed-op, helde strydedug
snoed in die stof moes byt.*

*Snel deur die vyand het Mercurius² my
gevoer, nog bewend, deur dik mis bedek,
jou het die golf weer teruggetrek
in oorlogs stormgety³.*

*Gou nou aan Jupiter jou skuld betaal,
dié fees, en strek strydmoege jou lewe waar
my lourierskadu lok, en spaar
geen kruik — dis jou onthaal.*

*Vul bekere blink met wyn, dryf sorge weg,
uit wye skulpe giet geurbalsem klaar.
Wie sal gou 'n krans van mirteblaar
of petersielie vleg?*

*Vir wie gaan Venus⁴ as feesregter eer?
Soos Thrasiërs⁵ waansinwild wil ek ravot!
Uitbundigheid word rein genot:
my vriend is teruggekeer!*

1. Slag by Philippie in 42 v.Chr.
2. Uitvinder van die leer en beskermgod van die digters.
3. Pompeius Varus het na Philippi verder aan die stryd deelgeneem en eers na lange dienstryd in Italië teruggekeer.
4. D.w.s. die Venusworp, wanneer die vier dobbelstene met die beste nommers I, III, IV en VI bo lê.
5. Berug om hulle woeste drinkgelae.

AAN MAECENAS

(Horatius)

Oorloë om Numantia¹ soveel jare,
streng Hannibal, en, rooi van Punies bloed,
die Sikul-see, dit pas nie by die snare
van sagte siters soet,

Nog woeste Lapith² en, van wyn beskonke,
Hylaeus³, of, deur Herkules gevel,
die Aarde-kroos⁴ voor wie die glansverdronke
Huis van Saturnus snel

van skrik moes skud, aloue hemelwonings.
In prosaskrif skryf liewers jy, Maeceen,
van Caesars slae en, aan kettings, konings
gelei deur Rome heen.

My laat die Muse loof Licymnia⁵ singend,
haar soete stem, en prys die hoë vrou,
haar oë stralend, en, haar hart ontspringend,
weersydse liefde en trou,

sy wat met grasie voortree in die danse,
meeding in skerts, en spelend arms slaan
om meisies van Diana, wuf soos glanse
op die feesdag van Diaan.

Sou jy 'n haar van lief Licymnia feil hê
vir Mygdon⁶ en ryk Frigië se skat,
Achaemenes⁷ se oorvloed wil in ruil hê,
gans Skeba⁸ daarvoor vat,

as sy met nek gebuig jou kus nie weer nie,
of liefies-wreed jou weier wat jy vra,
en dink: „Waarom nie gryp wat jy begeer nie,”
of self grypsoentjies wa?

1. Numantynse oorlog (143-133 v.Chr.)

2. Stryd tussen die Centaure en Lopithae, dikwels besing.

3. 'n Centaur, deur Theuseus gedood.

4. Gigante.

5. Waarskynlik Terentia, die vrou van Maecenas.

6. Frigiese koning.

7. Mitiese voorvader van die Penaiese konings, tipe van groot rykdom.

8. Arabië.

A. J. J. Visser

AKROBAAT

*Die smart wat in my oopbol soos 'n tent,
dien vir nuuskieriges as lavement.*

*Ek ry 'n trippel ponie van verdriet
maar lag ha-ha na elke ster wat skiet.*

*Die messe van verraad mag ek nie vrees;
vir tier of leeu nie skrik, of sterflik wees.*

*Ek word van al wat menslik is, beroof,
maar klim weer teen die taai tou van geloof.*

WEDERKOMS?

*Ek wag. Sal U ooit weer
na hierdie aarde kom
of het U U oë afgekeer
van die dowwe pit, steriele blom?*

*Oral het ek na U gesoek,
maar kon net onrus vind
in perkament en flenter boek;
by grysaard, vader, moeder en kind.*

*Die spel het koors geword,
en kindersbaar 'n vrees.
Verantwoordelikheid word maar opgeskort
en onreg is reg aan weduwee en wees.*

*Ek sien 'n hand die molekule skeur
en atome korrel uit die tros.
Is dit U? Ruk U koms die stratosfeer
uit die gordel van sy melkweg los?*

OU TAGTIGER

*Jy het die goue woorde om jou vasgeheg
tot 'n kokon waarin jou stem net fel en rou
geëggo het: vermoeide dier wat in sy kou
tot in die laaste oomblik vir sy vryheid veg.*

*Maar hierdie sirkel van die tyd wat jy wil breek
moet al wat droom deurleef: Die wegvlug van die grot
waar jy 'n larwe was, langs eiers van 'n mot
na ruspes wat hul op die brein se hoogmoed wreek.*

FOON

*Die dun en koue draad is styf getrek
langs senupunte wat uit dikvleis swel.
En snags word my sentrale — brein — gewek
deur klokke wat aanhoudend, dringend skel.*

*Ek antwoord radeloos, maar weet dat daar
geen boodskap is wat deur my lyf katrol:
Dis hol-donker en die vrees wat paar
en rink'lend van my kop tot tone hol.*

DANTE EN BEATRICE

*Die tydsduur tussen kom en gaan so kort
dat niemand of kon lag of trane stort.
Maar daardie oomblik het tog onbewus
Hemel, Vaevuur en Hel vir hul geword.*

JONG WEDUWEE

*Op die aand tussen Ou- en Nuwejaar,
kyk sy nie na vore, maar om:
Terwyl kinders met vuurwerk baljaar,
staan haar verdriet nog geil in die blom.*

J. Bouwer

DIGTER

*Met woorde wat geslyp en heerlik is,
splyt hy geslote skulpe oop en vis
die sierlike en haelwit pêrel uit
die lig-in-donkerte se somber nis.*

GIFTIGE NASTERGAL

*Grys engel uit die skadudal
gecamoufleer en uitgestal
in bessies van die bittersoet
koraalrooi trossies nastergal!*

STAD

*As Windhoek saans haar gladde en sjarmante
buiging maak met neon-diamante,
verlang ek na die boggels en die rooi
aahwynbelle van haar skurwe rante.*

DIE KLEIN GEBED

*'n Wêreld worstel om hom sêlf te red
uit grepe van die chaos, maar U let
verby ons jammerlike pogings op
die skamel woorde van die klein gebed.*

WINTERSON

*Die son skiet deur my vensterruit 'n streep
geel lig wat stofblink deur die koelte keep,
en spil ál oor die kat wat rustig spin
en deur my klein verdriet 'n goue reep.*

VROEE LENTE

*Ek sien jong grassies uit ou polle pyp,
maar weet dan skielik en beangs hoe ryp
met kouwit sekels soms ontydig hom
aan malse groenigheidjies kan vergryp.*

DWARREL

*Hy 't skielik êrens opgespring
en draaitol oor die werf en gier
ál op 'n vuilgoedhoop en skep
'n handvol ou koerantpapier.*

*Hy fluit sy lied op sy trompet
wat uit die vaal stof boontoe tuit...
so dans en dribbel hy en jool
uiteindelik sy glorie uit.*

*Van al die vrolikheid bly net
nog flarde van sy vuil trompet,
en enkele stukkies wit papier
wat soos ou skepies sommermaar
op oewerlose waters vaar.*

REËN IN DIE NAG

*Ek het die nanag stil geluister
hoe al die druppels stroompies word,
en al die stroompies oor die dak
verby die geut se uitloop stort.*

*En met die nadreun toe die reën
nog enkele silwer korrels wan,
meng drome met die borrellied
van paddas by die swarthaakpan.*

AFSPRAAK

*Hy slenter onder neonligte
tussen bekende-vreemd gesigte*

*totdat hy eenkant teen 'n paal
waaruit 'n eenoog liggie straal,*

*gaan leun, en almal glip en gly
onaangerak by hom verby;*

*maar hy wag vir die asfaltblom
wat érens uit 'n keep sal kom.*

PLAASNAG IN SUIDWES

*Saans in geel poele lig van pondokvure,
ruil volkies nog wysneusighede uit
en luister net terloops na die verdriet
van een daar afgesonder met sy fluit.*

*En as die vlamlig teen die late uur
met traer passe oor die vaal gesigte speel,
en die vaak eers rat-rat en dan eindelik
met lomswaar vingers al die oë seël,*

*dan weet ek hier in ou Suidwes is droom
nog hoog volmaak,
selfs as 'n kiewiet skielik oor die werf
die stilte kraak.*

Uys Krige

DIE SPOOR TERUG...
Aan C. M. van den Heever.

*Die duin waarteen ek opstap, is één wit steilte teen die horison.
Hier regs die berg, geweldig — en op sy spits die son.*

*In dié verlatenheid van berg en duin voel jy jou eensaam, byna
verlore;*

*maar nou is ek nie meer alleen nie, kyk, hier voor my lê die spore
van 'n kaalvoetkind, asof so pas getrap, mooi oop en bloot,
dié van 'n seun: die groottone is werklik groot.*

Hulle loop pylreguit na dié hoë bleekblou winterkim.

*Die sonlig lê so wit soos stuifsand oor die wêreld... Ek klim
en klim.*

Blou berg en reuseduin, geen huis, geen mens, net ek en hierdie spoor.

Ek volg hom teen die duin op, óp en oor.

Dan, skielik, ruis twee oseane in die oop skulp van my oor.

Iets sing verweg in my. Aan watter verre strand het ek dié lied juis so gehoor?

Wanneer én waar het jy dié helder paadjie toe verloor?

Ek sak die blowit skuinste af... Dis of die spore met my saamstap hand in hand.

Dan loop hulle dood voor dié klein baai, op hierdie harde nat strook strand.

Is dit wat hulle my wou wys:

dié enkel golfie wat hom krul en val, dan langsamerhand weer rys, die seebamboes wat glinster natswart in die diepblou water?

Klipvissies dryf hier in 'n poel met, onder die rotse in eenkant, 'n stil geskater.

Wanneer het hierdie klipvisglans vir jou verdof? Heel vroeg reeds? Of veel later?

Ek buk laag oor die poel. Ek kry die sout seeruike van ariekruikels in my neus. 'n Malgas duik en duik...

Die poel is groener as 'n kokkewiet se lyf.

Die vissies strooi goudstippels waar hulle dryf

stil deur die glashelder water. Nou dryf daar met hulle saam ou-ou gewaarwordinge. Net

hulle lê te diep, te ver. Hoe vang ek hulle? Met watter aas? Met watter net?

Die bries oor my gesig is soos 'n vriend se hand, vertrouelik en koel.

Daar bloei 'n vrede in my oop selfs stiller as die spieëlgladde poel.

Wie luister nou, skroomvallig, na dié soet geskater?

Wie staar, verwonderd, na my op uit hierdie rimpellose water?

Wie is nou een met berg en duin en son en strand en see en wind?

Ek self? Die seuntjie wat ek was? Of daardie kind?

Die Toring

J. VAN VOLLENHOVEN

Verskeie kere in my lewe al is ek getref deur die eenaardige verskynsel van hoe 'n kragtige persoonlikheid selfs na sy dood die verloop van sake sterk kan beïnvloed net soos 'n magtige rivier nadat dit reeds die see ingestroom het vir myle ongestoord sy gang bly gaan en sy eie karakter bewaar, die grensloosheid van die oseaan ten spyt. Ek het veral hier in gedagte die geval van ou oom Dowe Hans van Vollenhoven.

Oom Hans se uitstaande karaktertrek was, volgens sy vriende sowel as sy vyande, sy uiterste hardkoppigheid. Ek wat hom so goed geken het as wat dit aan die een mens gegun word om die wese van 'n ander te ken, het geweet dat veel van hierdie hardkoppigheid aan sy doofheid toegeskryf moet word. Omdat hy nie altoos mooi duidelik kon volg wat die ander persoon wou hê nie, het hy dikwels maar sy eie kop gevolg, veral sover dit praktiese sake betref. Want, het hy volgehou, die grootste gros mense weet in ieder geval nie presies wat hulle wil hê as hulle jou vra om vir hulle iets te doen nie, of dit nou al 'n kas vir die kombuis of 'n nuwe woonhuis was. Die ambagsman moes maar op hulle vae instruksies af die beste uitrig wat hy kon.

Sy doofheid is in 'n mate natuurlik die gevolg van sy hardkoppigheid. As hy saam met die res van sy klompie manne teruggeval het die dag tydens 'n skermutseling met 'n troep Engelse vanuit 'n klipkraaltjie naby Harrismith, sou dit nie so gewees het nie. In stede daarvan het hy egter, nadat hy die bevel om te ry gegee het, self nog vir 'n rukkie die saak op sy eie met die vyand uitgespook. Hy het net 'n bietjie te lank versuim en toe die groepie manne wat reeds op sy bevel teruggeval het, swetsend daaraan begin dink het om weer terug te jaag om hom te help, het die eerste skoot van 'n meksim net buite die kraaltjie beland. Toe Hans nou haastig op sy perd spring om spore te maak, het die manne gesien hoedat die tweede skoot hom en sy perd toe onder die stof bars. Groot was hulle blydskap egter om hom mank-mank op sy perd te sien klim toe die stof begin opklaar. Behalwe vir 'n paar skrape en 'n regteroor waarmee hy feitlik niks kon hoor nie, het hy niks oorgekom nie.

Geleidelik het hy dower begin word. Na die oorlog is hy verskeie male na die hospitaal waar hy behandeling ondergaan het en met 'n gehoorpyp met leerspreekbuis ontslaan is. Aanvanklik het dit gehelp, maar stadigaan het hy dit eenkant laat lê en die spreker se lippe stiptelik dopgehou en so geleer lees waaroor die gesprek gaan. Wanneer hy dan gesnap het waaroor gesels word, het die gesprek gewoonlik redelik gevlot. Hoe ouer hy geword het, hoe onverstaanbaarder het sy eie spraak egter begin word sodat dit uiteindelik moeilik was om te begryp wat hy wou sê. Hierdie bemoeiliking van sy kommunikasie met sy medemens het daartoe bygedra om hom sy eie weg te laat volg wat dan soms verkeerdelik as hardkoppigheid vertolk is.

Na die oorlog het Hans wat daar nog oor was van sy opstal met verdrag opgebou dat dit na 'n paar jaar weer na 'n boereplaas begin lyk het. Sy vrou en kinders het deur voortdurende rondtrekkery in die berge daarin geslaag om uit die kampe te bly en sodoende het die familie feitlik ongeskaad uit die stryd getree.

Gedurende die droë jaar van 1908(?) het die volgende fase in die familie se lewe 'n aanvang geneem. Niklaas de Lange, die kommandomaat met wie hy sy kombes gedeel het totdat 'n bom dié se regterbeen bokant die knie weggeskeur het, het tydens hierdie droogte uit die suidelike Vrystaat opgetrek om weiveld te soek vir sy jammerlike troppie vee. Toe hy in ons distrik aankom, het Hans hom en sy trek gaan haal en sy weiveld met hom gedeel.

Van Niklaas se vrou het hulle verneem dat hy op die punt gestaan het om uit sy grond te raak omdat hy die rente op sy verbande nie kon bybring nie. Vroeër jare het Hans altyd volgehou dat hy nie eers vir sy eie broer sou borg staan nie, maar nou, teen die advies van sy prokureur op Kroonhof wat die geld moes vind, het hy vir Niklaas borg gestaan vir tweeduisend pond.

Toe Niklaas eindelijk uitgeboer het, is ook Hans se plaas Aasvoëlkrans onder hom uitverkoop tesame met al sy besittings behalwe die Statebybel wat oupa Van Vollenhoven saamgebring het en sy vrou, tant Maria, se ledekant wat deur een van die bure gekoop en aan haar teruggegee is.

Met sy familie het Hans ingetrek na Ouhoutskloof waar hy twee sinkkamers gebou het aan die paar vertrekke van 'n kerkhuis wat hy by Sarel Olivier, sy buurman, gehuur het. Hans het hom dadelik begin toelê op bouery, 'n bedryf waarvoor hy 'n besondere gawe gehad het en 'n ambag wat hy aangeleer het voor die oorlog van 'n Italianer wat



Jochem van Bruggen, 75 jaar oud

hy op 'n transporttog in Kimberley raakgeeloop en teruggebring het. Die Italianer het die groot woonhuis op Aasvoëlkrans asook 'n paar pronkhuisse in die omgewing opgetrek voordat hy oorlede is aan 'n te groot aantal galstene, die gevolg van sy onlesbare dors na rooiwyn. Van Bozzoli het Hans die fyn kuns om met klip te werk geleer, meer omrede die drang om die kunstige boumeester na te doen en om die genot wat hy daaruit geput het, as dat hy destyds daartoe deur omstandighede genoodsaak was. Hierdie vaardigheid het hom nou egter goed te staan gekom.

Vir die eerste klompie jare solank as sy kinders klein was, het hy alleen gewerk met net 'n paar natuurlehandlangers. Maar nadat ek en Piet, oorlede oom Niklaas se seun, standerd ses agter die rug gehad het, is ons twee by hom ingeboek om die ambag te leer.

Die deeglikheid waarmee hy elke stuk werk voltooi het, of dit nou ookal 'n woonhuis, waenhuis of varkhok was, het gou vir hom meer werk besorg as wat hy kon behartig. In die jare na die oorlog toe geld by almal bitter skaars was, het oom Hans in die gewoonte geraak om altyd meer oor die man vir wie hy bou, te dink as oor sy eie nood. Met die verloop van tyd het hy geword nie alleen die beste nie, maar ook die goedkoopste kontrakteur in die distrik. Hoewel hy gevolglik meer werk gehad het as wat ons kon baasraak, moes tant Maria tog elke duit met die uiterste sorgvuldigheid bestee om die familie gevoed en gekleed te hou.

Vir elke gebou waarvoor ons die kontrak gekry het, het ons self die klip gaan breek. Met oorleg is die plekke uitgesoek in die rotsbank waar die gate langsaam met die swaar koevoete geboor moes word om te verseker dat die klip soos oom Hans dit wou hê, sou losruk. Sorgvuldig het hy self die swawel en salpeter in die gewenste verhouding gemeng, die kruit in die gate afgegooi, hulle behoedsaam gelont, gepluis en ons hulle versigtig laat toestamp. Sonder onnodige haas het hy dan die een stuk wit lont na die ander aangesteek en as die rooi vonke al sputterende nader aan die gate begin kruip, het hy met gemete pas aangestap na waar ons reeds agter 'n paar groot klippe uit die pad was.

Na die skote almal afgegaan het, het hy soos 'n veldheer die uitslag van sy beplanning gaan besigtig. Daarna kon ons met keile die blokke opbreek in die begeerde groottes, met die puntbeitel hulle die regte vorm laat aanneem en dan met die tandjiesbeitel haaks afwerk tot oom Hans se vitterige oog daarmee tevrede was. Teen hierdie tyd het

hy en sy handlangers reeds die fondament gegrawe en die groot blokklippe gelê wat moes sorg dat hierdie gebou sou staan tot in lengte van dae.

Die lewe as klipkapper en bouer was 'n harde een. Van Maandag met sonop tot Saterdag om twaalfuur was dit net kromstaan en haas. In die winter het die staalbeitel wat ons self gemaak en getemper het, die hand tot in die murg verlam met sy ysige koue. 'n Oomblik se onbedagsaamheid en die swaar kortsteelhamer het die vel en vleis van jou linkerhand weggemoker en vir weke is die roof telkens maar weer in 'n oomblik van onhandigheid afgeskuur. Die sement het jou hande laat bars totdat elke beweging voordat jy hulle saans gewas en met paraffienvet gedokter het, 'n foltering was. Soms het dit gebeur dat 'n boer jou nie kon betaal nie en by uitsondering, jou nie wou betaal nie.

Jare gelede, kort na die aanleg van Ouhoutskloof as 'n dorpie, het die gemeente saangemaak en genoeg geld versamel om 'n kerkie te bou. Die kerkie sou 'n voorlopige een wees. Die onderste vier voet van die mure was van klip, maar verder was die gebou van sink, binne-in uitgevoer met geriffelde plafonplank wat donkerbruin vernis was. Die kerkie het egter vir heelwat langer diens moes doen as wat oorspronklik bedoel is, want droogtes en plaë het die boufonds vir die nuwe kerk steeds laag gehou.

Daar is egter altyd gepraat oor die klipkerk wat nog gebou moes word, en namate oom Dowe Hans ouer en gryser geword het, het die mense dringender begin sê: „Mense, die kerk moet nou gebou kom, oom Dowe Hans word nie jonger nie.” Toe oom Hans kort na die dood van tant Maria self ook hewig siek was aan longontsteking het die gemeente, en veral die dominee ernstig geraak en is die saak op elke kerkraadsvergadering te berde gebring.

So het dit dan gekom dat die saak in alle erns aangepak is. Ds. Koen, majoor Van Raalte en hulle gades het veral die spit afgebyt van die organisasiewerk. Majoor Van Raalte was 'n vermoënde pensionaris wat hom op Ouhoutskloof kom vestig het om die res van sy lewe daar rustig te slyt en rose te kweek. Kort na sy aankoms is hy gekies as stadsraadslid en na die laaste verkiesing verhef tot burgemeester.

Onder die ywerige leiding van hierdie vier bekwame mense het die geesdrif vir die kerkbou vinnig aangegroei. As gevolg van opvoerings, tiekie-aande, vleisbraaifunksies en pannekoekbakkery by die vendusiekrake het ook die boufonds gesond gegroei. Met die kerkbasaar het veral die

boere van die distrik hulle hande so diep in hulle sakke gesteeke dat die Kerkraad tot die besluit oorgegaan het om die klipkerk te bou.

Dominee en majoor Van Raalte, as deel van die boukomitee, is belas met die optrek van 'n geskikte plan vir die kerk. Die plan wat hulle aan die Kerkraad voorgelê het, was gebaseer op dié van 'n kerkie wat die Van Raaltes gesien het gedurende hulle verblyf in 'n skilderagtige Switserse dorpie wat net soos Ouhoutskloof omring is deur hoë, omsluitende berge. 'n Besondere eienskap van die kerkie was dat die toring nie hoog die lug sou in voer nie, maar net tot omtrent nok-hoogte gebou sou word, waarop dan 'n ronde ui-vormige koepel sou rus, wat aansluiting sou vind by die menigte puntige bergkruine rondom die dorpie. Die hele kerk sou 'n eenheid vorm wat harmonieus sou saamsmelt met sy grootse natuuragtergrond. Verder het die Van Raaltes aangebied om self die koste van hierdie koepel te dra.

Die plan het byna oral byval gevind, behalwe by oom Dowe Hans. Nadat hy die tekeninge 'n paar oomblikke bestudeer het, het hy die mening onomwonde uitgespreek dat die koepel 'n Oosterse gedrog was wat nie gepas het op die huis van die Here nie. „'n Kerk,” het hy gesê, „moet 'n toring hê wat so die hoogte in skiet dat 'n mens, of jy nou al oor die nek van Kroonhof af kom of op die kruine op Basoetoland se grens staan, dit steeds as 'n vinger manend en hemel-riktend kan sien.”

Hierdie mening is ook onderskryf deur die oudste ouderling van die gemeente, oom Gideon Erasmus. Die plan is druk aan alle kante bespreek. Aangesien die plan dié was van die Dominee en die Burgemeester wat hulle so onvermoeid vir die saak beywer het en daar die meer verligte gedeelte van die gemeenskap dit om estetiese en ander redes voorgestaan het, is dit, nieteenstaande die teenkantiing van oom Dowe Hans en sy konserwatiewer gevolg, aanvaar.

Met groot ywer het ons aan die werk gespring, veral oom Hans, wat ondanks die besluit van die Kerkraad tog vas oortuig was dat iets wel sou gebeur wat sou verhoed dat hy sy kerk se toring halfpad sou moes afknot om die heidense gedoente daaraan te laat afbreuk doen. Hy het met die grootste oorgawe gewerk. Dit was asof die diep genot wat hy geput het uit die kap van elke klip, die maak van elke latei, sy gesig voortdurend diep vanuit sy innerlike verlig het en die lang wit hare wat yl om die blink hoof gekam was, het daar 'n buitengewone glans aan gegee.

Soos vir die tempel van ouds moes al die klippe by die steengroef self gekap word sodat die gewyde grond nie ontstig sou word deur onnodige luidrugtigheid nie. Hy het met die strengste noukeurigheid elke gekapte klip nagegaan en as dit soveel as 'n sestiende uit was het hy dit onverbidlik afgekeur.

Die meeste van sy tyd het hy egter liefdevol gewy aan die kap van die ornamentele preekstoel en die daarmee-gaande doopbak uit wit sandklip. Met oorgawe het hy elke blaar en krul uitgebeitel totdat dit blank en volmaak gestaan het.

Teen hierdie tyd was die mure al dakhoogte en die toring het stadig daarbo begin uitstyg.

Een aand het die groot kaste waarin die seksies van die patina-swart kopergewelf verpak was met die spoorwegbus aangekom. Vol geesdrif het Dominee en majoor Van Raalte en ander nuuskieriges kom kyk toe die eerste kaste oopgemaak is. Oom Dowe Hans wat ongelowig die oopmaak van die kaste staan en betrag het, het by die aansig van die koepel aan die dominee gevra of hulle vasbeslote was om die gedoente op die toring te sit. Toe Dominee hom daarop wys dat dit so deur beide die boukomitee en die kerkraad besluit is, het hy stil sy kop geskud en weggedraai.

Daardie nag het hy 'n besonder rustelose nag deurbring. Vanuit sy kamer het daar gekom die geluide van 'n dowe wat onbewus hardop besig was om in 'n stem van onvaste en wisselende toonhoogte met sy Heer te worstel. Sy hele lewe deur, vandat hy die eerste maal bewus geword het van sy gawe om met klip te werk was dit sy begeerte om eendag die kroon op sy werk te plaas deur vir die Here 'n waardige Huis te bou, en nou kon dit nie. Teen dagbreek se kant het daar berusting gekom, die stem het stiller geword en daar was aanvaarding.

Die ekstra klip wat hy laat breek het om die toring te bring tot op die hoogte waarop hy dit graag wou hê, het hy netjies in die klipgroef laat stapel. Self het hy, nadat ek en Sakkie die timmerasie daarvoor opgesit het, die swart koepel aangebring en vasgeskroef. Maar ek en Sakkie het albei gemerk dat hy nie meer maak soos enige bouer maar doen, om waar hy ook al in die omgewing mag wees, telkens eers weer stil te staan, om te draai en nuwe plesier te put uit sy werk vanuit 'n ander gesigspunt nie. Hy het nou gehaas met die finale afronding en oprigting van die preekstoel en doopbak. Dit was egter asof hy nou veel meer

tyd binne in die kerk deurgebring het en daar rustiger gevoel het as buite.

Oom Hans het die inwyding van die nuwe kerk nie belewe nie. Een Saterdagmiddag na hy van die werk afgekom het, toe al die vernaamste afronding reeds gedaan was, het hy gekla dat hy nie lekker voel nie. Anders as gewoonlik het hy nie teengepraat toe Let, sy skoonogter, hom vra om te gaan lê nie, maar gedwee haar toegelaat om sy bed te gaan regmaak. Sonder om hewig siek te word het hy sy rus ingegaan en is langs tant Maria onder die groen sipresse neergelê.

Die inwyding van die nuwe kerk was nieteenstaande die afsterwe van die boumeester, 'n geleentheid van groot vreugde en feesviering. Daar is van kerksweë besluit dat dit gepaard sou gaan met 'n ringsitting, die eerste wat in ons gemeente gehou sou word. Hulde is gebring aan almal wat so mooi saamgehelp het om die kerk op te rig. Veral egter, is die lof van die oorlede boumeester weer en weer besing. Ook die ontwerpers is geluk gewens met die voortrefflike wyse waarop hulle daarin geslaag het om 'n gebou te skep wat so suiwer inpas teen die grootse natuurlike agtergrond van berge en kruine.

Oor die algemeen was almal tevrede met wat hulle tot stand gebring het, behalwe ou oom Gideon wat na die diens hom weer eens uitgelaat het oor die saak. Die zard van die kerk, so het hy gemeen, is nie om teen sy agtergrond verlore te raak nie, maar om in sterk kontras daarmee die mense se gedagte weg te voer van die aardse en die tydelike en dit steeds na die ewige te rig.

Met die gemeente het dit na die inwyding van die nuwe kerk nie lank goed gegaan nie. Na die eerste paar maande se gereelde diensbywoning was dit asof die mense se geesdrif wat vir so 'n lang periode so hoog geloop het, geleidelik verflou het. Oom Gideon wat die oudste lid van die kerkraad was, het by die jongste benoeming sy amp neergelê en wou dit nie weer aanvaar nie want hy wou in die vervolg vry wees om meer naweke in te ry Kroonhof toe waar sy enigste dogter woonagtig was. Daar sou hy sommer die diens in die moederkerk bywoon. Sakkie wat vroeër elke Sondag as hy tuis was, kerk toe gekom het, het nie meer gereeld sy verskyning gemaak nie. Dominee het telkemale gepraat oor die traagheid wat oor die dorpie se geestelike lewe gekom het.

Gedurende Dominee se afwesigheid met sy jaarlikse verlof, het twee evangeliste van 'n nuwe sekte hulle verskyning op Ouhoutskloof gemaak. Deur die vuur en erns

van hulle boodskappe het hulle enkele van die gemeentede tot hulle geloof bekeer.

Kort hierop het gevolg 'n hewige stryd of die gemeente by die bediening van die Nagmaal sou bly by die gebruikelike gemeenskaplike beker en of die nuwerwetse kelkies ingevoer moes word.

Die nuwe kerk was nou elke Sondag byna leeg. Teen hierdie tyd het die mense openlik gesê dat die gemeente nooit weer geseënd sou wees solank as wat die swart ui op die stomp toring was nie, want die boumeester se seën het nie op sy werk gerus nie. Hy wou dit nie so hê nie. Dan het hulle ook gemeld hoe dat die ou kerkklok wat vroeër jare vanuit die houtstellasie so klankryk sy boodskap oor die valleie tot die verste bergspitse gebeier het, nou binne in die lae toring hol en benoud geklink het.

Dit was met die afsterwe van oom Gideon dat sake tot 'n keerpunt gekom het. Op sy sterfbed het hy die Dominee en die Burgemeester laat roep plaas toe. Hy het hulle die raad van 'n ou grysaard aangebied. Solank as wat die klok nie suiwer gelui het nie en die wens van die boumeester nie eerbiedig word nie, sou die gemeente van Ouhoutskloof swaar lewe. Nie omdat daar iets bonatuurlik aan verbonde is nie, maar omdat oom Dowe Hans se persoonlikheid in die geheues van die mense bly voortleef en solank die ouer geslag geleef het, sou sy onvervulde wens swaar oor hulle bly hang.

Op die daaropvolgende kerkraadsvergadering het Dominee die kerkraad amptelik daarvan in kennis gestel dat wyle broeder Gideon Erasmus as afskeidsgif aan die gemeente 'n som geld nagelaat het vir die aankoop van 'n groot uurwerk wat in die toring van die kerk aangebring moes word. Daarna het Broer Van Raalte 'n voorstel ingedien dat, aangesien die voorkoms van die toring deur hierdie toevoeging heelwat verander sou word en aangesien die openinge om die kerkklok self effens te klein blyk te wees, die toring heelwat hoër uitgebou word, sodat dit in die verste verte sigbaar kon wees. Dit moes verder van 'n spitsdak wat naaldskerp na bo sou loop voorsien word, en hy sou graag self die koste verbonde aan die dak wou dra.

So het dit dan gekom dat die klipkerk op Ouhoutskloof nou 'n hoekige toring het wat fors die hoogte in dwing vanwaar die swart koperklok sy weer eens klinkklare boodskap die velde oor dra.

Die Legende Van Drie-Kops-Eiland

(Aan die nagedagtenis van C. van Riet-Lowe)

N. A. COETZEE

By Drie-Kops-Eiland in Griekwaland-Wes het ons gaan kyk na die geskraapte rotsoppervlakte wat in die bedding van die Rietrivier deur watererosie blootgelê is. Die harde, gladde basaltrotse toon onweerlegbare getuienis dat ysgletsers daarvoor moes geskuif het, duisende en duisende jare gelede.

Teen die wal van die river, waar die water dit nog nie weggespoel het nie, kan ook nog die laag gletserafsaksels van saamgekoekte klip en modder bo oor die rotsvlak gesien word. Daar is allerhande soorte klip en van alle groottes, soos dit deur die ysmassa uit al die streke waarlangs die stadige skuiftog gegaan het, versamel is. Vandag is dit daar te sien, saamgedruk en versteen, net soos dit nagelaat is toe die ys vir altyd weggesmelt het.

'n Mens voel 'n beklemming op die hart om hier stil te staan en na te dink aan die lang tydperke wat hier verbygegaan en hulle getuienis nagelaat het. Waar die gletserafsaksels ongeskonde gebly het, vind jy miskien 'n groterige klip met sy harde skerpgeslypte punt nog in die gleufie wat dit algaande op die basaltrotsoppervlakte uitgeskuur het. As die klip dan omgekeer word, staan die tyd voor jou stil, want onder die klip eindig die gleufie wat met die oog oor die rotsvlak tot daar gevolg kan word. Die klip het duisende jare gelede hier rus gevind, die harde skuiftog het 'n einde gekry, die groot drukking van bo af het verdwyn, omdat die groot ysmassa weggesmelt het. Die tyd van die gletsers het verbygegaan met die verandering van die klimaat van ons land.

'n Nuwe era het aangebreek, miskien in die vorm van 'n groot vloed, om die omgewing onherkenbaar te verander. 'n Diep laag rooi grond is in water bo oor die rotsoppervlakte met die gletserafsaksels neergelê. Die getuienis van die ystydperk is diep begrawe, die era van die groot waters het aangebreek. Die rooi grond het stadig met die tye in die waters afgesak, om die gletserafsaksels diep te begrawe, en

met die groot gewig nog meer saam te pers, om dit mettertyd te versteen.

Maar ook hierdie tydperk het ten einde geloop. Dit het oorgegaan in die teenswoordige era, waarin die hoogland met die loop van die eeue weer afgebreek en weggevoer is. Met die afwisselende reëntye is die werk van verspoeling gestadig voortgesit, groot riviere het heen en weer oor die hoogland verskuif om hier en daar hoë terrasse van spoelklip vir ons as getuienis na te laat.

In die huidige tyd is 'n gleuf in die rooi grond hier deur die Rietrivier uitgekalwe, om weer in sy bedding die harde basaltrotse oop te spoel met die oorlaag van gletserafsak-sels en die geskraapte oppervlakte as getuienis van die gebeurtenisse en toestande van die oerverlede.

Wat is die mens dat hy bevoorreg is om hierdie getuienis te kan verstaan!

Die beklemming van die hart word nog hewiger by die aanskouing van die handewerk van die oermens op die geskraapte rotsvlak in die rivierbedding. Die gladde klip-plate is vol gravures van diere en oordek met simboliese tekeninge, deur mensehande hier uitgekrap.

In die voorgeskiedenis van ons land, nadat die rivier die geskraapte rotsoppervlakte blootgelê het, moes hier 'n menseras gewoon het om, net soos die natuur in die oerverlede, hulle handewerk hier na te laat. Die klipwerk-tuie van die oermens word na elke reënbui deur verspoeling op die omliggende vlakte blootgelê. Soms sal die geoefende oog van die navorser van hierdie voorhistoriese kultuur die beentjies van 'n mensevoet in 'n brakslootjie opvolg, totdat die persoon stilstaan by 'n oopgespoelde plat maalklip, wat eens diens gedoen het in die bereiding van die voedsel van die oermens. Dan weet jy dat jy stilstaan by die graf van een van hierdie mense, ons voorgangers aan die suidpunt van Afrika.

Mens word dadelik getref deur die groot verskeidenheid en hoeveelheid van die simboleskrif wat op die rotsvlak uitgegraweer is. Die betekenis daarvan sal vir ons geslag 'n geheim bly. Daar is 'n legende oor hierdie simboleskrif, wat miskien deur die eeue deur die een geslag aan die volgende, of deur die een ras aan sy oorwinnaars en opvolgers oorgedra is.

Miskien het die legende sy ontstaan uit die gemeenskaplike gees wat ons geslag aan die oermens en die verlede, ja, aan alle ewigheid bind.

Dit is miskien maar net op ons groot ruimtes oorgedra deur die wind wat saggies oor die stiltvloeiende waters

golfies maak in die maanlig, as die minnaar stil met die diep uitgetrapte voetpaadjie afdaal na die rotsplate in die bedding van die rivier, om sy beminde te soek, sodat die liefde, die verlange van die mens — die kroon van die skepping van alle tye — vervolmaking kan vind.

So is die legende van Drie-Kops-Eiland!

* * *

Lank, lank gelede, was daar 'n jong rotsman Tsai, wat hier aan die oevers van die rivier saam met sy stamgenote gewoon het.

Op die vlaktes het elande, hartbeeste, gemsbokke, springbokke en baie ander soorte wild rondgewei. Olifante en renosters het soms in die rivier kom drink, terwyl seekoeie rustig in die diep watergate rondgedryf het. Snags het hulle met die voetpaadjies teen die rivierwal uitgeklim om op die vlakke te wei. Leeus en ander roofdiere het ongestoord hulle jagtogte voortgesit, net soos die oermens.

Die aand met sy geboorte het die klein groepie mense heerlijk gesmul aan die gebraaide vleis van 'n steenbokrammetjie, wat om een of ander rede in die skerms ingevlug het. Daarom het hulle die klein rotsman, wat in die skerm van die kaptein sy verskyning op die wêreld gemaak het Tsai genoem, wat in hulle taal Steenbok beteken. Hy het ook net so sierlik soos 'n steenbokkie gelyk en sy moeder was baie trots op haar klein seuntjie. Al was hulle ras van nature klein van persoon, het die vader verwag dat sy seun as hy eendag groot is, net so vinnig en stewig soos 'n steenbok sou wees.

Toe Tsai nog klein was, het hy aan sy moeder gedrink tot hy twee winters gesien het, en hy begin bewus word van die heerlike groot vlakke rondom die skerm onder die lappie kameeldorings op die rivierwal. Met sy kort beentjies het hy soms met sy moeder saamgeloop as sy gaan water haal in die volstruiseierdoppe. In die voetpaadjie het hy dan amper tussen die hoë walle weggeraak, soms het hy handeviervoet agter haar verder afgeklim tot in die rivierbedding as hy miskien teen die steilte struikel en val.

Die rivier was vir hom pragtig met die heerlike sandwalle om in te speel. Tussen die klipplate was daar ook die helder vlak waterpoele om in rond te spartel net soos die wilde varke dit doen. Saam met sy groter maats het hy die gladde rotsplate natgegooi om dan heerlijk tot onder in die water af te seil.

Sy penkopjare het hy langs die watergate omgedroom. Die geheime van die diep blou het hom aangegryp, want

daarin kon hy die geheimenis aanvoel van die dinge wat hy nie kon verstaan nie. Vir lang ure kon hy daar onder die rivierwalle rustig sit en nadink oor die groot vlaktes met al die diere, oor die klein groepie mense wat daar op die walle woon, oor die baie skrape op die rotsplate, en oor die groot lig wat elke môre uit die aarde opstaan om in die aand weer daarin weg te sink. Dit was die gewer van die lewe, die groot Gees. Tsai se mense het die son as die groot Gees aanbid. In die koue winters het hulle verlang dat die son se warm strale moet terugkeer om die lewe opnuut weer op te wek.

Tsai se stamgenote het reeds geweet om 'n vuur te maak deur twee stokkies vinnig teen mekaar te vryf, tot die rook begin uitslaan en die sag gebreide vesels van die gifbol begin gloei. Dan het hulle die klein liggie aangeblaas tot hulle 'n groot vuur by die skerms kon maak om die koue te verdryf, om hulle voedsel te kook en om hulle in die nag teen roofdiere te beskerm. Hulle het gevoel dat die aarde saam met die diere en die mens die kinders van die groot Lig is, en dat hulle iets van sy krag op hulle swak manier kan skeep om die lewe te bewaar.

Ook het hulle geweet om 'n harde klip skerp te maak om dit as mes of byl te gebruik. In die rivier was allerhande soort klip saamgekoek, harde klip vir hulle gereedskap kon daar maklik uitgesoek word. Ook was daar sagte klip waarvan hulle kleurstof gemaak het om hulle liggame by tye van belangrike gebeurtenisse in hulle lewe te versier.

'n Dodelike gifstof het hulle aan hul pylpunte gesit alleen om gevaarlike roofdiere in die omgewing uit te roei en teen vyandelike stamme te gebruik.

Eers het Tsai op die rotsplate die veelvuldige skrape beskou en bedink, maar hy kon geen oplossing daarvoor vind nie. Dit moet die werk van die groot Gees wees. In die dryfsand het hy later die wilde diere uitgebeeld as hulle water kom drink, totdat sy hand vaardig geword het in die voorstelling van al die wild in hulle verskillende houdings. Altyd het hy weer hierdie tekeninge doodgevee, omdat nie een van sy mense ooit so iets gedoen het nie. Alleen die Groot Gees kon sy tekeninge op die rotse nalaat, maar dit kon hulle nie verstaan nie.

Toe Tsai 'n groot seun geword het, moes hy ingewy word in al die geheime van die stamlewe. Hy moes leer om met 'n masker, pyl en boog te jag. Hy kon homself so goed vermom dat hy gou die bewondering van al die oukoppe afgedwing het. Soms het hulle vir Tsai uitgekies om hande-viervoet, vermom soos 'n bobbejaan, alleen die rant af te daal met

die pyl en boog onder die bobbejaanvel weggesteek. Op sy tyd het hy statig tussen die wildsbokke aangestap water toe. Soms het hy dan gaan sit en komieklik met sy bobbejaankop rondgekyk, sodat sy makkers op die rant byna te veel lawaai van opgewondenheid gemaak het. Op sy tyd het die jeugdige meesterjagter sy prooi bekruip en mislei, tot hy sy beste kans afgewag het. Dan het hy sy pylpunt, wat hy self van die hardste klip gemaak het, voor aan die pyl vasgemaak om eindelijk onverwags die skoot af te trek. Tsai se pyle het altyd akkuraat getrek. Ontdaan van sy masker en wapens het Tsai dan op die voerpunt gehardloop, met sy makkers agteraan, om die dier flou te jaag. In sulke gevalle het hulle meer op die uitwerking van die bloedverlies vertrou as op die wond wat die pylpunt deur die taai vel kon maak.

Een middag laat, terwyl sy stamgenote die dooie dier na die skerms op die rivierwal terugdra, het Tsai op die rotsplate in die rivierbedding agtergebly. Net die pylpunt wat hy uit die bok getrek het en wat nog met bloed besmeer was, het hy by hom gehad. Tsai het teen die gladde rots gaan sit en skielik die drang gevoel om die bok in al sy sierlikheid van sy bewegings weer daar te stel. Hy het die pylpunt geneem en met 'n paar vaste trekke van sy hand die beeld voor hom op die rots uitgebeeld. Dit was vir hom so pragtig dat hy die buitelyne dieper ingegraveer het, sodat die beeld vir altyd daar sou bly, net soos die tekeninge van die groot Gees. Met sy kuns het Tsai 'n offer gebring vir die lewe wat geneem is.

So het hy op die groot vlaktes opgegroeï. Hy het die naam Drie-Kop gekry omdat hy die gawes van drie mans besit het. Hy kon die beste jag, sy pylpunte en klipgereedskap was altyd die mooiste afgewerk, en hy alleen kon die diere van die veld op die rotse uitbeeld. Hy was uitermate begaafd, Tsai was die kunstenaar van sy familiegroepie.

Toe sy swerwersjare aanbreek, was die drang om alleen die uitgestrekte vlaktes in te gan, sterker as alle ander bande wat hom gebind het. Hy het gevoel dat die onmeetlike ruimtes iets vir hom inhou om te verower. Hy wou op sy eie die lewe ingaan.

Dit was ook die gewoonte van sy mense dat 'n jong man, voordat hy volle wasdom bereik, op sy eie moes rondswerf as deel van die lewenskool. As hy dan na vyf somers hierdie toets deurstaan het, kon die jongman, as hy verkies, hom aan sy ouers kom vertoon om hulle te oortuig van sy bekwaamheid om vir hom 'n metgesel te verower.

Tsai se afskeid van sy mense was soos die afskeid van die diere van die veld. Die steenbökkies as hulle groot word, het ook hulle eie paadjies begin loop. Die hoop het egter in Tsai gebrand om weer eendag sy vader en moeder te vind, asook om terug te keer na die heerlike klipplate van sy jeug. Sy hart was geheg aan al die tekeninge wat hy gedurende die droomjare van sy jongelingskap op die rotse in die rivierbedding gemaak het.

Gewapen met pyl en boog, sakkie met gifstof en sy klipmes, het Tsai een lentemôre op die walle van die rivier afskeid van sy mense geneem. Die vorige aand het hy vaarwel gesê aan al die dinge in die omgewing wat as aandenking van hom daar sou agterbly. Hy sou sy swerftog soos 'n held aanpak en deurvoer. Oor die horison het hy verdwyn, sy vader en moeder met die ander stamgenote het met stil harte teruggekeer na die skerms om vir lange jare op sy tuiskoms te wag.

Net soos Tsai sou hulle wagtende wees met die blye vooruitsig van die vroeë lente, maar ook met die weemoed en vertwyfeling van die koue winternagte. Soms sou hulle aan mekaar dink met die vreugde van die daeraad, ander tye met die vrees van die duister op die groot oneindigheid van die velde.

Tsai het sy swerftogte as een lange leerskool van avontuur beskou. Hy kon sy manlike krag en vernuf uittoets teen die roofdiere, sy uithouvermoë en skerpsinnigheid om sy eie voedsel te voorsien kon hy beoefen. Die verskillende streke van die land van sy geboorte kon hy in besonder leer ken, die wildediere en menserasse in ander streke kon hy bespied. Hy het die groot uitgestrekte velde van die land deurkruis. Agter die ondergaande son het hy dag na dag aangetrek, totdat hy op die strand van die groot-groot waters gestaan het, om met sy eie oë te sien dat die son nie in die aarde wegsink as hy gaan slaap nie.

Tsai het besluit dat die weë van die groot Lig vir hom onverstaanbaar is, dat alles vir hom onmoontlik is om te begryp.

Ook het hy al langs die groot-groot rivier getrek tot by die plek wat gons, die Aughrabies, om die groot wonder vir dae en dae in oënskou te neem. Na sy regterhand het hy getrek tot waar die groot bosse begin, na links het hy gedraai totdat hy by die hoë bergreekse gekom het. Hy het omgedraai na die oop vlaktes toe, waar hy ver kon sien, waar hy veilig kon voel. Selfs die uitgestrekte rooi duinesand van die Kalahari was vir Tsai 'n bekoring, hy kon sy swerftogte daar voortsit sonder lewensgevaar.

Sy tekeninge het hy oral op die velde nagelaat waar hy harde gladde rotse kon vind, veral op plekke naby water waar hy lang tydperke ongestoord kon vertoef om die wild te beskou. Die hand van die meester kan vandag nog in al hierdie kunswerke herken word. Vir duisende jare kon dit nie deur die wind en weer uitgewis word nie. Die gees van die kunstenaar leef voort op die uitgestrekte velde.

Die wêreld was vir hom 'n groot oop wonderboek. Die somers en winters het gekom, die lente en die herfs, en steeds het Tsai rondgedwaal om die jare op sy een hand se vingers af te tel. Hy het gesorg dat hy uit die pad van ander groepe mense bly, al moes hy hulle vir dae en dae bespied, en soms by 'n onverwagte ontmoeting vir sy lewe vlug of homself suksesvol verdedig.

'n Verspieder het oor die ruimtes getrek. Tsai het sy leerskool met voldoening vir vyf somers en winters deurgemaak. Eindelik het hy sy skrede stroom op gewend, hy wou hom aan sy ouers gaan toon. 'n Groot verlange het in hom ontbrand!

Gedurende sy swerwersjare het Tsai stadigaan begin bewus word van die doel van al sy togte. Hy was nou daarvan oortuig! Daarom was hy vasbeslote om terug te keer om sy ouers te gaan toon dat hy 'n sterk gespierde jongman geword het, met 'n onkeerbare verlange in sy siel.

Die groot verlange van die lewe het in hom ontbrand. Hy moes op hierdie vlaktes vir hom 'n bruid vind, hy moes die liefde vind! Sy jare van storm en drang het aangebreek! Om 'n jong vrou by 'n vreemde stam te gaan verower, sou sy lewenstaak wees, maar dit sou ook die harde toets wees van die voortbestaan van sy gees. Eendag het Tsai opgemerk dat die steenbökkies twee-twee alleen loop. So moes dit wees.

Hy het sy reis so bewerk dat hy die plek van sy geboorte met donkermaan kon nader. Ondervinding op sy swerftogte het hom geleer om niks as veilig te aanvaar nie, selfs nie eens die bekende nie. Hy moes altyd op sy hoede wees, sy oë oophou en sy verstand gebruik. Van agter die groot rant het hy die rivierbedding bespied. Hy moes versigtig wees om nie teen wagne vas te loop nie, want in die onveilige wêreld moes daar soms gewaak word teen onverwagte aanvalle van vyandige stamme. Die hele omgewing was vir Tsai soos een groot verdedigingslinie waardeur hy voetjie vir voetjie moes dring.

Sy ratse gestalte het in die duister van agter die een groot

klip na die ander gekruip, van struik en enkele bome se donker kolle het hy gebruik gemaak om sy koms te bedek. Hy wou so graag sy mense weer sien. Ook wou hy in die rivierbedding die eerste tekening wat hy op die rotsplaat gemaak het, weer opsoek. Dit was sy eerste klipgravure waarop hy al sy kuns geskoei het. Wyd en syd oor die land van sy omswerwing het sy tekeninge al op sy spore gelê. Tsai se hart het onstuimig geklop by sy terugkeer!

Tussen die groot swart ysterklippe op die wal van die rivier het hy daardie eerste aand lank stil gelê om die omgewing in die flou lig van die sterre gade te slaan. Met 'n skok het dit sy bewussyn binnegedring dat die beeld wat hy daar opgeneem het vir hom vreemd was. Gedurende sy afwesigheid het soveel veranderings plaasgevind dat die gedagte ontstaan het dat die ou orde hier verbygegaan het.

Die ou skerms het afgebrand, verval en in puin gelê, effens hoër op teen die rivier het nuwe skerms gestaan. Sou sy stam nog hier woon, of is daar nuwe mense? Sou sy vader en moeder nog lewe? Waarom al die veranderings?

Van opgewondenheid vergeet Tsai byna om versigtig te wees, met 'n skok word hy 'n gedaante gewaar, wat van die skerms af met die diep uitgetrapte voetpaadjie in die rivierbedding afdaal. 'n Sagte geneurie laat hom besluit dat dit 'n vrou moet wees, sy kom water haal. Tsai se gespierde lyf was ene spanning. Op die gladde rotsvlak was die vrou besig om water te skep, terwyl sy 'n lied van verlange sing, die lied van 'n jong vrou wat 'n minnaar roep om oor die groot vlaktes na haar te kom. Tsai kon elke woord hoor en ook verstaan. Dit was van sy eie ras, maar nie van sy familiestam nie.

„My hart is vol verlange en liefde,
wanneer kom my minnaar oor die groot velde?”

Tsai kon die stemming van haar lied dadelik aanvoel. Vanuit die stilvloeiende rivier het die helderklare note teen die hange opgestyg.

Moes sy swerftogte dan hier op sy geboorteplek voleinding vind? So ver weg moes hy gaan soek, om sy groot verlange hier op die ou bekende plekke tot vervolmaking te kry. Op al sy reise het Tsai nog nooit die stem van die liefde so sterk vir hom hoor roep nie. Vir die eerste keer het hy 'n groot man geword. Hy wou eers opspring en haar wegvoer, maar die lewe het vir hom geleer om sy verstand ook te gebruik. As sy miskien skrik en om hulp roep dan is sy saak verlore. En loop die steenbökkies nie uit vrye wil twee-twee met mekaar saam nie? Nee, hy moet haar leer ken, hy moet

haar liefde verower! So moet dit wees, so hoort dit by al die kinders van die veld!

Tsai se hart het binne hom gewoed asof hy pas 'n leeu oorwin het. Lank het hy haar dopgehou en besluit dat hy gewillig moet wees om geduldig te wag. Sou dit sy bruid wees?

Sy het 'n rukkie op die klipbankie bly sit, met haar voete in die poeletjie. Is dit nie dieselfde plek waar sy moeder vir hom gewas het toe hy klein was nie? Het hy nie die eerste tekening van die wildsbok daar gemaak nie? Wat het van sy moeder en vader geword?

Op al sy swerftogte het die stryd nooit so fel in Tsai gewoed soos nou nie. Sou hy as volgroeiende man nog groter take moet aandurf, die grootste opdrag van sy lewe, om die hart van sy bruid te verower?

Na 'n rukkie het sy stadig weer die oorkantste wal uitgestap, met die gevulde eierdop in haar hand. Sy het op die wal soos 'n silhoeët stil bly staan, asof sy die skoonheid van die lentenag in haar hart wou vaslê. So naby was sy aan Tsai, net die diep rivierbedding het hulle geskei. Hy het haar dopgehou totdat sy in die groot skerm verdwyn het.

„Die koningsdogter verlang na die liefde!

'n Steenbok se spore lê oor die groot velde!”

Tsai kon nie help om 'n lied in sy siel aan te hef nie!

* * *

Vir net soveel dae as die vingers aan sy ander hand het Tsai die omgewing bespied en soms vir 'n halwe dagreis teruggegaan om vir hom ongestoord 'n wildsbokkie te skiet en gaar te maak. Hierdie dae was vir hom net so lank as die jare van sy swerftogte. Elke aand het hy teruggekeer na die walle van die rivier om te hoor of sy weer haar lied van verlange vir hom sou sing om oor die groot velde na haar te kom. Vir soveel dae het die stryd hewig in Tsai gewoed.

Nog voor die môrester sy verskyning maak moes hy dan met 'n groeiende pyn die terugtog aanvaar, vir nog 'n dag se verlange. Hy het reeds kon vasstel dat sy ouers nie meer daar woon nie. In hierdie familiestam is daar te veel sterk mans vir hom om enigiets op sy eie aan te pak. Hy moes sy bruid leer ken, hy moes haar hart verower. Sy was die enigste vir wie hy sy lewe sou waag! Sy was die een wat hom kon help of verraai! Hy moes sy lewe in die hande van die liefde waag!

Op die aand voor nuwemaan het die jongvrou weer haar verskyning gemaak, sy het weer haar lied van verlange

gesing. Dit was 'n lied van wanhoop en liefde. Nadat sy weer teruggegaan het kon Tsai nie die versoeking weerstaan nie om in die rivierbedding af te daal om op dieselfde plek te staan waar sy so ewe haar voete gewas het. Die rots was nog warm, die waas van haar aanwesigheid het nog in die lug bly hang! Die bloed het deur sy are gejaag!

Tsai het sy eerste gravure, sy eie handewerk daar gesien, sy hart het van vreugde oorgeloop. Oral rond op die klipbankie was van sy tekening. Sou sy nie elkeen in besonder ken nie? Op die bankie waar sy elke aand haar voete gewas het, sou hy vir haar 'n boodskap laat. Hy het neergesak en met sy pylpunt 'n boodskap vir sy geliefde uitgegraveer. Sy moes dit opmerk, sy sou dit verstaan.

„Die Steenbok se spore lê oor die groot velde!

Hy wag vir sy minnaar se welkomsgroet!”

Die volgende aand het Tsai haar dopgehou, sy het in die flou lig van die nuwemaan met die diep uitgetrapte voetpaadjie afgedaal in die rivierbedding. Sy het lank stil gesit, die nuwe tekening met haar hande raakgevoel. 'n Vars boodskap, wat die hoogwaters van die somerreëns nog nie glad gespoel het nie! Die groot wonder het gebeur!

Sy het opgestaan. Tsai het intens geluister om die soet klanke van haar lied in die aandlug op te vang.

„My hart is vol van verlange en liefde!

My hart is oorlaai met vreugde en liefde!

Het die Steenbok na my oor die velde gekom?

'n Welkomsgroet bied ek aan my minnaar!”

Binne 'n oogwink het sy fier liggaam voor haar gestaan.

Die aandwind het 'n sagte trilling oor die rivierbedding gebring!

* * *

Hulle eerste kennismaking was met die nuwe maan. Hy het haar hande geneem, hulle het mekaar aangekyk. Haar naam was Lintele, kind van die liefde. Dit was vir Tsai genoeg. Sy het haar oë neergeslaan, sy het voor hom gekniel. Soos 'n gedagte het sy weer verdwyn, terug na die skerm. Die oomblik van ontmoeting was vir haar te magtig!

Die volgende dag was Tsai op sy hoede. Sy kon die teenwoordigheid van 'n vreemdeling in die omgewing aan die ander verraai, hulle kon hom agtervolg. Teen die aand-skemering het hy egter geweet dat sy vrees ongegrond was. Toe die duister daal het hy weer teen die hange langs die rivieroewer sy plek ingeneem. Sou hulle hom in 'n lokval lei? Sou 'n gifpyl uit die duister op hom gerig word sodra sy hom ontmoet? Nogatans kon Tsai nie die drang weerstaan

om sy lewe in haar hande te waag nie.

Die liefde het hom nie verraaï nie! Hulle liefde vir mekaar het van aand tot aand gegroei, sy koms het 'n geheim gebly vir die jagters van hierdie stam.

Selfs toe Tsai moes verneem dat sy eie mense deur hierdie stam oorrumpel en om die lewe gebring is, kon hy nie afsien van sy kind van die liefde nie. Saam met die maan het hulle geneentheid gegroei, hulle moes egter versigtiger wees. Soms kon hulle net vir mekaar geheime boodskappe op die rotse uitgraveer.

Tsai moes sy stryd alleen stry. Hoe kon hy die dood van sy eie mense wreek, sy liefde vir haar was te groot! Sy eie voorvadergeeste sou tevrede wees om te weet dat hy tot volle manlikheid gegroei het, dat hy 'n bruid vir hom verower het, al is dit die dogter van sy bloedvyand. Sy sou vir hom nuwe lewe bring, hulle twee sou saam 'n nuwe familiestam opbou. 'n Koningseun en 'n Koningsdogter!

Lintele kon Tsai se voorstel om dadelik met hom saam te gaan nie sonder meer aanneem nie. Sy was bang dat hulle agtervolg sou word, daardeur sou sy haar minnaar se lewe in gevaar stel. Haar vader het haar reeds as vrou toegeken aan een van die stamlede, met die groot somerfeeste sou haar eienaar versoek dat die belofte nagekom word. Dit was egter teen haar sin. Sy wou liewers saam met Tsai gaan, vir die liefde sou sy die groot velde ingaan! Hy moes vir haar wag! Tsai moes homself buite gevaar stel, sy sou na hom toe kom sodra die geleentheid daar is.

Vir Tsai was die wag net een lang brandende pyn. Hy het elke aand met die bedding van die rivier opgesluip, haar tegemoet as sy miskien sou kom.

Een aand, met bewolkte lug het Lintele in haar hart afskeid geneem van alles wat vir haar dierbaar was. Sy sou die uitgestrekte vlaktes ingaan saam met haar minnaar, haar hart sou aan hom behoort, aan die jongman wat eintlik haar vyand moes gewees het! Sy het haar bruids-uitrusting met haar saamgeneem. 'n Volstruiseierdop vir water, twee stokkies waarmee sy elke môre vuur gemaak het, saam met 'n bietjie gebreide gifbolblare, haar ronde maalklippie, haar grouklip waarmee sy wortels sou grawe vir haar en haar man — vir hulle twee alleen op die groot vlakte! Dit was al.

Tsai het haar sien aankom. Eers wou hy haar ongesiens laat verbygaan om die agterhoede te dek, om moontlike agtervolgers af te weer. Sy geluk was egter te groot, hy moes haar net van sy teenwoordigheid laat weet, net vir 'n

oomblik haar hand neem om haar gerus te stel, haar aan sy hart druk. Dit sou hulle huweliksnag wees, net 'n oogwink van vertroulike saamwees, hulle oomblik van huweliksplegtigheid!

'n Gifpyl het hom in sy arm getref, dit het diep in die sagte vel binnegedring.

Vir Lintele het hierdie wêreld opgehou om te bestaan. Sy het Tsai se pyl en boog opgeneem om wraak op die vyand te neem, maar dit dadelik weer laat val. Sy het besef dat sy net een ding moet doen. Sy het haar minnaar se arm geneem, die pylpunt uitgeruk en dadelik die gif begin uitsuig. Dit kon nie verhoed nie dat Tsai nog net tyd gehad het om van haar afskeid te neem, hy sou vooruitgaan na die groot Gees, hy sou alles voorberei vir haar koms, hy sou vir haar wag! Dan sal hulle vir alle tye saam wees op die oneindige velde!

Sy het hom opgeneem en uitgedra op die oop vlakte. Niks was meer geheim nie, sy was vir niks bang nie. Dadelik het sy 'n vuurtjie aan die gang gemaak om die wildediere en alle vyande van die lig weg te hou. Sy het vir haar geliefde 'n graf begin grawe, sy moes sy liggaam dadelik weglê, sodat hy volmaak en welskape, fier soos 'n held, die volgende lewe kan ingaan. Met haar grouklip het Lintele die hele nag in die harde grond gegrawe, dwarsdeur die duister nog het 'n vuurtjie op die oop veld geflikker. Selfs toe die son, die groot lig, opgekom het, was sy nog nie tevrede nie. Die bloed van haar hande het in sy graf geloop. Dit moes so diep wees dat die wilde diere dit nie kon versteur nie. In die rivierbedding het sy kleurstof gaan haal om haar man se liggaam te versier vir hierdie grootste gebeurtenis van sy lewe.

Eindelik het sy hom weggelê, niemand het haar kom hinder nie. Water in die eierdop het sy vir hom saamgegee. Haar ronde maalklippie sou sy self tog nooit weer gebruik nie. Ook haar grouklip en sy eie klipmes sou vir hom tot hulp kon wees. Sy wapens het sy op hom neergelê, sodat hy vir homself sou kon sorg. Van die krag van die groot Lig — die brandende kole van haar nagwaak — het sy vir hom saam met die grond ingegooi. Sy het die graf tot bo gelyk gemaak en met doringtakke oordek om roofdiere weg te hou.

Daarna het sy na die skerms teruggegaan om verslae die verhaal aan haar moeder te vertel, van Tsai se lewe en sy mense, van sy spore op die rotsplate in die rivier en op

die groot velde, van sy swerftogte op soek na sy beminde, en van haar liefde vir hom.

Elke middag het sy in die rivierbedding op die rotse vir Tsai 'n nuwe boodskap uitgegraveer. Sy het dit oordek met simboliese tekeninge, almal boodskappe aan haar geliefde. Hy sou verstaan, hy sou weet van haar liefde vir hom, dat sy hom nie verrai het nie. Hy sou weet van haar groot verlange, hy moes haar kom haal! Hoe sou hy sonder haar kon klaarkom, sy moes vir hom help sorg op die oneindige velde en in alle tye!

Miskien het sy te veel van die gifstof ingekry toe sy dit uit haar geliefde se arm probeer uitsuig het. Of was dit bloot van verlange? Met die koms van die nuwe maan het sy haar bruidegom ontmoet by die klipbankie waar hy die eerste na haar toe gekom het. In die rivierbedding het hulle haar gevind.

In die oneindige sou hulle haar die liefde gun. Sy is langs Tsai begrawe. Haar moeder het die liggaam met kleurstof versier vir die ontmoeting. Haar uitgeholde plat maalklip sou sy nodig kry, ook 'n pasgeslagte steenbokkie is langs haar in die graf gelê, sodat sy goed vir haar geliefde sou kon sorg.

So is die legende van Drie-Kops-Eiland.

Sy Laaste Bede

W. A. HICKEY

Simson stap ingedagte. Dis jammer dat sy ouers teë is op die Filistynse vrou. Hy gee toe, daar is seker goeie, hubare dogters onder sy eie volk, soos sy pa tereg gesê het, maar, nou ja, as 'n man kameel wil koop, vra jy raad en aanvaar jy raad, maar 'n vrou soek jy self uit. Hy kan ook nie die vreemde ingewing verklaar wat hy by die eerste aanblik van die Filistynse vrou gekry het nie.

Hy stap met 'n gemaklike gang. Die buitewyke van Timna is reeds in sig en gedagtig aan die vrou van sy hart, versnel hy sy pas. Skielik brul 'n leeu. Dis naby. Simson steek vas want die trilling van die lug stuit hard teen sy ore. Dis ruig en hy kan nie ver sien nie. Instinkmatig voel hy egter dat daardie gebrul vinnig in sy rigting beweeg en 'n stonde verwyt hy homself oor die langlem-dolk wat hy by die huis laat lê het. Nie eens 'n kerie het hy gevat nie.

Voor hom kloof die ruigte en hy kyk vas in die gloeiende, geel oë van 'n leeu wat sonder aarseling, reguit op hom afstorm.

In 'n flitsende stonde sien hy die uitgestrekte naels, oop kake en saamgetrekte spiere, alles teen 'n agtergrond van ruie maanhaar en die doelgerigte wreedheid van ontblote tande wat wil toeklap, vasbyt en verskeur.

Afwerend steek hy sy hand uit en gryp die maanhaar vas. 'n Harde slag en 'n stofwolk volg toe hy die leeu grond toe ruk. Ten spyte van sy swaar gestalte is die man so beweeglik soos 'n kat.

Die leeu veg en spartel, hy krul en brul verwoed, maar die ysterspiere van twee bene wat wydsbeen oor hom staan, hom vasknyp soos 'n meedoënlose skroef, is onbeweeglik.

Die maanhaarkop hou Simson in die staalgreep van sy regterhand en buig dit stadig, onverbiddelik agteroor. Dan gryp hy skielik met sy linkerhand die onderkaak en dwing dit af.

Met diep roggelgeluide wat walms in Simson se gesig laat opslaan, protesteer die leeu. Hy spook en rem en beur verskriklik teen die dwang. Met 'n enkele rukbeweging en dan 'n splitsing, beëindig Simson alles. Nekwerwels breek

en bene en senings kraak en skeur, en die leeu ruk spasmodies, en lê dan stil.

Die Reus van Israel sleep die karkas 'n entjie in die rugte en slinger dit in 'n struik. Hy vryf sy hande aan 'n krueibossie af en hervat sy wandeling.

Toe hy wegstap, loof hy sy Skepper met 'n lied in sy hart. Sy stap is jeugdig, vol veerkrag en blye verwagting. In hierdie gees van opborrelende vreugde en kragtige lewensblyheid voel hy die gemis aan 'n lewensmaat in toenemende mate aan. Daardie aand vra hy ouers, en toe hy loop, is daar erns in sy stem toe hy afskeid neem: „As ek weer kom, trou ons!”

Daar was groot trots in haar hart toe sy instemmend knik. Hierdie jong reus, leier van sy volk, prins onder prinse, met sy lang haarlokke en ongebreidelde krag, was 'n gesogte by die dogters, nie net van sy eie volk nie, maar ver buite die landpale van die volk wat hy regeer het. Sy is voorwaar bevoorreg om sy guns te wen.

Die tyd het nie gesloer nie, en toe Simson weer na Timna loop, is dit om te trou.

Hy herinner hom die ontmoeting met die leeu en draai uit om weer te kyk. Die karkas is kaal gestroop deur voëls en wilde diere, en heuningbye werk nou ywerig tussen die kaalgepikte ribbes deur. Sy voorliefde vir soetigheid laat hom die nes gou plunder, en weldra loop hy weer en neurie onderwyl hy aan die soet, vars koeke loop en eet.

Van ver af sien hy reeds die bruilofsgaste. Dit dreig om hom te ontstem, hom met 'n onverklaarbare soort wrewel te vul. Filistyne, almal Filistyne, die vyand van sy volk, dink hy, en 'n oomblik het hy afsku in die daad om met een van hulle te trou.

„Maar hoekom dan 'n Filistynse vrou, my seun?” het sy pa verbaas gevra.

„Sommer, sy geval my,” het hy bot, onvriendelik geantwoord.

Driftig spoeg hy 'n koutjie byewas uit en dink weer aan die ongerymdheid van sy toestand. Hy voel bra berouvol oor die onverdiende, kortaf antwoord aan sy vader.

Maar sy gedagtes skram ontwykend weg. Op 'n afstand kom sy bruidjie aangehardloop. Sy is mooi en jonk en lenig.

Hy vou haar in sy arms toe en soen haar met 'n vreemde hartstog, vreemd omdat hy haar lief het en tog haat.

Die bruilof het dae lank geduur. Die tweede, derde dag was Simson reeds verveel.

„Waaroor peins jy, my man, jy lyk so stroef?” het sy vrou gevra en hom 'n kruik vol wyn gegee.

„Seker maar die min slaap,” het hy onopreg geantwoord en flou geglimlag onderwyl hy die wynkruik eenkant neersit.

„Ek drink geen wyn of sterk drank nie, onthou dit, hoor!”

Later het dit gelyk of die gaste aanstoot aan sy houding neem en ter wille van die skyn van huweliksgeluk sê hy:

„Raai, raai: Kos het uit die eter gekom, en soetheid uit die sterke.” Die raaisel was oorspronklik want g'n sterfling wis van sy ontmoeting met die leeu nie. Dae lank het hulle geraai en telkens het Simson „nee” gesê en moes hulle weer probeer.

„Moenie so neul nie, vroumens,” het hy sy vrou goedig, met die glimlag van 'n verliefde bruidegom, bestraf toe sy aanhoudend aandrang op die antwoord van sy raaisel.

„Ag, sê my, toe!” Haar stem was pleitend, sag; haar gesig verleidelik naby syne toe haar hand sy voorkop streel. Die gloed in haar oë vertolk hy verkeerd en in 'n oomblik van swakheid gee hy toe: „Wat is soeter as heuning, en wat is sterker as 'n leeu?”

Eers later, te laat, toe die Filistyne dertig pakke klere eis — die wedprys op die raaisel, besef hy eers dat bloed mos dikker is as water. Die gewaande liefde van sy vrou het hy nou nugter opgesom: 'n verraderlike set, deur die verpesters van sy volk. Sy woord was egter nog sy eer en skielik het sy volksgevoel weer vol en vinnig in hom opgebruus.

„Vir ons is dit oneer om aan Faraoskind te skuld. Ek sal vereffen, maar julle, Fillistynse skorriemorrie, sal met 'n bloedprys moet betaal.”

Wild en onkeerbaar, deur 'n gees wat hom dwing, het hy onder hulle ingevaar en links en regs die dood gesaai totdat dertig lyke op die vlaktes van Askelon gelê het.

„So, vat húl klere nou en wees tevrede, wees bly dat ek julle nie almal uitgeroei het nie!”

In Israel was Simson se mense bly oor sy terugkeer. Hulle het die wispelturigheid van sy gees geken, hom dit soms kwalik geneem, maar telkens wanneer hy hom weer in ootmoed en gediensdigheid aan die eise van sy volk gewy het, het hulle geredelik vergewe en blymoedig weer gevolg waar hy gelei het.

Man alleen was hy opgewasse, bestand teen vyandslis, want dié wat in 'n botsing met hom die lewe behou het, se moraal was te verpletter om ooit die stryd weer aan te knoop.

Maar die lewenskrag in hom was te groot vir 'n enkele liggaam. Die rus en vrede wat sy mense gesoek het, was strydig met die steeds gistende gees van hul Rigter, met sy dringende krag wat uiting moes soek deur breuke te slaan in die vyand se kant. In Timna het die mense nog met bewing en vrese gepraat van „Die Verskriklike Brui-
lof,” toe die reus weer goedsmoeds opdaag om sy bruid te eis.

„Maar . . . , maar ons het gedink jy wil haar nie meer hê nie,” het die verskrikte skoonvader gepleit en versko-
ning gemaak toe hy die dreigende lig in Simson se oë sien, „sy is reeds weer getroud.”

Ongelukkige man. Hy het die dag vervloek waarop sy dogter hierdie kragkolos ontmoet het. Ramp en skade het sy huis getref.

Simson het hom verlustig in die genot van sy wraak. „Gespuis, verdrukkers van my volk!” het hy geprewel en behaaglik toegekyk hoe knetterende vlamme die Filistynse koringoes verteer. Driehonderd jakkalse, verbouereerd, verskrik, en met die sterte twee-twee aanmekeer gebind, het kruis en dwars, van hoek tot kant brandfakkels aan hul sterte deur die ryp, droë graanlande gesleep en die vlammesee algaande nog laat aangroei.

„Wat het jy nou gedoen? Die onlus van die vyand op ons hals gehaal!” Afvallig in hul klein geloof het Israel hom verwyt.

Hy hoor hulle aan met weemoed in sy hart. Dié swakheid van sy volk tog! Verguis, geknel en onderdruk, sou hulle enigiets vir selfbehoud wou doen, selfs hom, hul Rigter ook verloën.

Sou dit daarom wees dat die hand van God so swaar op hulle druk? Die onbestendigheid, afvalligheid wat hulle telkens herversekering in afgode laat soek?

Selfs gediensdig die Filistynse juk gedoog, onder hulle introu en hul eie sedes, tradisies, godsdiens en volks-
gewoontes inboet ter wille van die sogenaamde vrede?

Wat 'n vrede vir die volk van God!

Hy het die swaard weer aangegord. Hy sou om God se ontwil die buffer wees.

„Bedaar, kalmeer juisself!” het hy gemoedelik bestrawwe, „ek sal self die losprys wees. Bind my vas en lewer my maar uit!”

Sterk in hulle swakheid, bly oor die insiklikheid, bind hulle hom stewig vas en bied hom verskonend aan die vyand.

Met wraaklus in hul harte het die gepeupel toegesak.

Byna waansinnig in hul blydschap het hulle om die hulpe-lose, gebonde, skadeloos gestelde Simson saamgedrom, want almal wou geleentheid hê om 'n slaankans te bekom.

Onopmerklik sak sy hoof en sluit sy oë onderwyl sy lippe saggies prewel.

En toe hy opkyk, deins dié wat naby staan terug want in sy oë blits 'n lig wat onheil spel.

Net 'n enkele beweging van sy hande, sy arms, sy bene, en al die toue spat aan flenters asof dit garingdrade was.

Gillend, angsbevange en tot die dood bevrees, vertrap die vlugtendes mekaar en weet dat hulle bedreig word deur 'n skrikbeeld van die dood.

Hy volg sy voordeel op maar al slaanding wat hy kry is 'n eselskakebeen, en hiermee verrig hy groot verwoestingswerk. Toe hy moeg is, kyk hy rond. Vanaf die bultjie waar hy staan, sien hy duisend dooies en verminktes wat die wraak van sy Heer moes ontbeer. Die toneel is ongelooflik selfs vir hom.

„. . . Met 'n eselskakebeen het ek duisend man verslaan!”

Sy oë dwaal onbegrypend oor die slagveld. In wanorde-like verstrooiing lê die wapens, spiese, swaarde, skilde, pyl-en-boë en strydbyle en hier en daar 'n oorlogshelm wat verfrommel is.

Hy kyk ongelowig na die wapen in sy eie hand.

„Kakebeenshoogte . . . !” fluister hy en wend sy oë in ootmoed na omhoog onderwyl hy die bloedbevlekte been saggies uit sy hand laat val.

Bevredig deur die wraak, vind hy weer tydelik gemoedsrus in die bediening van sy volk, en in toewyding en aanbidding. Misverstand word uit die weg geruim. Eer wat hom toekom, word hom welwillend toegesê want almal is weer gretig om sy guns te wen. Sy volk vergewe hom weer sy misdrywe en praat van sy voortreflikheid.

Hy staan sy plek weer vol, en gee hier raad en tugtig daar waar die neiging wil-wil kop uitsteek tot afgodsdienis. Sy mense eer en vrees hom en gehoorsaam gou-gou weer, Maar dan, wanneer sy invloed weer rus en kalmte gebring het, sy naam by die volk in eer herstel is, ontwaak die sluimerende drange weer.

Stadig, onopvallend eers, soos sypelwater deur die wal van 'n opgaardam, maar gaandeweg al sterker, met groter drif, al moeiliker beheerbaar, totdat dit ten laaste bruisend deurbreek soos 'n vloedgolf wat deur alle weerstand bars.

Soos 'n leeu wat mensebloed geproe het altyd terugkeer na die toneel van sy eerste vangs, word Simson ook weer aangetrek deur die vroue van die vyandskamp.

Bemoedig deur die duister, beraad die Filistyne om hom voor te lê. Hulle sluit die poorte as hy binne is want more, voor die rooidag breek, gaan hulle hom, in haar huis, in sy slaap oorval.

Maar middernag, as alles stil en rustig is, stap die reus onder die blink lig van die sterre uit. Hy neem die poorthek met slot en grendel, die kosyn en alles met hom mee want wie het ooit 'n slot bedink wat hom kan keer?

Helaas, hy word al verder deur sy drifte en sy drange weg gelei: Delila, soos almal voor haar, is ook 'n Filistynse vrou. Weer erken hy: „Sy geval my, ek bemin haar!”

Tot hier deur die Voorsienigheid bestier, het hy wyn en sterk drank vermy en sy hare ongehinderd lank laat groei, Maar nou word hy sag aan die hand van 'n vrou. Sy bekoor hom. Haar invloed is narkoties, en ten spyte van sy reuse liggaamskrag word sy gees geleidelik getem, verdoof en dan oorrompel. Sy morele weerstand verbrokkel totdat hy slaafs die dinge doen wat sy versoek; die knieë buig voor Dagon sonder die geringste prik deur die gevoel van sy eie gewete.

Hy word stomp, ongevoelig vir die gruwel van die daad wat sy volk oonteer en sy God onheilig.

In sy roes word hy blind vir haar valsheid en doof vir die stem van sy eie gewete. Hy is pap en verwater en 'n gunstige werktuig in die hand van die bose.

„Hierso, kom, kom lê jou kop hier op my skoot, ek wil jou hare kam. Toe, kom!”

In soet bedwelming, soos deur die nektar van ou wyn, voel hy 'n oomblik nog verhewe in haar omhelsing voor sy gees geheel en al omswewe word en dan uitvaar in die diep vergetelheid van slaap. Met die lis van 'n duiwelse lig in haar oë sny sy op die maat van sy snorkgeluide deur die dik Nasireërslokke. Koorsagtig, dringend sny sy totdat dit ordeloos en slordig, dik en nutteloos in strengelslierte op die grond bly lê, die eertydse sieraad van sy hoof, die toonbeeld van sy manlikheid en krag, die simbool van 'n Godsverbond.

En dan: „Simson, Simson, word wakker, hier is hulle . . . hier's jou vyand!”

Oudergewoonte spring hy op en neem sy stand.

By deure en by vensters borrel Filistyne in, eers huiwerig, maar dan tog meer vrymoedig want die potsierlike, half stompgeskeerde kop wek hulle laglus en nie vrees nie.

Simson se oë sien alles vinnig raak. Hy sien dit, voel dit dat sy hare afgesny is.

Skielik voel hy moeg en afgeleef en swak. Gewone vlastoue waarmee hy gebind word, voel of dit deur sy gewigte sny.

Twee, drie manne stamp en ruk hom rond asof hy 'n hulpelose kind is. Hy het geen weerstand nie en buite in die straat is hy gou die spot van die vyand. Die jouende gepeupel is byna rasend van vreugde oor sy hulpelose bespotlikheid — die eertydse held van Israel, nou pateties in sy onmag.

„Laat ons seker maak, sy oë uithaal, want strakkies flous hy ons!”

Die daad word by die woord gevoeg en kermend moet hy nog dié foltering ook verduur.

Met slegs klonte bloed waar oë was, word hy ru, gevoel-loos in die tronk gestop met kettings aan sy pols- en voetgewigte.

En toe is daar in Israel rou bekla.

Sommige verwykend: „Hy wou mos heul met die dogters van die vyand, sy rolplek voor die leeu se bek gaan maak!”

Ander weer was minder kras en meer toegewend: „Soos al ons konings vóór hom, was hy ook maar 'n mens en feilbaar. Om sy perke vas te stel, is die mens mos juis deur God so onvolmaak laat staan.”

In die tronk, in die dae wat weke en maande geword het, is Simson tot in die stof verneder. Erger nog as die smartlike pyn in sy ontsteekte oogkaste was die pyn van berou in sy siel. Die gemis aan sy krag was ontsettend, maar ontsettender nog die gemis aan die Godsvertroue.

Hom wie dit beskore was om twintig jaar sy volk te rig op die koers van 'n nasie, is skielik al sy eer en glorie ontnem. In die tronk, tussen moordenaars en boewe, doen hy slawewerk. Hy word gegésel en verneder — hy wat geen neerlaag ooit geken het nie, wat telkens die vyand eehandig getem het en mens en dier aan brokke kon breek.

Swak en klein en ellendig wag hy nou op die dag van die oordeel, op die dag dat die vonnis moet val.

Maar diep verborge weë maak voorsiening vir SY eie doel. Langsaam, onopvallend groei die reus se hare weer. Sy lokke word stadig langer en geleidelik was sy krag weer aan. Al merk hy dit, verswyg hy dit want sy eie ek is fyn verbrysel.

„Loop haal Simson, ons wil pret maak; laat hom kom beken ons god oorskadu syne!” gebied die vorste wat in die tempel, saam met duisende uit stamverwante lande, voor die afgodsbeeld vergader om hom te loof vir die val

van Simson, en met hom ook sy nasie. Die wag doen hom geleide uit die tronk en deur die skare tot binne in die tempel.

„Bring my tot waar die steunpilare staan,” fluister Simson hees en aangedaan.

„Dankie . . . dankie, God, en versterk my net nog hierdie keer . . . !”

Onseker, tastend voel sy hande tot hulle die gladde marmer raak waarop die ganse dak gestut is. Hy voel die krag weer in hom stroom. Dis bomenslik. Dit bruis en tintel en deurvloei sy wese, en hy voel 'n nuwe gees wat hom besiel, hom krag gee en geloofsvertroue.

Sy arms gly om die pilare. Hy hou sy asem op. Hy trek sy spiere saam en beur dan vorentoe met die krag van elke sening in sy liggaam. Knoppe trek op honderd plekke teen sy vel op waar dit tril, en dy, en stu. Dan kraak en breek en donder duisend tonne messelwerk en balke, splinters, klippers wat dreunend, stuiwend toesak op drieduisend mense en hul afgod.

Angs- en kermkrete vul die lug, dog net 'n wyle, en sterf dan weg soos die stof wat uitstuif bo die puin en dan stadig neersif soos 'n roukleed oor die dood . . . die dood waarin 'n laaste bede nog verhoor is.

Die Skrywer En Die Waarheid

(Samespraak)

VINCENT VAN DER WESTHUIZEN

Die samespraak speel in een bedryf af. Die toneel bly altyd deur dieselfde. Dit stel 'n studeerkamer voor met 'n lessenaar in die een hoek. Op die lessenaar brand 'n leeslamp wat net genoeg lig verskaf om die res van die vertrek in 'n geheimsinnige halfduister te hul. Teen die muur staan 'n boekrak, en aan die portretlyste hang 'n paar ultramoderne skilderye, van die tipe waarvan 'n mens nie juis kan uitmaak wat bo- en wat onderkant is nie. Die effek van 'n studeerkamer kan verder aangevul word deur 'n paar gemakstoel, naturellewapens en implemente orals gerangskik, en ander kuriositeite, maar al hierdie voorwerpe moet slegs vaag herkenbaar wees in die swak lig. Die lessenaar en die hele vertrek skep die indruk van wanordelikheid.

Die enigste twee persone is Jan Wijngaardt, 'n middeljarige skrywer, en die Wese.

Wijngaardt skep die indruk van algehele moegheid en bedruktheid. Sy klere is effens verwaarloos en sy hare deurmekaar, maar *geen* baard, lang hare, of uitspattige kleredrag nie.

Die Wese kan miskien lang hare hê en 'n wit jurk, maar geen vlerke, stralekrans, of dergelike smukke nie. Sy gesig is kaal geskeer en wit gepoeier, en, hoewel jeugdig, skep hy 'n indruk van diepe erns en waardigheid, 'n eienskap wat regdeur gehandhaaf word en 'n ondertoon bly, selfs as hy skerts.

Wijngaardt sit geboë oor die lessenaar, smyt die pen met 'n ongeduldige gebaar op die lessenaar neer en vryf met sy handpalm oor sy oë en voorkop.

WIJNGAARDT: Waarheid, waarheid, waarheid! God, wat is die waarheid! (*Hy sit met sy oë moeg gesluit.*)

Die Wese kom uit die skaduwees te voorskyn en laat sy hand oor die ry boeke in die rak gly. Asof afgetrokke lees hy die titels van die boeke.

DIE WESE (*saggies, net hoorbaar*): „Die Slapende Tuin,” deur Jan Wijngaardt . . . „Die Eindelose,” deur Jan

- Wijngaardt . . . „Die Duister Uur,” deur Jan Wijngaardt . . . mmm . . . nie sleg nie . . .
- WIJNGAARDT (*skrik halfpad orent uit sy stoel*): Wat . . . wat . . . wie is jy?
- DIE WESE (*wend hom tot Jan*): Ek? Ag, dit maak nie juis saak nie. Vir jou maar van min belang, in elk geval. (*Hy keer sy rug op Jan, asof die onderhoud daar afgeloop is.*)
- WIJNGAARDT: Maar wie en wat is jy? Wat soek jy hier in my woonstel op so 'n . . . so 'n onhebbelike uur van die nag?
- DIE WESE: En wat, as ek mag vra, soek jy by jou lesse- naar op so 'n onhebbelike uur van die nag?
- WIJNGAARDT: Maar jou . . . jou vermetele rondloper! Wat traak dit jou miskien? (*Hy tree dreigend dog versigtig nader.*) Verlaat my huis. Trap onmiddellik, of . . . (*Hy maak 'n gebaar in die rigting van die telefoon.*)
- DIE WESE (*onverstoord*): Vergeet daardie ding. Hulle sal jou uitlag. Kom ons gesels liewers 'n bietjie. Ek sal jou sê wat jy so laat hier soek. Jy soek die Waarheid.
- WIJNGAARDT: Wat ek soek en wat ek laat is *my* besig- heid. Wie op Gods aarde gee jou die reg om hier ingesluip te kom en my rus te verstoer?
- DIE WESE: Rus? Jy ken geen rus nie. Jy soek, soek altyddeur, na my. Jy het my eintlik ontbied, weet jy?
- WIJNGAARDT (*nou meer verwonderd as verontwaardig*): Jou ontbied? Waarvan praat jy, man? Kyk, laat ons mekaar mooi verstaan. My woonstel is *nie* 'n aanloop- plek vir dronklappe wat van kostuumbals af kom nie. Loop soek vir jou ander geselsplek as jy wil gesels. Ek is 'n man wat hard werk, en laat werk, en ek het regtig nie tyd om . . .
- DIE WESE: En nie sonder resultaat nie. Kyk net so. (*Draai weer na die boekrak.*) Nege romans, ses digbundels, drie dramas . . .
- WIJNGAARDT: Ja — ja dankie. Daaraan is ek ook al gewoond. Maar . . .
- DIE WESE: O, beslis! Die naam van Jan Wijngaardt is op almal se lippe! Daarom kan ek nie verstaan waarom jy my nog laat roep nie. Jy behoort baie tevrede met jouself te wees!
- WIJNGAARDT (*vlam weer op*): Jou vermetelheid is oor- weldigend. Wanneer het ek jou laat roep? En wie *is* jy? Wat my betref is jy 'n dronk indringer!
- DIE WESE (*kom vierkant voor hom staan*): Indringer! Ek? Nee, eintlik is ek 'n uitgeworpene. Jy herken my,

- daarom was die skok vanaand toe jy my sien nie halfpad so groot as wat 'n mens normaalweg sou verwag nie. Of laat ons dit so stel, in jou onderbewussyn onthou jy my vaagweg, maar jy herken my nog nie juis nie. Ek kan jou nie kwalik neem nie — dis soveel jare gelede dat ons paaie uitmekaar gegaan het . . .
- WIJNGAARDT: Jy is nie dronk nie, jy is stapelgek. Wanneer het ons paaie ooit gekruis, en wanneer het ek jou geken?
- DIE WESE: Sê my, hoe lank is jy al 'n skrywer?
- WIJNGAARDT: Dertien jaar gelede het my bydraes in tydskrifte begin verskyn . . .
- DIE WESE: Reg! Dertien jaar gelede het jy jou rug op my gedraai. En nou soek jy my.
- WIJNGAARDT: In Vadersnaam, *wie is jy?*
- DIE WESE (*eenvoudig*): Ek is die Waarheid.
- WIJNGAARDT (*snak na sy asem, maar herwin gou sy ewewig. Sy lag is geforseerd*): Ha! Ha! Ha! Nee wag, sit ou kêrel, sit. Dié ding begin kostelik word. Jy's reg, kom ons gesels. Miskien beteken die gesprekkie nog vir my 'n stuk of twintig ghienies in die een of ander letterkundige tydskrif.
- DIE WESE (*bly roerloos staan*): Wat wil jy van my hê? Jy het my nie juis nodig nie. Jy vaar heeltemal goed sonder my.
- WIJNGAARDT: Wie jy werklik is en wat jou doel is met hierdie sotterny gaan my verstand te bowe. Maar ons kan saamspeel. Miskien is dit leersaam. Ek hou daarvan om gedagtes te wissel. Nou goed, ons speel kamma jy is die Waarheid. Wat kan jy my meedeel?
- DIE WESE: Dis jý wat na my gesoek het. Wat is dit wat jy graag wil weet?
- WIJNGAARDT: Ja sien, nou het jy my so half in 'n hoekie vasgekeer. Hoe sal ek dit stel? Al die jare skryf ek, probeer ek om so na aan die Waarheid te hou as wat menslik moontlik is, maar nou . . . nou weet ek nie . . .
- DIE WESE: Ek wag.
- WIJNGAARDT: Ag, dis net dat . . . jy weet, daar is 'n sekere stadium wanneer 'n mens voor iets te staan kom, iets wat jy moet oorbrug. Dis asof jy 'n definitiewe grens soek tussen waar en onwaar, tussen Goed en Kwaad . . . ek weet nie. (*Hy lag verskonend.*) Miskien is ek 'n bietjie vaag.
- DIE WESE: Hierdie skilderye, Jan, het jy hulle versamel in jou omswerwinge, jou soektog na die Waarheid?
- WIJNGAARDT: Dis die werk van meesters. Wat daarvan?

DIE WESE: Nee, ek vra sommer. Sê my, Jan, sal jy my een vraag eerlik en reguit beantwoord?

WIJNGAARDT: Trek maar los. Laat ons hoor.

DIE WESE: Waarom skryf jy?

WIJNGAARDT: Waarom... ek... skryf? Maar dis... 'n belaglike vraag! Waarom eet ek? Waarom slaap ek? Waarom skyn die son?

DIE WESE: My vraag bly onbeantwoord.

WIJNGAARDT: Nou goed, meneer die Waarheid, hier is dan die waarheid: Ek skryf omdat ek moet, omdat dit 'n goddelike roeping is. Ek dien my naaste en my God op hierdie nederige wyse...

DIE WESE: Nederige wyse...?

WIJNGAARDT: Ja, nederige wyse. Hoe kan ek anders? Die talent is aan my gegee; die skrywery is in my bloed en in my wese. Ek sou die waarheid verkrag as ek moes swyg. God het my gestuur...

DIE WESE: Jy praat alweer van die Waarheid.

WIJNGAARDT: Dit is die waarheid!

DIE WESE: Wat jy nou gesê het is alles onwaar.

WIJNGAARDT: Hoe dūrf jy! Wat weet jy van my af?

DIE WESE: Onthou, ons het mekaar eenmaal geken. Maar kom ons gooi die soeklig net op een aspek — daardie nederigheid van jou. Jy onthou seker nog dr. Lamprecht se resensie op jou jongste boek...?

WIJNGAARDT: Ek sou so dink. So 'n infame, vermetele moddergooiery!

DIE WESE: Dan onthou jy natuurlik ook dat jy 'n ander kritikus 'n paar pond in die hand gestop het om so 'n... ons sal maar sê so 'n kontra-resensie te skryf...? Alles daarin vervat was natuurlik jou eie gedagtes.

WIJNGAARDT: Maar my goeie hemel, man! Iets moes gedoen word. Kan ek toesien dat die man my staan en swartsmeer en met gevoude hande sit? Ek moes die waarheid aan die lig bring, en kon tog immers nie sêlf die vent se kritiek beantwoord nie!

DIE WESE (*meer tot homself*): Die Waarheid bring homself altyd aan die lig. Dit was nie juis nodig nie.

WIJNGAARDT: En ek moet sê jy stel dinge baie ver-wronge voor. Jy... e... druk dit 'n bietjie kras uit.

DIE WESE: Ek is die Waarheid.

WIJNGAARDT (*spottend*): Leer my ook die Waarheid.

DIE WESE: Daarvoor sal ons so 'n bietjie moet teruggaan — so 'n dertien jaar of wat. Kom ons begin maar daar waar jy jou eerste gedigte aan die pers gestuur het. Of kom ons begin by Renee...

WIJNGAARDT (*vlieg orent, merkbaar ontsteld*): Wat . . .
wat weet jý van Renee?

DIE WESE: Alles. Dit was nog voor ons paaie geskei het.

WIJNGAARDT: Laat Renee hier uit! Wat het sy met die saak te doen?

DIE WESE: Baie. Sonder haar kan die Waarheid nie uitkom nie. Begryp my, Jan. Jy het my gevra wat die Waarheid is. Ons doen saam so 'n bietjie navorsingswerk na aanleiding van jou bewering van so-ewe oor wat jou motiewe is. Eintlik is dit ook onnodig, want jy ken my en ek ken jou, en ons altwee weet hoe sake staan. Maar ek moet aan jou versoek voldoen.

WIJNGAARDT (*grynslaggend*): Laat ons hoor.

DIE WESE: Goed. Daar was Renee en haar ryk, trotse familie, en daar was julle huis en meubels en motor — alles van die deftigste. Of eintlik moet ek sê háár huis en háár meubels en háár motor — jyself het niks besit nie.

Wijngaardt skuif ongemaklik rond, maar swyg.

DIE WESE: En daar was jou minderwaardigheidskompleks en die begeerte om self ook iets tot stand te bring, om jouself te laat geld in haar oë en in die oë van haar familie. En daar was die vyfduisend pond en die boeke . . .

WIJNGAARDT (*woedend*): Dis genoeg!

DIE WESE: Dis ní genoeg nie. Ons is nog nie eens by die kern van die saak nie. Dis jou geluk dat oubaas Jackson jou jammer gekry het, of, om meer sekuur te wees, dat hy die goeie naam van sy besigheid jammer gekry het. Hy kon hof toe gegaan het, maar jy is toe net ontslaan . . .

WIJNGAARDT: Bly stil!

DIE WESE: Glo my, dit was nie haar bedoeling of begeerte om jou te verlaat nie, maar onder die dwang van haar trotse ouers . . .

WIJNGAARDT: In die naam van God, bly stil!

DIE WESE: En toe het sy jou sonder huis, sonder meubels, sonder motor gelaat. Jy het haar baie gemis, maar jou verlore prestige het jy meer gemis. Toe, doodnatuurlik, was die drang om jouself te laat geld sterker as ooit tevore. Jy wou „haar wys,” hulle almal „wys.” Jy wou die wêreld aan jou voete hê.

WIJNGAARDT (*banaal*): Hoe uiters interessant.

DIE WESE: Toe het jy begin verse skrywe, en prosa. O ja, die weemoed was daar, die pyn was daar, die verlange was daar! Maar die sterkste, oorheersende faktor was

jou gekrenkte trots en selfsug. Jy wou naam maak, 'n naam wat op die buiteblaaie van boeke in goue druk staan. En jy het geslaag, Jan. Jou drome is vervul. Waarom soek jy na al die jare weer na my?

WIJNGAARDT (*meer pleitend as gebiedend*): Gaan nou asseblief. Laat my met rus. Ek het jou gesoek, maar jou teenwoordigheid staan my nie aan nie. Ons — ons is na al die jare effens van mekaar vervreem. (*Weemoedig.*) Dit lyk nie... asof ons meer baie goed oor die weg kom nie.

DIE WESE: Ek gaan, ja. Les nommer een was nie baie geslaagd nie, nie waar nie? Maar jy sal altyd nog na my soek en nooit rus kry nie. En ek sal weer kom. Aan die einde van jou dae sal ek weer kom. Miskien verstaan ons mekaar dan beter... Jan? (*Hy verdwyn in die skaduwees.*)

Wijngaardt sit lank en peinsend in sy stoel. Dan vee hy weer met sy hand oor sy oë soos een wat uitgeput is.

WIJNGAARDT: Ag ja, die steurende gedagtebeelde. Op die manier sal 'n mens ook geen steek werk gedaan kry nie.

Hy trek sy manuskrip nader en begin lusteloos skryf.

GORDYN.

Claude Debussy: Die Komponis As Kritikus

HANNES UYS

Debussy se musiek het al baie opskudding verwek nadat dit in die publiek gehoor is in die laaste helfte van die vorige eeu. 'n Mens is of skoon versot daarop of jy hou glad nie daarvan nie. Daar is g'n tussenstadium nie. Sy publiek is verdeel in twee definitiewe kampe, sy teenstanders en sy kampvegters. Hy wou iets nuuts sê in die musiek en dit het hy gedoen en of 'n mens nou daarvan hou of nie, sal nou nie hier bespreek word nie.

Dit is te begrype dat Debussy as student 'n probleem was vir dié wat hom onderrig het. Reeds vroeg het hy sy gevoel getoon vir onortodokse opvolgings-van akkoorde, en dit was bekend dat daar kwaai argumente in die Konserwatorium was waar hy studeer het oor die wette van tradisionele harmoniese prosedure.

As gevolg van sy sterk reaksie teen die Romantiek het hy die leier van die Impressionistiese skool in die musiek geword. Dit is te verstaan dat, juis omdat hy weggebreek het van die gebaande paaie van sy voorlopers en om al die musiekbeperkings wat hy omver gegooi het, hy baie kritiek uitgelok het.

Soos baie ander groot komponiste moes Debussy onder die aanvalle van onbevoegde kritici ly. Alhoewel sy musiek goed ontvang is deur die koerante waarin sulke vername musici soos Paul Dukas of Alfred Bruneau tydelik of permanent die musiekresensies geskryf het, was daar ander gevalle waar hy in sy uiterste fyngemoelikeid erg gekwes is. Hy het nie kritiek geminag as dit van iemand gekom het wat hy op kunsgebied respekteer het nie. Byvoorbeeld, toe Ernest Chausson baie terughoudend was oor Debussy se Snaarkwartet, het die komponis probeer om daardie resensie te ontleed om na te gaan watter tekortkominge in sy styl en vorm te bespeur is. Maar hy was erg verontwaardig wanneer sy werk gekritiseer is deur amateur-kritici, dokters sonder pasiënte, argitekte wat nie geboue gehad het om te bou nie, advokate sonder sake om te bepleit — kortliks, almal wat hulle op hierdie terrein begewe het net omdat hulle daardeur verseker was van vry toelating na konserte en teaters. Wat hom die meeste

gepynig het, was die gesag waarmee daardie windbukse sy musiek wat hulle nie verstaan het nie, beoordeel het. As hy tog maar 'n medium kon kry om sy kritici te antwoord! Die skrywer Balzac het selfs 'n koerant gekoop om dit te kan doen. Dink net wat dit vir Debussy beteken het toe hy eendag 'n besoek ontvang het van die sekretaris van die *Revue Blanché*, wat hom gevra het om op hulle staf te kom as musiekkritikus. Natuurlik was hierdie maandblad nie so belangrik soos 'n daaglikse nuusblad nie, maar dit is gelees deur 'n intellektuele groep wie se waardering ontsaglik baie vir hom beteken het. Later toe hy die vaste musiekkritikus van die dagblad *Gil Blas* geword het, het hy 'n medium gevind om sy gevoel teenoor die domheid en die onkunde van sekere grootpraters onder die aandag van die publiek te bring. Hy kon hierdie medium ook gebruik as 'n wapen wat aanvalle kon afkeer en wat hom ook die geleentheid gegee het om terug te slaan. Hy sou heeltemal sonder bande wees en kon konserte en operas resenseer en dan ook is hy toegelaat om enige tegniese artikel te skrywe waarna sy hart verlang. Maar hy wou nie aangesien word as een van daardie wysneuse wie se uitlatinge hom genoodsaak het om terug te slaan so hard as hy kon nie. Hy het dus sy artikels in 'n ligte luim geskryf onder die opskrif „Onderhoude met mnr. Agstenoet.”

Na hy bekendheid verwerf het as musiekkritikus in *Gil Blas* het hy ook vir die volgende koerante en tydskrifte geskryf: *Le Figaro*, *Musica*, *Comoedia*, *La Revue d'leue* en ander.

Dit kan gesê word dat Claude Debussy nooit venynig was nie en as ons deur sy lang lys artikels lees, sal ons selde gevalle teenkom waar sy beoordeling skerp of onvriendelik was. Hy was wel sarkasties, geestig en taamlik persoonlik. Sy geskrifte was pittig, en as dit somtyds skyn dat hy alle gedagtes van regverdigheid ontduik, het hy tog gewoonlik iets saakliks te sê en hy het 'n slag om op die hoofsaak die aandag van sy leser toe te spits, byvoorbeeld toe hy gesê het dat die ware geheim van die aantreklikheid van Richard Strauss se musiek die warrelwind energie is wat daaruit straal. Hy het sy kolom gebruik om sy persoonlike sienswyse oor groot komponiste en hulle werke uiteen te sit, en nou dat hy self een van hulle geword het, is dit interessant om te sien hoedat hy reageer het op sekere meesterstukke, stylsoorte en rigtings in die musiek.

Vir eers... wat het hy van Richard Wagner se werk

gedink? Ons moet nie vergeet nie dat Debussy gelewe het in 'n tyd toe Wagner beskou is as die toppunt van grootsheid van die Duitse musiek. Prins Ludwig Ferdinand van Beiere, die goeiehartige amateur-vioolspeler wat so dikwels saam met die orkeste gespeel het by operas net omdat dit sy geliefkoosde verdryf was, het eenmaal die mening uitgespreek dat Wagner die grootste en eerste komponis van alle tye is. Debussy het hiervan glad nie gehou nie en het geantwoord: „Natuurlik is Ludwig Ferdinand meer van 'n prins as 'n musiekkenner. Wat omtrent Bach? Sou hy, by toeval, net 'n man gewees het met twintig kinders? En Beethoven? — wat feitlik permanent in 'n slegte luim verkeer het, het seker op die een of ander manier doof geword sodat hy sy tydgenote kan verveel met sy laaste snaarkwartet? En wat Mozart aangaan, laat ons liewers niks sê nie: hy was maar net die klein rakker wat *Don Giovanni* geskryf het om Duitsland te vererg. Hemel! *Hier* is die ware grootsheid van Duitsland; hy is só groot dat daar min name met syne kan vergelyk word.”

In 1903 het die blad *Gil Blas* Debussy na Londen gestuur om verslag te gee van die uitvoering van die *Ring* deur Wagner in Covent Garden. Dit is wat hy daarvan gedink het: „Dit is moeilik om te beskryf in watter toestand selfs 'n gesonde brein van 'n mens is nadat hy na die vier uitvoerings geluister het. 'n Mens se eie persoonlikheid is ingesluk, 'n mens is maar nog 'n *leit-motiv* wat rondwarrel in die dans met al die ander. O!...hoe ondraaglik is daardie in pels geklede mense met hulle blink helmte wanneer die vierde deel van die *Ring* bereik word! Stel u voor: nie één van die karakters verskyn op die verhoog sonder die begeleiding van sy *leit-motiv* nie. Dikwels sing hulle dit selfs, wat my laat dink aan 'n bedaarde krank-sinnige man wat sy besoekkaartjie aanbied en tegelykertyd sy naam sing! Die *Ring* besit iets van 'n sprokie vir kinders. Terwyl aan die een kant daar niks belaglik is in die feit dat drake sing, voëls wyse gedagtes uitspreek en 'n beer, 'n perd, twee rawe en ook twee swart ramme (ek het hulle amper vergeet) hulself oulik in die aksie indring nie, skeep hierdie mengsel van wilde menslikheid en goddelike onmenslikheid 'n geweldige deurmekaarspul. Die voorafgaande egter lui soos 'n *dramatiese* kritiek waaroor ek nie bevoeg is om te oordeel nie. Dit is baie nader aan my hart om u te vertel van die gloeiende musiekskoonhede van die *Ring*. Na oomblikke waarin 'n mens verveeld raak en nie meer weet wat om te dink nie, of dit musiek is of drama nie, kom daar passasies van sulke

onbeskryflike skoonheid dat alle kritiek verdamp. Ek sal nie my lesers verveel met die beskrywing van hierdie skoonhede nie, en miskien sal dit nie in hulle eie indiwi-duele smaak pas nie. Daar is egter genoeg van hierdie hoogtepunte om die mees uiteenlopende vereistes te bevredig. Ten slotte kritiseer 'n mens nie so 'n doeltref-fende werk soos die *Ring* nie. Die argitektuur van hierdie skepping raak verlore in die werk as 'n geheel. Die fantastiese dele ontwapen 'n konserwatiewe drang om waardering te meet met 'n maatstok en om daardie rede miskien voel 'n mens dat die struktuur mag intuïmel as 'n mens 'n enkele klippe verwyder."

Debussy se bewondering vir *Parsifal* van Wagner was sonder perke. Hy het as volg geskryf: „*Parsifal* is die grootste finale werk van 'n genie waarvoor 'n mens moet buig in eerbied. Hier het Wagner probeer om minder die diktator te wees van musiek en gevolglik is die musiek vryer. Wagner het nooit groter skoonheid bereik as in die Voorspel van die derde bedryf en in die hele toneel van die Goeie Vrydag-voorstelling nie. Hier het Wagner demon-streer hoe nutteloos die bekende tegniese formules is. *Parsifal* is 'n vriendelike afkeuring van die *Ring*."

As 'n mens Debussy se jeugdige geesdrif vir *Tannhäuser* herroep, wat die oorsaak was dat hy sy vriendskap met Gounod gebreek het, dan besef 'n mens dat Debussy nie Wagner se kuns bestry het nie; sy slae was gemik teen Wagner se invloed op die Franse musiek. Hy het gemeen, en met rede ook, dat die onderdanigheid aan die Duitse ideale die nasionale skool se ontwikkeling in sy eie rigting gestuit het, en hy vergelyk die Franse musiek na die dood van Bizet met „'n mooi weduwee wat nie 'n man sterk genoeg kan vind om haar die nodige leiding te gee nie, daarom gooi sy haarself in die arms van 'n uitlander en word doodgedruk." Dit is waarom Debussy so simpatiek was teenoor die kuns van Gounod, wat goeie musiek geskryf het, wat Palestrina en Bach bestudeer het, en wat nooit geaarsel het om Mozart hemelhoog te prys nie. Was Gounod nie inderdaad 'n opregte Franse komponis, een wat nooit toegelaat het dat die Wagneriaanse golf sy inspirasie beïnvloed nie?"

Debussy se bewondering vir J. S. Bach was ook geweldig. Daar was oomblikke dat hy tog gekla het oor „die blaaië sonder vreugde, daardie mate wat ongenadiglik oor en oor voorkom, altyd dieselfde skelmpie van 'n onderwerp, gevolg deur sy kontra-onderwerp." Uitinge soos hierdie het maar net die lig gesien toe Debussy in 'n slegte luim was.

Een keer het Debussy Bach genoem: „Die groot koning van alle musiek wie se goehartigheid ons toelaat om nuwe leerstellige wysshede te ontdek wat vir ons gegee is as 'n onselfsugtige diens aan die musiek.” Herhaaldelik het hy op die grootsheid van Bach aangedring as „die oorspronklike profeet van musiek.”

„Weet u nie,” het hy gesê, „dat niemand ooit die vryheid van fantasie in die kuns van vorm en frase soos Bach uiteengesit het nie? Ek herhaal my oortuiging dat dit teen die gees van musiek is om te probeer om dit binne die perke van nougesette en tradisionele formules te hou. Musiek bestaan uit klanke en ritmes. Al die orige is niks-beduidende gepruttel van tonge sonder die brein daaragter wat gewoonlik ook goedkeuring van onderwysers wegdra wat self net verbygaande musiek skryf. In Bach vind ons hierdie ‚musikale arabeske’ of beter nog, hierdie ‚beginsel van die ornament’ wat die grondslag van enige styl is. Vittoria en Orlando di Lasso het hierdie interessante arabeske gebruik; hulle het die oorspronklike begrip daarvan gevind in die Gregoriaanse Koraalsang, het toe die sagte harmonieë met kragtige, opbouwende stutte versterk. Bach het toe weer die arabeske gebruik en het dit meer vloeiend en buigbaar gemaak. So beweeg die skoonheid tussen 'n vertoning van gedurige hernude fantasie. Dit bly 'n onderwerp vir bewondering selfs in ons moderne tyd.” En Debussy eindig: „Bach alleen het baie naby die Groot Waarheid gekom.”

In sy kolom het Debussy dikwels die feit betreur dat die Opera van Parys nie meer ou Franse werke opvoer soos dié van Rameau nie. Hy het geskryf: „In Rameau het ons die opregte Franse tradisie. Rameau is byna 'n jong kêrel . . . want het hy nie gewag vir 'n eeu om erkenning nie? Hy skep weer die smaak en atmosfeer van Watteau.” Claude was baie in sy skik toe, kort na die uitgawe deur Durand van die volledige werke van Rameau in 1908, *Hippolyte et Arycie* opgevoer is in die Opera.

Francois Couperin het ook hoë lof uit Debussy se pen gelok. Van hierdie digter van klavier-simbaalspelers het hy gesê: „Die lieflike droefgeestigheid van sy musiek is soos 'n weerkaatsing van die wonderlike natuurtonele waarin die figure wat deur Watteau se kwas geskilder is grasiuus beweeg. Couperin se musiek bevat 'n bekoorlikheid wat die Franse musiek vergeet het. Dit het ‚esprit’ . . . Waarom is dit dat ons waarskynlik nie langer durf ‚esprit’ hê nie? Die ware gehalte van Franse musiek is helderheid, sierlikheid, eenvoudige en natuurlike deklamasie. Bo alles

wil Franse musiek plesier gee. Franse musiek? Dit beteken soveel en dit *moet* deurdring tot sensitiwiteit en fantasie.”

So antwoord Debussy die vraag wat so dikwels gevra word: Waar word die Franse individualiteit in musiek gevind?

Debussy, die oorspronklikste van alle Franse komponiste, het pront-uit getuig dat hy baie verskuldig is aan Massenet. Baie musiekkenners mag verbaas wees hieroor, want so dikwels word Massenet foutief beskou as 'n eenvoudige, oppervlakkige komponis. „Massenet het die ware probleem van musiek gevind,” het hy geskryf. „Musiek moet vry wees van enige wetenskaplike drang; dit moet streef om eenvoudig plesier te verskaf. 'n Groot volheid van doel kan deur sulke skeidslyne bereik word. Is daar nie 'n tirannie en geheime vernuf deurgaans te bespeur in Massenet se onvermoeide poging om in sy musiek die geskiedenis van die vroulike siel uit te beeld nie?” So 'n uitspraak is egter heeltemal aanneemlik aangesien dit van iemand kom wat alreeds in sy jare aan die Konservatorium van Musiek homself oorgegee het aan die „genotvolle vreugde van die oor.”

Een van Debussy se interessantste verklarings is in verband met die Fuga as 'n vorm in die musiek: „Bach se fugas is wonderbaarlik omdat hulle op 'n perfekte wyse die musiek-atmosfeer van sy tyd weergee. Dit is daarom dat hy in hulle so 'n hoë graad van uitdrukking en selfs emosie bereik het. Dit is nie langer moontlik nie, omdat musiektaal soveel verander het en dit is waarom moderne fugas so oninteressant en droog is. Ek beskou dié van vandag as 'n soort gimnastiek van die pen en niks meer nie.”

Debussy het baie minder oor Brahms geskryf, want in daardie tyd is die Duitse meester se werke byna nooit in Parys gehoor nie; boonop was die neigings van die twee musikante so uiteenlopend dat dit nie anders kon as dat hulle gevaarlik sou bots nie. Een maal nadat hy die vioolkonsert, deur 'n Duitse virtuoos gespeel, gehoor het, het hy 'n paar reëls geskryf en die werk bestempel as „'n ruwe, rotsagtige en vervelende werk.”

In sy studentedae het Debussy hom hard uitgespreek oor die werk van Beethoven, met uitsondering van 'n paar dele soos die stadige beweging van die 2de Simfonie en die Adagio uit die Keiserkonsert; en selfs na jare was dit nie buitengewoon om te hoor dat hy aangehaal word as 'n gedugte teenstander van die meester van Bonn nie. Debussy het op verontwaardigde wyse ontken dat hy Beethoven

minag, dat hy hom beledig het en hom die „dowe ou man” genoem het. Hy het gesê: „Ek dink dat Beethoven te veel geskryf het en dat sommige van sy Sonates en Variasies taamlik vervelend is. Maar neem dan weer die 9de Simfonie; die kern daarvan besit ’n wonderbaarlike skoonheid, die ontwikkeling daarvan is magnifiek, elke ontwikkeling bring groter vreugde. In hierdie kolossale werk is daar nie één frase wat oortollig is nie.”

Baie keer het Debussy homself op digterlike wyse uitgedruk oor die natuur, waarin hy so baie inspirasie gevind het. „Die bome is sulke goeie vriende . . . en die see is soos ’n kind, dit het lang, pragtige hare en ’n siel; dit kom en gaan op ’n onophoudelike, onveranderlike wyse; vandag blink dit in die sonlig, dit glimlag; môre sal dit wild, gemeen en dreigend wees, dan weer grys, treurig en moeg . . .”

Oor die algemeen was Debussy ’n regverdige en ’n onbevooroordeelde kritikus. Soos verwag kan word, het hy somtyds die werke van ander beoordeel meer met sy gevoel as met sy verstand. Ons moet egter sy eienaardige aanleg onthou en die neiging tot weerspreking wat hom dikwels genoodsaak het om hom aan die kant van die opposisie te skaar.

Die opmerklike individualiteit en versigtige humorsin van sy geskryfte sal altyd belangstelling wek en sal nog deur baie belangstellendes in die toekoms geraadpleeg word.

Die Duister Daar Oorkant

G. A. BORGESÉ

(Uit die Italiaans vertaal deur T. I. Steenkamp)

(Nota oor die skrywer: G. A. Borgese is een van die belangrikste figure in die moderne Italiaanse letterkunde en is veral as kritikus bekend. Hy was professor in Duitse letterkunde aan die Universiteit van Milaan en later professor in Italiaanse letterkunde aan die Universiteit van Chicago.)

Wanneer die lang treine met hulle half-leë waens by Bézey-sur-Aume stilhou, lyk dit asof hulle geen begeerte meer het om verder te gaan nie. Af en toe klim daar 'n boervrou met 'n smal, verweerde gesig uit; of 'n man van die klein plattelandse dorpie, sy oë die kleur van oniks, sy mond belyn met die kringvormige snit van sy baard, klim in. Maar gewoonlik bly die wadeure toe, en die naam van die dorpie, uitgeroep deur die spoorwegbeampte, weerklink van die een end van die perron na die ander. Die kerktoering, die enigste deel van Bézey wat van die stasie af sigbaar is, lyk net soos al die ander wat die passasiers in die dorpies langs die spoor sien — 'n spil waarop 'n wêreldjie draai, immers dieselfde, immer stil en plegtig.

Die landgoed wat Mario Alessandri die afgelope sewe jaar huur en wat hy met verdrag aankoop, lê onderkant die dorpie, in 'n bog in die rivier. Vroeër is hy Alessándri genoem, maar hier sê almal Alessandri, en hy self, wanneer hy aan sy naam dink, spreek dit so uit. Hy het net genoeg spaargeld gehad om Parys te verlaat en hom hier te kom vestig. Daar is die kasteel met sy torings en met 'n uitsig op die rivier aan drie kante, asof dit deur 'n grag omring word; daar is die plaasarbeiders se hutte en die koeistalle en hooimiedens en perdestalle, met die kar en perde, en die konyn- en hoenderhokke. Grond is hier nie so duur as in Italië nie, waar daar so min vir haar seuns is dat hulle kwalik beweegruimte het; en hierdie lang, lae heuwels lyk soos beweginglose golwe; hierdie onbewoonde uitgestrektheid, waar die dorpies heel onder in die vallei nestel, is so wyd soos die see.

Vir 'n groot deel van die jaar is die horison blouurig, soos as. Op mooi somerdae smelt die goue stofspikkeltjies in 'n wye hemel weg, en die gebeier van klokke van Bézey word byna gesmoor in die stilte. Vandag is 'n feesdag in Julie, en Alessandri loop na die rivier om te gaan visvang, sleep-sleep met die been wat in die Argonne verwond is.

Sy puntige pet dra hy skeef oor die een oog, hy het 'n toingrige baard en hy dra 'n eshoutstok; die geur van sy tabak is sterk. Soos die lawaai van die *boulevards* nou ver weg is, so is ook die herinnering aan sy vroeë jare verlore in 'n verlede wat inderdaad nie so ver weg is nie — die eer van politieke ballingskap, die wierook van goeie wyn, stommelige welsprekenheid in revolusionêre byeenkomste en wufte galanterie, harde werk en ereskuld; en, as 'n epiloog tot al hierdie en meer dinge, die weke van garibaldiaanse veldtogte in die Argonne, met daardie wond soos 'n pragtige rooi seël op 'n swak-geskrewe en verwarde brief. Nou verstaan hy nie veel van die na-oorlogse tydperk of van die mense daarvan nie, en hulle verstaan hom ook nie. Maar basta nou. Dis vakansie vandag, die Dag van die Republiek, en Alessandri gaan seelvis en varswatersnoek in die rivier vang.

Maar hy is nie die enigste wat vandag vakansie het nie; die seuns van Bézey, nie baie nie, maar genoeg, geniet dit ook. Hulle ken 'n kortpaadjie rivierwal toe, en wanneer hulle die geleentheid kry, sak hulle af soontoe om klippe in die water te gooi en met hulle bootjies te speel, of selfs om, as hulle seker is dat die baas van die plek nie aan die kom is nie, oor te swem, met inagneming van al die reëls en regulasies wat hulle uit die sportblaaië leer lren. As hy verskyn, maak hulle hulle uit die voete, en hulle kan vinniger hardloop as die ou soldaat. Vandag hoor Alessandri, in sy manke gang na die rivierwal, 'n geritsel wat sekerlik nie deur die blare veroorsaak word nie. Hy kyk om hom rond of hy die vervlakste snotteraartjies kan sien, en om vas te stel of hulle enige skade aan sy eiendom aangerig het. Hulle is nêrens te sien nie, maar die skade is gedoen. Hier is een van die jong populierboompies wat hy verlede jaar geplant het, gebreek, ontwortel, neergegooi, met die blare, nog wit meer as groen, in die gruis vertrap soos die hare van 'n jong dier.

Sommer van die eerste dag af was hy lief vir hierdie versteekte endjie rivierwal. Daar was wilgers hier wat hy mooi laat groei het deur hulle takke te snoei; hy het nuwes geplant; en hy het twee rye populierbome bygevoeg, asof hy die walle van die Po in herinnering wou roep. Nou is hy so briesend dat hy van geen smart meer bewus is nie. „Klein derduiwels!” grommel hy; hy hou sy hygende asem 'n oomblik op, skud sy gebalde vuiste en byt sy lippe, asof hy hom nie daarvan kan weerhou om iets te slaan of te byt nie; hy stoot sy mank been vooruit en huppel aan, versigtig om nie op die gruis te raas nie; en hy sien hulle,

ja: die „klein derduiwels” is daar by die draai, besig om oor die draad te klim, om so onopsigtelik as moontlik weg te kom. Hy laat los sy stok, tel ’n klippie op en gooi dit na hulle, maar hy tref niemand nie.

„Satantjies!” brul hy dit uit, en die are in sy nek en voorkop bult uit. „Hoekom het julle die boom gebreek?”

En — *sapristi! sarcebleu!* seuns van honde! vandale! naam van ’n naam! helskinders! Oneerbare toevoegsels en woorde wat met *f* begin snou hy hulle in ’n stortvloed toe uit sy Frans-Italiaanse skelwoordeskat, in gelyke hoeveelheid uit die twee susterstale.

„Ons het dit nie gedoen nie,” sê een wat nog sukkel om oor die draad te kom.

„Ons wou die boom klim maar ons was te swaar vir hom,” bieg ’n ander wat reeds bo-op die draad sit en dus veiliger voel.

„Plant jou bome dieper, signor Alessandri,” gee ’n ongesiene raad van die ander kant af, en Alessandri kan eintlik voel hoe hy met die hand voor die neus koggel.

„My vader sal u betaal,” gaan die eerste een voort, omdat hy nog duidelik sigbaar is en vrees vir ’n klip.

Hy gaan staan tien treë van hulle af, en herwin die gevoelvolle welsprekenheid van sy dae as openbare spreker.

„Wat het die bome aan julle gedoen? Hulle doen aan almal goed. Het ek julle nie vertel nie? Klim oor die tuinmuur om pere te steel wanneer hulle ryp is; steel druiwe en rooi aalbessies — dit kan ’n mens nog verstaan. Maar laat tog die bome lewe, hulle skaad niemand nie . . .”

Woorde in die wind. Die onverwagte gelui van die klokke van Bézey verdiep die stilte. Die kwajongens het verdwyn, en die enigste teken wat hulle agtergelaat het, is ’n pet wat by die draad lê. Alessandri sukkel hom daarheen en tel die pet op. Dink hy straks daaraan om met behulp van die pet een van die misdadigers op te spoor? Of om dit as vorm van skadevergoeding te hou? Of om dit met kwaai woorde aan die ouers terug te stuur? Maar hy weet self ook nie meer wat hy wil nie. En stadig loop hy terug; hy loop by die gevalle boom verby en draai sy oë weg; hy gaan sit onder ’n ander populier, lewenskragtig en onaangeraak; afgetrokke hou hy die pet op sy knie; hy gooi sy lyn in.

Sy gesig is stroef, en sy been pyn. Altyd wanneer ’n storm broei of wanneer hy sy woede probeer stil, is dit asof die ou wond opnuut bloei.

En nou, ofskoon hy die stok in sy hand het en die leikleurige rivier stil aan sy voete verbyvloei, is sy hart

nie meer daar nie. Dit is ver weg, in die bosse van die Argonne.

Daar het hy vir die eerste keer sedert sy prille jeug soveel bome bymekaar gesien; of liever, hy het daar, met die dood om hom heen, 'n begrip gekry van daardie sterk, lewende dinge met hulle hoofde na die hemel gerig. Daarna het hy, wat sy lewe op teerste deurgebring het en so baie nagte tussen die beskilderde mure van *cabarets*, 'n liefde in hom omgedra vir die bas en blare van bome, veral van bome soos die den en die populier wat slank en reguit uit die aarde na die blou styg.

Nou is hy weer eens daar, in die kronkelende klowe en die helder plato's van die Argonne; en sy dromerige oë, soos so dikwels in die afgelope jare, is vol met die beeld van Heinz Müller, van „die Duitser daar oorkant”.

'n Oggend in die na-winter, amper lente, koud en helder. Korporaal Alessandri was die vorige nag in 'n werkpeleton uit. Die geplof van die granaatkartetse in die lug tussen die bevrore denne het hom laat voel asof hy in 'n fabel beweeg; dit het hom vermaak. Hy het na die somberheid van sy loopgraaf terugkeer, vol jovialiteit, reg vir 'n grappie; hy het dit dadelik nodig gevind om heel na die einde van die loopgraaf te beweeg en na die uitgang toe op te kruip om te sien wat „daar oorkant” aangaan. Vir ses dae is daar geen skoot op daardie punt afgevuur nie.

Vreemde toneel! Op die witterige wal van die vyandelike loopgraaf, langs die doringdraad, het 'n soldaat kaalkop gesit en luier in die oggendson wat nou begin het om 'n bietjie warm te maak. Daar het hy gesit — met sy staalhelm op sy knie, soos Alessandri nou met die seun se pet op sy knie sit — sonder 'n sorg in die wye wêreld.

Vinnig maar geruisloos is Alessandri weer by die trappie af, en, met sy vinger op sy lippe, sê hy aan twee van sy makkers wat onder was:

„Hoor, nou gaan ek die Duitser daar oorkant 'n verrassing gee.” Hy het sy geweer, wat teen die trap gestaan het, geneem en na bo geklim, en, met sy hart in sy keel, korrel gevat.

Toe sien hy hom mooi. Hy was baie jonk en blond. Sy hande was waarskynlik rooi en lomp, soos dié van so baie *Boches*, maar sy gesig was perfek, en het gelyk of dit saamsmelt met die lig van die vroeë son. Die koeël het hom in die gesig getref. Hy het omgerol, met 'n helder klinkende uitroep.

Dit was natuurlik totaal onmoontlik — en tog kon Alessandri sweer dat die uitroep „Hop-là” was, die uitroep wat Italiaanse seuntjies gee as hulle prettig op die gras rol of ’n sprong gee.

Daarna is Alessandri gewond en hospitaal toe gestuur; en die beeld van die Duitser daar oorkant het hom gedurig bygebly. En van daardie tyd af het hy hom Heinz Müller genoem: Heinz, omdat dit so ’n algemene Duitse naam is; Müller omdat dit die naam is van alle Duitsers wat nie Meyer is nie. Tog maar net nog ’n Duitser, soos so baie ander — en een minder.

Dis begryplik dat hy nie oorlog toe gegaan het omdat hy die vyand liefgehad het nie. *C'est la guerre*, en mens gaan daarheen om dood te maak en te vermy dat jy doodgemaak word. Maar as hy teruggedink het aan daardie oggend, het hy eerder soos ’n jagter as soos ’n soldaat gevoel; daardie oggend vir die eerste en laaste maal in sy lewe, het hy doodgemaak ter wille van die doodmaak, en seergemaak ter wille van die seermaak. En geeneen van die manne of vroue wat hy sy vriende genoem het, het in sy lewe so ’n groot rol gespeel as dié wat die buitelandse seun wat hy vir die pret doodgeskiet het, jare reeds speel nie.

Wanneer daardie figuur hom nader, ril sy siel. Nie in wroeging of berou nie. Dit ril soos die populier as die lug verdonker, wanneer elke blaartjie sidder en ’n teer, bewende geluidjie maak aan die punt van sy tingerige stengeltjie, en die boom die fluisteringe en die fyn kastanjette van sy ontelbare blaartjies versamel om op sy eie wyse te ween en te sing.

Nee-wat; die visse van die Aume behandel hom ook maar soos die seuntjies van flussies. Hulle kyk na hom en glip weg. Dit sal nie help om aan te hou nie.

Alessandri haal sy lyn in, en druk met sy hand op die grond om op die been te kom. Nou onthou hy die gebreekte populier, en hy slaan sy oë op om te kyk na die populier langs hom, na die blare bokant sy kop.

„Jy is gesond,” sê hy in sy gedagtes. „En sterk. Jou stam is reeds donker. Jy sal nie voor jou tyd doodgaan nie.”

So sê hy, en hy glimlag; nie soos hy so dikwels vir vroue geglimlag het nie, maar soos hy teenoor ’n eie jong seuntjie sou glimlag.

Hy het nóg kinders nóg vrou. Sy vaderland is ver hiervandaan. Sy vriende is verspreid en hy het geen begeerte om hulle te onthou nie. Sy vriendinne het verdwyn in die

rooi-geel gloed van Paryse aande. Af en toe verwyf hy 'n uurtjie met 'n boerin.

Die pet waarop hy beslag gelê het, plaas hy in sy sak; die visstok laat hy daar lê. Hy stap by die gevalle populierboom verby, en waag om daarna te kyk. Die blonde hoof lê op die gruis en sal verwelk.

Hy stap aan, leunende op die eshoutstok in sy regterhand. Sy been pyn nog. Daar is 'n naam op sy lippe. Hy word gewaar van sy metgesel wat hom aan die linkerarm steun sodat hy nie moet struikel nie, die stille aanwesigheid van sy jong vriend, Heinz Müller.

Prosa En Die Kuns

ANDRÉ P. BRINK

I

Dit is nie ongewoon om by 'n beskouing oor kuns teen te kom dat die prosa afgeskeep word nie. Naas die talle *Apologies for Poetry* in die Engelse kritiek het ek byvoorbeeld tot hede nog geen *Apology for Prose* aangetref nie. Dit is ook waar dat as die prosa gemeet sou word aan die norme wat vir kuns neergelê word in sulke beskouinge oor die digkuns, 'n mens maklik oortuig mag raak dat die prosa eintlik „kuns op 'n laer vlak” is. Dit op sigself moet al aanduiding wees van 'n verkeerde instelling t.o.v. kuns in sy omvattendste sin, want dit is immers byna 'n *contradictio in terminis* om te wil praat van „hoër” en „laer” kuns.

Die groot probleem is natuurlik dat die norme van beoordeling gelê word in 'n medium (die taal) wat juis ook die medium van twee—en veral een—besondere kunsvorme is. Volslae objektiviteit, dit wat in die benadering van kuns so noodsaaklik is, is dus al uitgesluit. Die mees onmiddellike resultaat is dat die kritikus effens skepties staan teenoor die suiwer kunsmoontlikhede van die taalmedium wat ook kritiekmedium is. Sou dit hieraan toe te skryf wees dat die prosa, wat juis vandag so 'n ontsaglike publiek verwerf het, nog taamlik afgeskeep is waar dit op teoretiseer aankom?

II

Om die kuns aansprake van prosa duidelik uiteen te sit, is dit nodig om 'n besondere instelling t.o.v. die kuns in die algemeen te bepaal. Dit is interessant om in hierdie verband die verskillende bestaande teorieë te vergelyk.

Aristoteles was tevrede om kuns te aanvaar as weergawe, imitasie, van die werklikheid. Veel later sou Arnold poësie verdedig as synde 'n „criticism of life.” Maar die kuns is tog veel meer as net weergawe van kommentaar: dit het Aristoteles self reeds besef, vandaar sy verdere beskouing dat 'n mate van transformasie en omvorming nodig was om blote imitasie kuns te maak. Verdere werklik

wesentlike toeligtig van hierdie „transformasie” verskaf hy nie. Mens moet hierdie toevoeging tot die kunsbeskouing eers gaan soek in Wordsworth se inleiding tot die *Lyrical Ballads*. Die werklikheid word dan, volgens hom, deur „a certain colouring of the imagination” tot kuns omskep. Die Romantici het veel oor hierdie „imagination” gaan spekuleer; Coleridge, daarná, gaan hom geheel en al daarop toelê — tot dié mate dat hy eintlik weer verband met die kuns as geheel wil verloor.

Wat die *doel* van kuns betref, was dit van oudsher af gebruik om te eis dat dit sal leer en vreugde sal verskaf: ’n tweeledige eis van didaktiek (waarskynlik in beste sin) en estetiesk (nie altyd in suiwerste sin nie).

T.o.v. *materiaal* wat sig leen tot kuns, bestaan daar veral die skool van die Romantiek (wat die alledaagse en gewone voorstaan) en die Griekse skool, wat later deur Arnold uitgebou is (alleen ’n grootse onderwerp en ’n heroïese aksie, is kunswaardig).

Daar is natuurlik heelwat ten gunste van albei standpunte te sê, maar dit is met ons groter perspektief vandag baie duidelik dat geeneen die volle waarheid bevat nie.

III

Die aangewese weg is dus om ’n nuwe kunsformulering (ek verfoei die woord, maar bedoel dit in rekbaarste sin) daar te stel wat in elk geval nader aan die waarheid moet wees as dié waarna verwys is.

Ek sou dit dan uit die staanspoor só wil stel dat kuns nie net die „weergawe” van die lewe of ’n „kommentaar” daarop is nie, maar wel *die oordrag van die weetlikheid van die kunstenaar na dié van die kunsontvanger*.

Dit is nodig om my term „weetlikheid” te verduidelik.

’n Mens lewe deur meer as vyf sintuie. Deur gehoor, gesig, gevoel, smaak en reuk word die omwêreld, die „buite”-wêreld ervaar. Maar die mens lewe eweseer deur sy waarneming van ’n „binne”-wêreld, deur die *gedagte*. Die gesamentlikheid van lewensindrukke, nie net in passiewe ervaring nie, maar in aktiewe belewenis, vorm dan wat ek die „weetlikheid” noem. Dit is egter meer as net ’n som van lewenservaring en -beskouing: dit kan amper self die geestelike in die mens wees — die *siel*. Dit kan met ander woorde ook outonoom bestaan en lewe selfs sônder die toevoeging van indrukke en ervaringe; dit is

tewens ook die geval, want die weetlikheid kom saam met die mens in die wêreld nog vóór daar sprake van ervaring kan wees.

Dit het noue verband met die persoonlikheid, die ek, en is inderdaad deel daarvan. As sulks behels dit die *instelling* van die individu op die „lewe”. Hieruit sou ek dan ook die ietwat vae term „verbeelding” wil verduidelik as synde die vermoë van die mens, deur sy weetlikheid, om ’n objektiewe gegewe op sy subjektiefste te beleef en dit dan te objektiveer.

Maar die verduideliking moet nog heelwat verder gaan om die skepping van kuns te behels.

Daar is, só gesien, *trappe* in die beleving van ’n objektiewe gegewe. Ek sou die heel eerste, „laagste” trap *komprehensie* noem. Aan die hand van ’n eenvoudige voorbeeld kan ek dit dan só illustreer: „twee plus twee is vier.” Mens hoor dit, tel miskien twee plus twee dinge om dit te verifieer en glo dit, soos jy ’n koerantberiggie oor die uitslag van ’n rugbywedstryd sal begryp. Dit is bloot daar gestel en aanvaar.

Maar die begrepe dinge, eenmaal begryp, dring deur tot wat ek die weetlikheid genoem het. Dit is nie langer iets objektiefs nie, maar ’n vergeestelike objektiwiteit.

Die vergeestelikingsproses kan geïllustreer word deur ’n eenvoudige woord as voorbeeld te neem. Die woord *potlood* bestaan uit ses klankelemente: (p), (o), (t), (l), (o:), (t). Daardie klanke op sigself bevat geen betekenis nie: hulle is bloot. Maar nou word hulle in daardie bepaalde volgorde in verband gebring met die konkrete objek wat ons as potlood ken. Die *begrip* „potlood” word m.a.w. aan onself geïnterpreteer as die klankvorm „potlood”. Daardie proses waarin ons nou in die binneste in verklankbare vorm ’n konsepsie van die objek gevorm het, is dan vergeesteliking. Die vergeestelike konsepsie is nie die objek self nie; dis ook nie ’n „beeld” van die objek nie: dit is wesentlik ’n subjektiewe *interpretasie* en *begrip* van die objek, op só ’n wyse dat hy wel nog nie objektief is nie, maar objektiefbaar.

Op dieselfde wyse word die hele lewenservaring nou in die weetlikheid bewaar. Daar kan geen onderskeid wees in die verweetlike vorm van bv. ’n klip en ’n Calvinistiese lewensbeskouing nie: een is nie konkreet en die ander abstrak nie, want albei is verweetlik en bestaan outonoom.

As die saak tot konsekwensie gevoer word, sal daar ook onderskeid moet kom tussen „lae” in die weetlikheid. Ons ervaar dinge naamlik meerdimensioneel. Ek wil vir die doeleindes van hierdie artikel alleen verskil maak tussen twee lae — noem dit dan, as u wil, die *vlakker* en die *dieper* weetlikheid. Die vlakker laag het dan te make met die alledaagse ervaring en omgang met mense, die dieper laag met die groter „sin” van dinge. Die vlakker laag sal dan ook ’n meer *immanente* ervaringslaag wees, die diepere meer *transendent*. Dieselfde ervaringe kan in albei lae bestaan, met die verskil alleen in dimensionaliteit.

Laat ek dit met ’n ietwat banale voorbeeld illustreer: *Ek eet*, sou in die vlakker laag van die weetlikheid — die laag wat voorsien in die alledaagse behoeftes, dus — alleen dui op die proses van eet, voedsel verorber, in die eerste persoon. In die dieper laag sou die proses dan in sy groter verband gesien word van eet om te groei (’n essensiële lewensaspek) of eet om in ’n bepaalde behoefte te voorsien (aanbod en aanvraag — nóg ’n lewensessensie).

Miskien kan nog ’n illustrasie dit beter belig: in die vlakker laag van die weetlikheid sal mens *blou* ervaar bloot as kleur, soos die lug; in die dieper laag sal dit ’n wyer betekenis dra, soos Jo Boer se: *Blauw is een verlangen, geen kleur*.

Onthou egter altyd dat die weetlikheid behoort tot die „onderbewuste”: dit is nie bewustelik nie. Weliswaar lê die „laer” weetlikheid vanweë sy alledaagse gebruik skynbaar nader aan die bewuste, maar dit is ook net ’n halwe waarheid.

Bewussyn volg eers as stap ná die weetlikheid. Dit plaas die kroon op die hele proses. Ek wil hierdie stadium *begrip* noem. Dit is dan daardie moment wanneer die verweetlikte ervaar só ver verweetlik is, dat dit aan die self geïnterpreteer kan word. Dit behoort nie meer net tot die onbewuste nie, maar is dinamies.*

En interpretasie aan die self, soos aan ander, kan alleen geskied deur *taal*. Dit is immers onmoontlik om te dink anders as deur taal. (Onthou dat taal nie bestaan eers wanneer dit gepraat en verklank word nie: sodra die begrip *verklankbaar* is, is hy taalmatig).

Die oordrag, nou, van hierdie weetlikheid noem ek kuns. Op sigself sou dit dan beteken dat alle taal kuns is en dit is nodig om die stelling te modifiseer deur dit van

* Dis dus oneindig méér as net die „emotion recollected in tranquility” van Wordsworth.

toepassing te maak op wat ek die „dieper” of transendente weetlikheid genoem het. Verder bestaan kuns nie net uit oordra, uitgee nie, maar wel deeglik ook uit ontvangs. Kuns is dus daarop gerig *om by te dra tot die dieper weetlikheid van die kunsontvanger*.

IV

Die wyse waarop hierdie oordraging gedoen word, word bepaal deur die medium, hetsy dan kleur, lyn, klank of woord.

Hoekom word dan van „laer” en „hoër” kuns gepraat?

Dit is maklik verklaarbaar in terme van die voorafgaande verduideliking. Laat ons by musiek begin wat beskou word as die „hoogste” van alle kuns.

Het u al daaraan gedink dat ’n suiwer fisiese verskynsel soos klank die diepste psigiese roeringe kan wek wanneer dit as musiek aangebied word? Die klanke van Beethoven se Neënde of Brahms se Violkonsert bestaan almal afsonderlik: hulle is. Maar deur bepaalde rangskikking en timbre verkry daardie doodgewone klanke ’n „betekenis” wat veel verder uitslinger as die tydelike van ons bestaan. Dit gebeur omdat die rangskikking nie net willekeurig is nie, maar die beliggaming van die komponis se weetlikheid.† Die belangrike verskil tussen musiek en letterkunde is egter dat die weetlikheid van die kunstenaar in die geval van musiek NIE eers omskep word in die bewussynlike begrip nie. *Musiek is ’n direkte uitstorting van die weetlikheid van die kunstenaar in die weetlikheid van die luisteraar*. (Eintlik sou mens hier ’n nog diepere weetlikheid tussen die transendente weetlikheid en begrip moet veronderstel, maar dit is nie sterk ter sake nie).

Musiek kry vir die luisteraar dan eintlik volle betekenis wanneer hy die ontvangte werk in daardie „ander” ontaallike begrip omskep sodat hy die „betekenis” snap maar dit nie in taal hoef te interpreteer nie. Dit sal verklaar waarom bv. ’n jazz-liefhebber, wat dieselfde Bach-concerto as ’n klassieke liefhebber aanhoor, hom nie daaraan steur nie: dit bereik noodwendig wel sy weetlikheid, wat anderkant die begrip lê, maar dring nie deur tot daardie laaste vergeestelikingstap waar dit „begryp” word nie).

Die skilderkuns werk nie op ’n veel verskillende basis nie. Die skilder interpreteer sy weetlikheid direk in kleur, sonder dat hy dit aan homself taalmatig verklaar, en die

† Hier, en voorts, slaan dit op *dieper* weetlikheid alleen.

produk spreek dan direk tot die weetlikheid van die toeskouer. (Dit verklaar wéér waarom alle mense wat dieselfde skilderstuk beskou, dit nie ewe hoog kan „waardeer” nie. Onthou dat hierdie „waardeer” nie te doene het met tegniese aanwending van kleur, lyn, lig-en-skaduwee nie: dié dinge kan wél bewussynlik verklaar word. Ek het dit oor daardie „iets” waarna Thoreau verwys as „as intangible and indescribable as the tints of morning and evening”).

Die belangrike verskil word sigbaar wanneer mens die digkuns beskou. Die digter bedien hom van taal, d.i. die uitdrukkingsmiddel van die begrip. Wanneer ’n digter hom dus tot sy kuns wend, het ’n gegewe ervaring die hele kringloop voltooi: komprehensie — weetlikheid (in albei vlakke) — verstaan-sonder-woorde — begrip. Wat hy dus uit sy weetlikheid aan homself kan interpreteer, dra hy op dieselfde manier oor aan ander.

Maar daar is ’n belangrike verskil, want heelwat van die waarde van ’n gedig lê verbý die begrip in die nog embrioniese weetlikheid of in die periode van verstaan-sonder-taal. T. S. Eliot het self verklaar dat „a poem can be appreciated before it is understood.” Dit is die resultaat van die besondere werkmetode van die digter. Hy werk *nie* maar net met taal nie: hy benut die „diepste” (ek huiwer vir die woord) *kunsbaarheid* van elke woord. Daardie dinge wat intrinsiek in taal teenwoordig is — ritme, klank, kadens — is eweseer sy boustof as die woorde in hulle semantiese waarde. Dit beteken onder geen omstandighede dat die prosaïs hierdie dinge negeer nie, maar die prosaïs stel belang in die woorde soos *hulle* is, gebruik hulle *per se*, terwyl die digter ’n ontsaglikheid van ander elemente in oorweging neem. Ek kan dit nie eens wees met ’n uiterste oordrywing hiervan soos in die kuns van Van Ostayen nie, maar dit verskaf tog ’n interessante illustrasie.

Ek haal sommer willekeurig aan:

„Dag ventje met de fiets op de vaas met de bloem
ploem ploem
 dag stoel naast de tafel
 dag brood op de tafel
 dag visserke-vis met de pet
 en
 dag visserke-vis met de pijp
pet en pijp
van het visserke-vis
goeiendag

DAA-AG VIS

dag lieve vis

dag klein visselijn mijn." (*Marc groet 's morgens de dingen*).

Dit is glad nog nie die ergste nie! Van Ostayen gebruik nie net klank en konstruksie as boustof nie, maar in ewe hoë mate lettertipe, rangskikking, selfs *kleur!*

Laat ons 'n ander, suiwerder voorbeeld neem uit daardie skrome, wonderlike digtersfiguur Leopold:

„Schepen liggen er; waarom zoo . . .
het lieve water leed het zoo.

Vele zeilen zijn uitgehangen
breede, sleepende. Huizengangen
stonden; zacht getreden nu
schromelijk, want het was alles luw
vervuld; in de heldere streken
van de witte hemel geleken

wenschen te wezen, mijn zinnen dreven
er in, in een zachten trek opgeheven.

Droomen bleef over: was het voor dezen
al zoo, was dit het eerste wezen?" (Uit *Verzen*.)

Mens hoef alleen maar een strofe te „ontleed” om oortuig te word van hoeveel die digter hom van ander middele as woorde *per se* bedien:

Dit is 'n komposisie in lang, glydende rusklanke: e's en a's en o's. Daartussen staan die silwre verrassings van ander klanke helder uit: Schepen *liggen* er . . . , of veral die sublieme vonds in die laaste strofe:

Droomen bleef over; was het voor dezen
al zoo, was *dit* het eerste wezen?

Tussen die glydende droomklanke deur spits daardie *dit* puntig boontoe.

Vir Leopold was daar in dig „een welbehagen wat gleeed van woord tot woord,” sodat elke klank terugtas na vorige en roep na volgende. Is dit nie die essensie van die digkuns nie?

Ek raak hierdie dinge net aan om aan te toon dat 'n mens onmoontlik die digkuns saam met die prosa wil skaar as woordkuns. Digkuns is eintlik 'n tussenstadium tussen musiek en skilderkuns enersyds en prosa andersyds; daar is elemente wat uit die begrip eers tot die kompre-

hensie van die hoorder vloei om daarná na die weetlikheid deur te dring, maar daar is ook ander, belangrike, elemente wat — soos klank en lyn en kleur — direk span tussen weetlikheid en weetlikheid.

V

Ek het vroeër al aangedui dat die prosa sig van die woord as taal op sigselwers bedien. Immers, die taal van 'n roman en 'n kortverhaal is die taal van die alledaagse omgang, weliswaar met selektiewe noukeurigheid aangewend deur die groot skrywer, maar nietemin 'n taal van sinne en sinskonstruksie.

Ek laat geensins hier buite rekening die hiper-impresionistiese styl bv. van Ary Prins nie, ewe min heelwat van die sensitivisme van Van Deysse. In hulle konstruksie, al skyn dit dan soms anders as „volsinne”, word die volsin tog geïmpliseer en die aandag lê nog by die semantiese waarde van die woorde eerder as die klank- of vormwaarde.

Wat maak mens dan met die moderne James Joyce? Ek wil huiwer om dit prosa te noem. Indien dit kuns is (ek ag nie my kennis van Joyce genoeg om hieroor te spekuleer nie), sal dit amper 'n nuwe kunsrigting beteken.

Wordsworth het die taal van 'n gedig beskryf as „the ordinary language of men.” Maar ek het reeds aangetoon dat die digkuns alleen toevallig die gebruik van taal as medium in gemeen het met die prosa. Die prosa gebruik *inderdaad* die „ordinary language of men.”

Daar is dus meer stappe in die oordra van 'n prosakunswerk van kunstenaar na kunsontvanger as in die ander kunste (deels met uitsluiting van digkuns). Die weetlikheid word eers volledig omskep in die interpreteerbaarheid van die begrip voordat dit uitgedruk word. Die leser ontvang die indrukke dan ook eers in sy komprehensie voordat dit deur die verweetlikingsproses tot die weetlikheid deurdring en vandaar kom na die verstaan-sonder-taal.

In aanmerking dus genome dat musiek bv. direk kommunikeer, lyk die prosa omslagtig. Maar juis dit is wat ek ten sterkste wil ontken. Die prosakuns impliseer meer stadia in sy oordragingsproses van weetlikheid na weetlikheid, maar dit maak hom nie minder suiwer as kunsvorm nie. Immers, sou daar bestaansreg vir enige besondere kunsvorm gewees het as dieselfde dinge langs 'n beter manier „gesê” kon word? Die blote feit dat die prosa as kunsvorm outonoom bestaan bewys dat dit voorsien in 'n

bepaalde behoefte. Hierdie behoefte is nie noodwendig traagheid in die mens om ander kunsvorme tot die verstaan stadium te omskep nie; daar is, glo ek, veel meer regverdiging vir die bestaan van 'n stuk prosa.

Dáár lê 'n roman. In minder of meer betreklike sin is dit die beliggaming van 'n skrywer se weetlikheid (dus, van sy hele ervaring en bestaan as mens) soos hy dit aan homself — en dus ook ander — kon verduidelik en interpreteer. Dit sê in soveel woorde wat hy ervaar het, wat hy voel, wat hy dink — dinge wat *gesuggereer* word deur ander kunsvorme. Dit beteken nie dat prosa didakties en direk-pratend is nie. Tot hoë mate is prosa, soos alle kuns, ook simbolies en dra dit aan die komprehensie van die leser eintlik d.m.v. „simbool” oor wat werklik geïmpliseer word. Maar simboliek is meer as die stel van een beeld om 'n ander deur assosiasie te verwek. Simboliek is juis die subjektiewe element van die weetlikheid waardeur die werklikheid getransformeer en vergeestelik word. Dit wil amper ooreenkom met wat gewoonlik „verbeelding” heet. Simboliek is die byna mistieke aanvoeling, gebore uit die weetlikheid, van die meerdimensionele verband tussen dinge en ervaringe, van die transendensie van immanente belewenisse.

Juis dít verleen aan prosa 'n ewe „hoë” kunswaarde as ander kunsvorme.

Dit is egter veral in sy eiesoortigheid dat sy besondere verdienste lê. Daar is dinge in musiek en ander kunste wat, omdat dit direk tussen die weetlikhede kommunikeer, nooit interpreteerbaar word nie. Dit bly anderkant die menslike begrip. Jy ervaar 'n vollerword daardeur, maar kan dit nooit verduidelik nie.

Die prosa stel hierdie dinge veel duideliker, omdat dit eers met die komprehensie kommunikeer. As voorbeeld: W. A. de Klerk se *Die Ur van Verlange* is die verhaal van soveel mense, maar bowenal is dit die beliggaming van die besef dat 'n ou orde verbygaan en 'n nuwe kom. Dis 'n kunsvergestalting van die Toynbeaanse konsepsie van die groei en desintegrasie van beskawings. Dit word *simbolies* deur die lewens van daardie karakters tuisgebring en sonder dat dit miskien ooit direk gesê word, word dit tog so aangevoel en ervaar. Nog voordat dit dus tot die weetlikheid getransformeer word, word dit verstáán ook. Dit behoort nou duidelik te wees wat ek met hierdie direkter oordra van 'n begrip bedoel. En voorsien dit nie in 'n behoefte nie? Daar is tog dinge wat verstaan en aangevoel móét word

ten einde vol-menslik te bestaan. Dieselfde begrip kan deur 'n skildery of 'n musiekstuk oorgedra word, maar dan lê daardie bewussyn latent in die weetlikheid sonder dat dit miskien tot die begrip kan deurdring.

Dit behoort ook nou duidelik te wees dat enige prosa nie kuns is nie, maar alleen dáárdie wat die simboliek (soos hierbo verduidelik) uit die weetlikheid oordra. Dis die objektivering van 'n subjektiewe belewenis van 'n objek. Daardie subjektiewe element is verantwoordelik vir die kunswaarde.

Veel in die prosawerk word deur die simboliek dus ook direk na die weetlikheid van die leser oorgedra, maar die simboliek is „duideliker”, makliker vatbaar vir die bewussyn en daarom is die bydrae tot die weetlikheid ook so waardevol.

Boekbespreking

KOBUS, roman deur G. H. Franz. (Nasionale Boekhandel, Bpk., Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, 1956).

Franz is 'n erkende romanskrywer met Bantoefigure as hoofpersone. Mens dink aan sy *Moloi*, *die Wyse* en *Moeder Poulin*. Veral in *Moeder Poulin* het hy met welslae die tegniek toegepas om 'n relaas te gee van 'n blanke groep deur die mond van 'n vertroude huisbediende.

Hierdie tegniek word voortgesit in die nuwe roman *Kobus* — 'n roman in die eerste persoon, waarin vertel word van hoe 'n stambantoe, wat van die Europeane niks af weet nie, in die huishouding opgeneem word van 'n blanke gesin. Dan volg 'n moeilike proses van aanpassing waarin hy gehelp word deur twee ander bediendes van dieselfde gesin.

Die problematiek is nie ingewikkeld nie, en die verhaal is eintlik daarop ingestel om aan die blanke leser onopsigtelik 'n hele paar belangrike lesse te leer. Ek noem die vernaamstes: die waarde van 'n vertroude verhouding tussen die blanke werkgewer en sy bantoebediendes; die nut daarvan om ongeskoolde bantoebediendes geleidelik en met begrip te laat inlei in hulle diens en om hulle met insae op te lei in die instellings van die blanke gemeenskap; die kwaad wat gestig word deur Bantoes wat uit die stamverband losgeraak het en dan rigtingloos in die stede rondspook as 'n gevaar nie net vir hulle eie soort nie maar ook vir die ganse samelewing in ons

land; die pligsversuim van die Afrikaner teenoor die Bantoes deur hulle nie voldoende rekening te gee van die waarde van 'n simpatieke opleiding van die Bantoes en die ontstaan en voortwoekering van vreemde ideologieë veral onder die ontstamde stadsbantoe; die waardigheid van die óu Afrikaanse verhouding tot die Bantoe waarvan begrip, agting en 'n gestrengte regverdigheid die sluitstene was.

Franz gaan voort om met 'n gestileerde Afrikaans die taalgewoontes van die Bantoes na te volg waardeur 'n rykheid van beeld verwerf word wat bekoorlik is. Dit bly egter hinderlik om telkens tussen hakies etimologiese aantekeninge te vind. Stilisties is dit veel beter om alle nodige aantekeninge vooraf of agterna te verstrek.

Dis 'n werk wat opnuut getuig van die erns van Franz se oortuigings en die rypheid van sy oordeel, wat gegiet is in 'n vorm wat deur elke liefhebber van ons letterkunde met smaak en voordeel gelees kan word.

ABEL COETZEE

GEDACHTEN VAN ANDRÉ DEMEDTS.

Ter herdenking aan sy vyftigste verjaardag het die Belgiese skrywer, Hubert van Herreweghen, 'n bloemlesing saamgestel uit die werk van sy vriend André Demedts. Daarvoor het al die skrywer se romans en romanses in aanmerking gekom. Telkens is die situasie waarin die gedagte uitgespreek is en die fiktiewe karakter wat dit uitgespreek het,

verswyg, en die bloemleser het slegs dié gedagtes uitgekies wat die gemoedsbeeld van die skrywer kan illustreer. Die gebloemleeste gedagtes is vervolgens ingedeel onder dertien rubrieke, en die geheel is voorsien van 'n karakteristiek deur Albert Westerlinck, en van 'n naskrif deur die bloemleser.

Deur hierdie werkwyse word die indruk gewek asof ons te doen het met 'n bundel aforismes, en deur die rubrisering kry ons pas 'n beeld van die gedagterykheid van die jubilaris. As mens hierdie „gedagtes” met aandag bestudeer en in jou opneem, begin jy verstaan waarom André Demedts se werke met soveel liefde ontvang is en gelees word deur sy landgenote en liefhebbers van sy kuns elders.

Gedachten van André Demedts is 'n hoogs aangename en insiggewende wyse om 'n vriend se vyftigjarige bestaan feestelik te gedenk.

ABEL COETZEE

DIE ONTERFDES, deur Holmer Johanssen; derde druk. (A. A. Balkema, Amsterdam / Kaapstad. 1956).

Die eerste druk van hierdie roman het reeds in 1944 verskyn en dit is nog steeds onoortroffe in die uitbeelding van die stadsarmes. Die eerste gedeelte van die boek is die beste en gee 'n aangrypende siening van die benouende en onontkombare lewe van vrees vir die honger en siekte en vernedering. Hierdie siening word wel nooit tragies nie en dit om dieselfde redes wat tragiek verhinder in die karakters van Van Bruggen en Mikro: die mense is berustend — afgesien van 'n paar tydelike opvlagings van opstandigheid — en word gesien as klein

en selfs kinderlik. Tiperend hiervoor is brokkies humor soos in die volgende beskrywing van Sjakkie se bruilofsag: „'n Lome behaaglikheid sak in sy liggaam. Versigtig vly hy sy een arm oor haar. Onder sy hand klop haar hart. Die Liewe Heer behoort nou te weet dat Sjakkie Portjee gelukkig is. Later sal hy die Vader officieel bedank. Want Hy kan mos self sien dat Sjakkie nie nou sy hande kan vou nie . . .”

Die bou van die roman is ook nie bevredigend nie: dit weifel tussen 'n uitbeelding van die agterbuurt-panorama, van 'n hele gemeenskap, en 'n familiedrama. Maar die onbevredigendste is wel die soetsappige aanvaarding van 'n skyn-oplossing aan die slot, die tydelike geringe verbetering in die lewensomstandighede en vae beloftes van 'n „vaderlike” goewerment wat hierdie soort probleme kan oplos deur behuissingskemas ens. Enige sprake van tragiek word daardeur natuurlik onmiddellik gesmoor.

Dis bepaald steurend dat op haas elke bladsy 'n hele paar drukfoute voorkom.

E. LINDENBERG

DIE VROU OP DIE SKUIT EN ANDER VERHALE, deur Elise Muller. A. A. Balkema, Kaapstad, 1956.

Die skryfster van hierdie verhale het alreeds bekendheid verwerf met haar roman *Ek, 'n Samaritaanse Vrou* waarmee sy in 1941 'n landsweye romanwedstryd gewen het. Vanjaar het daar nog 'n roman *Van Eensame Mense*, van haar hand by die uitgewer Balkema verskyn. Daarbenewens het sy gereeld hydraes aan Afrikaanse tydskrifte gelewer, veral aan *Die Huisgenoot* en *Sarie Marais* en die bundel onder be-

spreking bevat dan ook 'n keur uit die verhale wat in bogenoemde tydskrifte verskyn het.

Oor die algemeen word die tegniek van die kortverhaal goed deur die skryfster beheers. Hier en daar mis ons die nodige kernagtigheid en strakheid hoofsaaklik omdat sy te maklik en vlot skryf en dan verlei word om in onnodige bykomstighede te verval. Byna al die verhale bevat die sg. verrassingslot maar die skryfster slaag nie altyd daarin om 'n knaleffek te bereik nie.

Die Karoo-agtergrond vorm in hoofsaak die milieu van die vertellings en die inhoud laat mens dink aan soortgelyke uitbeeldings van menslike verhoudings by Nederlandse skryfsters soos Ina Boudier Bakker en Top Naeff. Dit dra die stempel van eg menslikheid sonder dat daar tot die kern van die algemeen-menslike deurgedring word. In *Nag By Die Drif* vertel die skryfster van 'n dame wat skielik bewus word van haar eie gebrek aan menslikheid in die teenwoordigheid van twee eenvoudige, gasvrye boeremense. *Brief van Willem* suggereer die onnodige leed en wanverhoudings wat deur 'n eg-skeiding geskep word; *Die Onverklaarbare* gee uitdrukking aan verbystering in die kindersiel wanneer 'n dogtertjie verneem dat haar ouma onverwags oorlede is; persoonlike trots seëvier oor die drang na weelde in *Die Boom* en in *Die Vrou op die Skuit* word vertel van Bessie die eenvoudige en geharde nooi uit die Noordweste wat by die see haar bestemming vind en deur natuurlike aanpassing ook daar die onvermydelike trotseer . . .

Die verhale word deurgaans boeiend vertel en hulle sal seker deur 'n wye leserskring geniet

word. Dit is gesonde en opbouende leesstof wat in elke skoolbiblioteek tuis behoort.

S. C. HATTINGH

DIE WEDUWEE, deur Jochem van Bruggen. Afrikaanse Persboekhandel, Johannesburg, '56. Die verskyning van hierdie roman is van buitengewone betekenis omdat Jochem van Bruggen daarmee sy 75ste verjaardag herdenk. Dit vorm die derde deel van 'n trilogie wat begin het met *Stryd* en *Die Damwal*. Die vraag wat onwillekeurig by 'n mens opkom is: hoe vergelyk hierdie jongste werk van Van Bruggen met die romans wat hy in die fleur van sy lewe geskryf het en waarmee hy soveel bekendheid verwerf het?

Ons merk dadelik dat Van Bruggen se styl 'n groot verandering ondergaan het. Dit skyn asof die klimmende lewensjare hom tot dieper erns aangespoor het; daar hang 'n skaduwee van somberheid oor al die gebeure wat hy in hierdie roman vertolk. Die salwende humor, vergewende liefde en direkte voorstelling van karakters deur handeling en dialoog (gedagte-spraak) het grotendeels verdwyn om plek te maak vir 'n psigologies-indringende maar minder oortuigende karakter- en handelingsweergawe. In sy ywer om die innerlike lewens van sy karakters bloot te lê, verval die skrywer soms in 'n soort troebelheid van voorstelling wat byna betekenisloos word.

Maar as geheel is *Die Weduwee* 'n aangrypende verhaal van die lewe en lyding van twee vroue in 'n konsentrasiekamp gedurende die Tweede Vryheidsoorlog. Elsie en haar skoonsuster Lena beland in dieselfde kamp in die omgewing van Johannesburg. Hulle

bitter ervarings onder die hagglikste omstandighede word op oortuigende wyse uitgebeeld en dis slegs iemand wat baie na aan sulke gebeurtenisse gestaan het wat so 'n sterk werklikheidsillusie kan opwek. Ten spyte van genoemde gebreke is dit 'n spannende verhaal wat 'n wye leserskring sal geniet.

S. C. HATTINGH

VERGELEGEN, deur D. J. Opperman. (Nasionale Boekhandel Bpk., Kaapstad, 1956.)

Net soos met *Periandros* van Korinthe het Opperman ons hier weer 'n drama in versvorm gegee. Hierdie keer wend hy hom tot die nasionale geskiedenis en handel as hooffiguur Willem Adriaan van der Stel, die Kaapse goewerneur wat deur sy optrede 'n sterk nasiebewustheid onder die Vryburgers laat ontstaan.

Die drama bestaan uit vyf bedrywe en neem 'n aanvang waar Van der Stel 'n brief van sy troer ontvang waarin aan hom meegedeel word dat 'n gesiene Kaapse Vryburger hom en sy amptenare by die Here in Batavia aangekla het omdat hulle ook boerderye waarneem. Daarna beveg die gebeure stap vir stap voort na die onvermydelike ondergang van die held. Hierdie oomblik breek aan wanneer Van der Stel in die vyfde bedryf die stukke van die skipper ontvang waarin hy en sy amptenare deur die Here Sewentien teruggedroep word.

Die skrywer het hom deurgaans getrou by die historiese feite bepaal, sodat ons hier nie 'n tragedie in die gewone sin van die woord het nie. Van der Stel openbaar min eienskappe wat die lesers medelye wek. Van die begin tot die einde bly hy inhalig, vals en wreed sodat daar van 'n ka-

tarsis geen sprake is nie. Maar aan die anderkant word hy voorgestel as 'n visionêr wat nie goed inpas in die landsomstandighede nie. Waar die Vryburgers bewus word van die nasionale, die eie, daar kyk hy ver die toekoms in en skroom nie om met alle middele tot sy beskikking vir 'n verheewe doel te veg nie:

Ja, ek moet my nie aan nietigheid hede steur,
want hierdie wye land van berge en brak stroom
wek in 'n mens 'n groter drif en droom.

- - - - -
Ek sal van Vergelegen dié modelplaas maak
dat elkeen in ons land sy voorbeeld en sy taak
sal ken, sal weet hoe hy met vee en druiw moet boer
dat skepe later ons produkte oor die wêreld voer.

Ja, die land self wek in mens 'n grootse visioen,
'n Vergelegen, van wat jy alles nog kan doen.

Myns insiens slaag die digter egter nie daarin om hierdie simboliese siening so oortuigend te maak dat dit die negatiewe eienskappe van die held oorskadu nie. Daarvoor bly hy te veel van 'n swakkeling wat regstreeks onder die invloed staan van skurke soos Elsevier en Starrenburg.

Wat die vorm betref, bly daar ook nog die vraag of Opperman nie tot groter dramatiese hoogtes sou uitgestyg het as hy gewone prosa in stede van die berymde vers aangewend het nie. Nogtans is die ritme hier vloeiender en natuurliker as wat die geval met *Periandros* was. Rymdwang kom veel minder voor en die voorstelling van karakters is oortuigender.

S. C. HATTINGH

Korrespondensie

Waarde Heer, — Die artikel van mnr. W. A. de Klerk in u uitgawe Jaargang 6 No. 3 onder die opskrif: *Benodig 'n Vernuwung* is tipies van die onrus waarin ernstigdenkendes tans verkeer. Vir meer as een is dit duidelik dat die Afrikanervolk op 'n kruispad te staan gekom het met weë wat in twee hoofrigtings lei: Aan die een kant die uitheemse, die ryk-geskakeerde maar sielloose Amerikaanse kultuur met 'n magdom van middele, waarvan geld die belangrikste is; aan die ander kant die jong Afrikaanse kultuur met 'n ryk voedingsbodem vir sy kunstenaars en geleerdes, maar wat skynbaar, om een of ander rede, nog nie geleer het om op eie bene te staan nie.

Die vernuwung wat mnr. De Klerk bepleit vir 'n ewewigtiger perspektief ten opsigte van ons geestesgoed, is 'n algemene noodkreet vandag. Maar soos byvoorbeeld in die godsdiens, waar dit herlewing genoem word, skyn niemand ten volle bewus te wees van wat só 'n kentering in lewensiening werklik behels nie. My doel met hierdie skrywe is dan ook nie om 'n oplossing te soek nie, maar eerder dieper te delf in die vraagstuk en eie indrukke weer te gee.

Daar word gesê dat 'n volk se grootheid bereken word volgens die aantal groot manne wat hy oplewer. Getoets hieraan is die Afrikanervolk seker nie die geringste nie. Dit is oor en oor bewys. Maar juis in hierdie wete lê ons ondergang. Want 'n groot verlede het slegs waarde wanneer dit dien as fondament van die toekomstige volksgebou, maar dit

word 'n meulsteen aan die nek wanneer dit 'n verskaffer word van handige vakansiedae vir lui-aards.

Dit is oteenseglik waar dat die Afrikaner tans 'n ekonomiese en politieke voorspoed beleef wat enig is in sy geskiedenis. Daarom hoor mens deesdae gereeld van een of ander fees of „galaweek” wat gehou word (waaroor skrywer liefs nie 'n oordeel wil vel nie) waar geld vryelik uitgegee word sonder 'n doel, behalwe natuurlik om die betrokke dorp of stad of gemeenskap se aansien te laat styg. En om dit te doen, word van alle moontlike middele gebruik gemaak. Die gevolg? Minstens 50 persent van die verrigtinge dra 'n uitheemse karakter en só word nog 'n treetjie op die verkeerde weg gegee. Waar is die waardebesef wat ons volk van die waardeloosheid van hierdie dinge moet oortuig? 'n Juiste waardebeplanning in 'n volk se lewensperspektief is 'n eerste vereiste vir 'n idealistiese lewensbeskousing. En idealisme spruit slegs uit patriotisme, uit 'n oorwinlike liefde vir dit wat uit die volk ontstaan het. Daarsonder kan die toekomstige volkseenheid nie gedy nie.

'n Mens huiwer voor die verskynsel dat jong Afrikanerseuns en -dogters totaal onverskillig staan teenoor hulle eie taal, en wie se kennis daarvan weinig meer is as blote lees kennis. Maar hoe kan dit ook anders? Die kind van vandag groei op in huise (as hy hoegenaamd daardie voorreg geniet) waar jazz en comics 'n tweede godsdiens geword het. En òit onder mense wat afstam van

Voortrekkers! Veral in die stad is die verderwing duidelik sigbaar. Ons roem so graag daarop dat die Afrikaner besig is om die stad te verower. Was dit maar so! Die omgekeerde is eerder waar: die stad is vinnig besig om die Afrikaner te verower. En helaas, die kulture wat vandag in ons stede floreer, is, met twee uitsonderinge, alles behalwe boere-kultuur.

Op die jaarlikse Afrikaanse Eisteddfod wat onlangs in Kaapstad gehou is, het dit mens opgeval dat die oorgrote meerderheid van die beoordelaars Engelssprekend was. Die rapporte oor die deelnemers se optrede was dan ook in Engels opgestel. Is dit moontlik dat daar in die moederstad geen Afrikaanssprekendes was wat genader kon word nie? Waar moet die fout gesoek word?

Die toneel in Suid-Afrika het nog nooit tot sy reg gekom nie — al neem mens ook die N.T.O. se beste pogings in ag (waarvoor die skrywer groot agting het). Die getal Afrikaanse opvoerings is skreiend beperk en as die goue dag eendag wel aanbreek waarop 'n nuwe stuk aangekondig word, stuit 'n mens se oë teen sulke hartverskeurende titels soos „Bohaai oor 'n otjie” en „Oupa kry troukoors.” Waar is die smaak en diskresie van die mense wat daarop aanspraak maak? Miskien moet 'n mens maar net lag — nie oor die snaaksigheid in die stuk nie, maar oor die patetiese in die situasie.

Maar hier moet die fout in die eerste instansie by ons dramaturge gesoek word. Die verskynsel dat 'n skrywer slegs 'n drama aandurf wanneer hy „grootgeld” kan verdien, word al hoe algemener. Daar is selfs van hulle

wat die geld nie nodig het nie, maar tog hardnekkig voortgaan om siellose tydskrifstoriëttjies te skryf en net die spaartydjies afknyp vir 'n nuwe „blyspel” (lees: klug).

Ons toneelmense se posisie is seker nie benydenswaardig nie. Hulle moet soek na opvoerbare stukke, soek na 'n geskikte saal en dan les bes soek na 'n gehoor. Dan doen hulle die onvermydelike en die algemeen-menslike. Hulle sluit aan by Engelse geselskappe waar hulle ten minste besig bly en geld verdien. Hulle moet per slot van rekening ook lewe. Drie van ons beste toneelspelers is tans hier in Kaapstad in hierdie 101.

Die toneel en letterkunde is maar twee van die vingerwysers. Onlangs is 'n kongres gehou om die kwessie van hedendaagse „boeremusiek” te bespreek. Die uitslag van hierdie lofwaardige poging is oorbekend. Geen enkele orkesleier het die kongres die moeite werd geag om bekommerd oor te raak nie. Hulle reaksie was een van die absolute stilswye — wat soms ook 'n goeie antwoord is. En intussen maak hulle nuwe liedjies oor piesangs en stompies en paddatjies en sinkopeer lustig op die ou jazz-tradisie, sonder om te bloos.

Die geskiedenis van ons volk is een van stryd en lyding . . . en nooit oorgee nie. En dit het ons groot gemaak, nie ons goudvelde en koringlande nie — hoe lewensbelangrik dit ook al is. Skrywer glo met sy hele siel dat die Afrikanervolk sy ou grootheid slegs kan herwin deur 'n nuwe stryd aan te pak — die stryd teen sy eie geestelike ondergang. Maar die doolhof is donker en die pad is lank.

Hierdie stryd is 'n nasionale en die welslae daarvan sal van ons eenheid afhang. Ons eie geskiedenis leer ons watter verderflike resultate verdeeldheid en traakmy-nie-agtigheid baar. Die groot mag wat die Afrikaner moet oorwin, is nie in die eerste instansie vyandigheid uit vreemde oorde nie, maar passiwiteit in eie geleedere, daardie houding van: „Nou ja, só is dit nou maar eenmaal; Gods wil geskiede!” en dan ewe tevrede Gods water oor Gods akker laat loop.

Die saad wat ons voorgeslagte gesaai het, was goed, ondanks gebreke. En dit is nou aan die opkom. Ons taak is slegs om nat te maak, te werk en te bou —

sodat God die wasdom kan gee.

Laat ons ons dan opmaak en bou aan die gevalle mure.

Die tyd van „lojale” verset is verby!


JAC. J. BRITS

Redakteur, — Sal u asb. weer meehelp om die volgende prominent onder die aandag van u lesers te bring:

Skrywerswedstryd: Historiese Roman:

Die Vroue-landbouvereniging van Kaapland loof 'n eerste prys uit van £100 en 'n tweede prys van £50 vir bekroonde werk soos hierbo genoem. Rig navrae aan: Mev. Maxie White, Maraisstraat 102, Die Strand.

A.P.B.



Versekering vir almal

Daar is 'n Sanlam-polis vir u persoonlike vereistes. Raadpleeg u Sanlam-verteenwoordiger of die naaste takkantoor—hulle is spesiaal opgelei om u te help.

SANLAM

**DIE GROOT AFRIKAANSE
LEWENSVERSEKERINGSMAATSKAPPY**



*Maak U keuse:- VAN RIJN
kurk in wynrooi ongekurk
in olyfgroen en filter in
roomkleurige verpakking.*

Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hulle strewe na die beste leef voort in die vervaardiging van Rembrandt VAN RIJN sigarette.

Dit is gemaak vir diegene wat liever rook vir genot as bloot uit gewoonte . . . en vir wie prys sekondêr is.

Welke ander sigaret u ookal mag rook, weet ons dat u meer genot uit VAN RIJN sal kry. Koop gerus vandag 'n pakkie VAN RIJN.

Rembrandt VAN RIJN

IN DOSIES
Kopiereg

KURK, ONGEKURK EN FILTER DE LUXE — 1/9 VIR 20, 3/11 VIR 50.
VRFA 37v